Die Memoirs Van

Sannie Stassen
(*Nee* Gouws)



Soos Vertel Aan

Sanette Van Vollenstee

Die Memoirs Van

Sannie Stassen (*Nee* Gouws)

Soos vertel aan

Sanette Van Vollenstee

© Kopiéreg 2012 S.C. (Sannie) Stassen
Alle Regte Voorbehou

ISBN 978-0-7961-9440-4
(2de Uitgawe 24 Julie 2024)

S.C. Stassen
Posbus 669
Vanderbijlpark 1900
Republiek Van Suid-Afrika

Inhoudsopgawe

Deel I: Die Gouws Era, 1930-1947 ... 4
Deel II: Die Stassen Era, 1947-Vandag ... 93

Hierdie boekie is opgedra aan my nageslag;
my kinders,
kleinkinders, en
my agter-kleinkinders.

Susanna C. Stassen (gebore Gouws), 2009.

DEEL I (Die Gouws Era, 1930 - 1947)

Op 10 Junie 1930 is ek in Lichtenburg gebore, die dorp wat President Thomas Burger in die jaar 1873 gedoop het as “Die Dorp van Lig”.

My Oupa-hulle en byna al hul kinders het ook daar gewoon. Oupa was „n boukontrakteur en al die seuns het gehelp om van die besigheid „n sukses te maak.

Daar was elf kinders in die gesin, agt seuns en drie dogters. As ouers was hulle baie godsdienstig en het hulle kinders baie streng maar regverdig groot gemaak.

Lichtenburg was in daardie jare nog nie „n baie groot dorp nie en met nagmaal was daar dan gewoonlik tente op die plein opgeslaan en wanneer predikante van ander dorpe gekom het, het hul dan by my Oupa-hulle tuis gegaan.

Toe daar op die 13de Maart 1926 diamante op die Vorendyks se plaas Elandsputte ontdek is, het my oupa besluit om ook te gaan delf. Binne twaalf maande was daar nie minder as 31,000 mense wat vir kleims („claims") gehardloop het nie, en hierdie stormloop het vir tien jaar aangehou.

Party mense was baie gelukkig maar ander, soos my Oupa en Pa, wat ook later „n kleim („claim") geopen het, het maar gesukkel.

My Ouma vertel dat hulle ook maar bang was dat die diamante wat hulle wel gekry het, gesteel sou word en daarom het hul kerse se onderkante warm gemaak en die diamante daarin gedruk en die kerse dan weer in die blakers terug gesit. Dit was dan ook die begin van die depressie jare en werk was baie skaars.

Eendag het twee mans verbonde aan „n groot firma in Johannesburg vir Oupa kom sien omtrent bouwerk wat hulle in Rhodesië vir die myne moes doen.

Figuur 1. Die foto van die Gouws-broers in Rhodesië geneem drie dae voor my geboorte.

Daar moes glo drie-duisend huise vir die mynwerkers gebou word. Dit was „n driejaar-kontrak, en omdat die

boulyn baie skaars was, het my Oupa-hulle maar besluit om die kontrak te aanvaar.

Dit het my Oupa-hulle drie weke geneem om alles in orde te kry. Vier van hulle seuns met hul gesinne het toe saam getrek. Oupa en een seun het met die vragmotor gery om al die gereedskap daar te kry, terwyl die res met die trein gereis het.

My Ouma het my vertel dat dit vir hulle soos die Groot Trek gevoel het omdat hulle nie geweet het wat om daar anderkant te verwag nie, maar vir al die kleintjies was dit natuurlik „n groot avontuur.

Hulle huise was van sink gebou in „n groot kamp wat met hoë doringdrade toegespan was. Die mans en die kinders het dan met „n bus werk- en skool-toe gery. Tant Joelie en Tant Soesie was nog nie getroud nie en vir hulle was dit glo baie vervelig daar. „n Seuntjie van Ouma wat toe daar gebore is, het net vier dae geleef en die dokter se bevinding was dat hy gesterf het aan Swartwaterkoors.

Ouma-hulle was omtrent twee jaar daar toe sy weer „n baba verwag het en weer het Ouma baie siek geword. Die dokter wou toe dadelik vir Ouma Livingstone toe stuur vir „n aborsie. My Ouma was baie kwaad en wou hom nie toelaat om soontoe gestuur te word nie omdat sy nie wou staan en toekyk hoe daar „n moord gepleeg word nie.

Die dokter se woorde was: *“Wel, Mevrou Gouws, as dit nie gedoen word nie, dan vrees ek vir haar lewe. Al wat ek dan sal voorstel is om haar maar terug te neem*

Unie toe. Miskien sal die dokters haar daar beter kan help." Daar is toe dadelik vir hulle plek op die trein bespreek en so is my Ouma, met Oupa, Ouma en die twee ongetroude dogters terug Unie toe. Hulle ou dokter was baie geskok om vir Ouma in so „n toestand te sien, maar na „n paar maande was Ouma weer gesond en op die 10de Junie 1930 is ek toe op „n baie koue nag gebore.

Figuur 2. 'n Gedeelte van die vooraansig van die huis in 38 Matthewstraat, Lichtenburg waar ek gebore is.

‘

My Oupa-hulle het eers maande later terug gekom. Gelukkig het hulle toe weer „n groot kontrak by „n baie bekende boukontrakteur, ene Meneer Sparrow, in Johannesburg gekry. Omdat dit toe weer „n drie jaar kontrak was, het my Oupa-hulle besluit om Johannesburg toe te verhuis. Van sy seuns en hul gesinne is toe ook weer saam. Meneer Sparrow het ook later een van sy plotte op Ferndale aan my Oupa verkoop.

Figuur 3. My Oupa en Ouma Gouws.

Figuur 4. My Ma en haar enigste broer Frikkie Gouws.

Figuur 5. Ek in die Laerskool by Craighall Park (Ongeveer 1940).

Figuur 6. Oom Willie en sy vrou op hul troudag.

My Oupa se een suster ou Tant Miemie en haar man oom Gul Steyn, het daardie jare op Ottosdal gewoon en my Oupa wou toe eers vir hulle ook gaan groet voordat hulle Johannesburg toe sou verhuis.

Die wa was baie beknop en warm en vir Ouma het dit seker te stadig gegaan en ek was glo lastig.

My Ouma vertel my toe dat my Ma my opgetel het en sommer by die wa uitgegooi het. Gelukkig het Oom Gert, Oupa se een broer, net om die hoek van die wa gekom om my toe net betyds te vang.

My Ouma was só geskok en kwaad vir Ouma dat sy sommer net daar en dan vir haar vertel het wat sy van haar dink. *"Fielie jy weet, wat jy vandag gedoen het sal jy eendag rekenskap voor moet gee. Om te dink dat ek al die pad op die trein my kniëe eelte gebid het sodat jou babatjie tog moet leef, en hier kom jy en jy neuk haar sommer by die wa-tent uit. Mag God jou vergewe want ek kan nie."*

"Wel Ma wou haar mos gehad het, so vat haar maar vir Ma!" het my Ma geantwoord.

Later het my Ouma my vertel dat hulle gedink het dat die koors haar brein aangetas het. So is dit dan die tweede keer dat ek amper dood was.

In Johannesburg het almal weer op die plot van my oupa saam gewoon en dit was nog steeds Depressie.

Eendag terwyl Oupa-hulle besig was om bome te snoei kom daar „n man en „n vrou verby geloop, baie moeg en honger.

Die man vra toe vir my Oupa of hy nie maar kan help vir „n bietjie kos nie. My Oupa nooi hulle toe in, en terwyl hulle eet sê die man dat hulle nog blyplek moet gaan soek.

My Oupa met sy goeie ou hart sê toe dat dit te laat word en as hulle nie omgee om op die grond in die stoepkamer te slaap nie, moet hulle maar liewer bly tot die volgende môre sodat daar „n ander plan gemaak kan word.

Daardie aand in die slaapkamer het my Oupa vir my Ouma gevra of sy nie ook dink hulle moet maar vir Jors en Bettie Ludick daar onder in die hoek op die plot twee kamers bou om in te woon nie. Hy en die seuns kan dan sommer vir Jors ook leer messel sodat hy darem „n ambag kan leer.

"Pieter," sê my Ouma toe. *"Ons is al so baie mense hier op die plot. Dink jy dit is regverdig om nog kamers op jou onkoste te bou, die kinders het tog seker ook ouers?"*

"Kyk my vrou, hier is darem genoeg kos op die plot en as hy saam met my en die seuns werk dan kan hy darem ook „n bietjie geld verdien", was sy antwoord.

"Sanna jy ken my mos, ek kan dit nie reg kry om vir hulle die pad te wys nie. Gaan dink nou vanaand daaroor en sê my dan môre wat jy besluit het. As dit

dan nee is, dan sal ek hulle môre help om ander blyplek te kry. Dan kan jy sommer vir my sê of jy daardie hoekie wil gebruik vir iets anders."

My Ouma het toe besluit dat dit „ja" sou wees en binne „n maand het hulle gebly. Jors het teen daardie tyd ook al fluks geleer bou. My Ouma het vertel dat daardie einste Jors later jare „n baie bekende boukontrakteur in Bloemfontein geword het.

Ek was „n baba van tien maande toe ek „n gebreekte doekspeld wat op die grond rondgelê het ingesluk het. My tante het my opgetel en met geweld die speld uit my keel gehaal. My keel het baie gebloei en hulle het my dadelik na die hospitaal geneem. Na twee weke was ek steeds in die hospitaal en my Oupa het toe die dokter self gaan sien. Die dokter het vir my Oupa gesê hy geglo het dat ek nie baie lank sou lewe nie. My Oupa was geskok en het vir die dokter gesê dat hy my in daardie geval maar sou huistoe neem sodat ek in my eie kot kon sterf.

By die huis was almal net so geskok en in trane toe Oupa hulle die slegte nuus vertel. Weer het my Oupa die huismense bymekaar geroep en „n biddiens gehou.

Met ontbyt die volgende oggend word daar toe hard van buite aan die voordeur geklop. My Ouma, wie gaan oopmaak het, was verbaas om „n ou man met „n kierie daar te sien staan.

Die ou man: *"Goeiemôre mevrou, ek verneem dat hier „n baie siek baba in die huis is en sal baie graag*

alleen vir haar wil bid." My Ouma, wat baie hartseer was, neem toe die ou man na die slaapkamer en trek die deur agter haar toe.

Na „n hele rukkie het die ou man uitgekom en vir my Ouma gesê: *"Baie dankie, Mevrou, dat julle my toegelaat het om vir die baba te bid. Julle kan nou maar ingaan want ek dink dat sy nou kos nodig sal hê. Dan groet ek maar weer."*

Almal hardloop toe die kamer binne en daar sit ek toe regop in die kot. My Oupa het dadelik uitgegaan om die ou man binne te nooi vir koffie, maar daar was geen teken van die ou man nie. Hy kon nie glo dat so „n ou man met „n mank been so vinnig kon geloop het nie.

My Oupa het toe begin huil en langs die kot neergesak en vir almal wat in die kamer was gesê: *"Kniel kinders, en laat ons „n gebed doen, want vandag het julle „n wonderwerk aanskou. Jesus het „n Engel gestuur om ons baba gesond te maak."* So het ek toe vir die derde keer wonderbaarlik gesond geword.

Ek was twee jaar oud toe ons gesin in die dieretuin gaan piekniek hou het. Ons het na die leeuhokke geloop en die groter kinders was baie opgewonde.

Niemand het gesien dat ek onder die tralies deur gekruip het nie. My Ouma vertel dat Oupa oor die tralies gespring het, en toe die leeu brul en sy poot begin lig, hy (my Oupa) met my die paadjie afgerol het.

Figuur 7. Op 2-jarige ouderdom in Lichtenburg (1932).

Terwyl ons nog op die plot gebly het, het een van my Ouma se buurvrouens een oggend vir ons „n groot emmer karringmelk gebring. Hulle van was Wolfaart en hulle het die melkery daar gehad. My Ouma, wat toe sopas "n baksel vars brood uit die buite-oond gehaal het, het toe besluit dat ons maar karringmelk en brood vir ontbyt moet eet.

Dit was ek, my Ouma en Oupa, en my Ma wat toe van die karringmelk gedrink het. Gelukkig wou my broer Corrie nie van die melk drink nie.

My Oupa het toe later vir my suster Anna by die skool gaan haal, en my Ouma is toe na ou Mevrou Johns toe, wat daar naby gebly het en Ouma was besig om vir my en Anna ons Kersfees-rokkies te maak. Ek was besig om daar rond te speel toe Ouma vir my sê dat ek gou vir Tant Bettie moes gaan roep.

Teen die tyd toe Tant Bettie die voordeur oopmaak, was ek alreeds baie naar, maar kon toe darem vir haar sê dat Ouma haar roep. Toe ons by die groot huis kom, sien ons Ouma op die grond lê. Tant Bettie het toe gou na Mevrou Wolfaart toe gehardloop om Dokter Josselsohn te gaan bel. Terwyl ons op die ambulans gewag het, het my Ouma by die agterstoep se trappe begin opkruip. Anna het toe ook ingekom en Ouma het haar gevra om vir Oupa te gaan roep.

Anna: *"Ma, dit sal nie help om vir Oupa te gaan roep nie, want hy lê tussen die lang gras en braak".*

Ons is almal dadelik hospitaal toe geneem met voedselvergifting. Die karringmelk was glo op een stadium in „n paraffienblik gegooi. Mevrou Wolfaart was amper van haar kop af en het die hele tyd by die hospitaal gebly. Hulle het ook al die mediese onkoste verbonde aan die voorval betaal. Ek was ook die eerste van almal gesond en het alreeds buite begin speel terwyl my Ouma-hulle nog siek was.

Figuur 8. My Oupa en Ouma Gouws op hul troudag in Parys (Omtrent 1889).

Figuur 9. Die kerkie in Parys waar my Oupa en Ooma Gouws getroud is (Foto geneem in 2009).

Figuur 10. Nog 'n foto van die kerkie in Parys waar my Oupa en Ouma getroud is (Foto geneem in 2009).

Wat ek nog goed van daardie ou huis onthou was die springkaan-plaag wat eendag deur die dorp getrek het. Dit was sulke groot, groen springkane omtrent 3 duim (7,62 cm) lank met „n bietjie rooi onder die bors.

Ek en my Oupa was besig om tamaties te pluk toe dit skielik net begin donker word. My Oupa het my gegryp en vinnig gehardloop om my by die kombuisdeur in te stamp en om toe vir Anna, wat by die hek gestaan en huil het, te gaan haal.

Ek het ook altyd saam met ons ou bediende die wasgoed gaan help was, sommer op die plat klippe by die rivier. Sy het lank vir my Ouma gewerk en ons het haar Bontoe-Sara genoem. Toe sy jonger was het sy haar met kookwater gebrand. My toekomstige man, Piet, het haar ook geken omdat hulle daardie jare ook in Lichtenburg gewoon het.

Ek was ook baie lief om goed in die veld op te tel en dit dan huistoe te dra. Eendag het ek en my Oupa juis weer na ou Meiersohn se winkel toe gestap om vir my Ouma goed vir die kombuis te

gaan koop, toe ek „n mooi klein blikkie optel. By die huis het my Oupa die blikkie skoon geskrop en die duike uitgekap. Ek onthou dit was so „n groen blikkie met pienk blommetjies op.

Daardie aand met aandete het ek die blikkie langs my bord neergesit. Ouma was baie kwaad omdat ek die vuil ding op haar wit gestyfde tafeldoek neergesit het.

"Plooi," het Ouma gesê (dit was my bynaam): *"Haal dadelik daardie vuil blik van die tafel af of ek eet glad nie vanaand nie."*

"Wel Fielie," sê my Oupa toe. *"Dan eet jy maar nie vanaand nie. Sanna, kom skep op."*

"Pa weet Pa bederf haar tot in die hel toe en dit is ook waar sy gaan land!", het my Ma gesê.

"Nee, Fielie my kind, onse Vader sal nooit „n dogtertjie wat hy elke keer aan die lewe bly hou hel toe stuur nie", was my Oupa se antwoord.

Figuur 11. My Pa (heel links), Chris Blignault (middel) en Alec Munro (heel regs).

Ek was vyf jaar oud toe ek weer in die hospitaal beland met sonstraal. Daardie kopsere sal ek nooit vergeet nie. Na amper „n maand was ek darem weer by die huis, „n maer klein dogtertjie want ek kon gladnie eet nie. Weer was ek omtrent opgepiep. Oupa het my elke oggend op die stoep in „n biesiestoel laat sit met een van my Ouma se voortrekker- kappies op. Dit was toe al die vyfde keer wat ek „n ernstige terugslag oorleef het.

Nog „n herinnering van daardie groot ou huis was eendag toe my Ma-hulle winkel- toe wou gaan. Ek wou saam gaan en het toe begin huil, maar my Ma was baie vies omdat sy haastig was. Sy het my gegryp en in die kelder onder die ou huis gesit en die deurtjie toegestamp. Ek het toe al harder begin skreeu. Gelukkig het my Oupa toe vinnig om die hoek gekom en die kelder se deur oopgemaak.

Toe Ouma-hulle by die huis kom, het hy dadelik na my Ma-toe toe geloop en haar `n harde klap gegee saam met die woorde: *“Fielie, ek sê nou vir jou ... waag dit ooit weer!”*

My Ma is toe kamer-toe om haar tasse te gaan pak. Die volgende oggend is sy per trein Kieserville toe na Oupa Scheepers toe. Sy het toe ook „n hofsaak gemaak om vir my en Anna in haar sorg te kry. Anna het toe ook gedurig gevra wanneer my Ma dan terug sou kom.

Een naweek was Oupa ook net nie daar nie en vertel my Ouma ons toe dat hy ons Ma gaan haal het.

Terwyl ek en antie Anna nog op ons „tyre-swings" gesit het, het Oupa-hulle terug ge-arriveer. Anna was toe vinniger as ek en was eerste by die motor. Wat „n verrassing was dit nie toe my Ma by die motor uitklim met „n boetie vir ons nie (Corrie). Hy was „n goue-haar babatjie met „n blou gebreide baba-pakkie aan en ook „n blou „beret" op sy koppie.

Ek was te kort om aan hom te raak aangesien Ouma nog nie gaan sit het nie en, terwyl sy kamer toe gegaan het om die baba droog te maak, is my Ouma agterna om haar laaste sê in te kry. Sy het egter vinnig na die kombuis verkas toe die blik babapoeier haar tref.

Kersfees- tye was vir my baie lekker gewees in daardie huis. Al die kinders het dan vir die maand na ons toe gekom en baie tafels en stoele is sommer met lorries aangery. Die tafels is dan op die stoepe neergesit sodat al die soetkoekies daar uitgerol kon word. Die ou groot spens was dan ook al klaar vol gemmerbier-kanne en die vleis ook al klaar gepekel. Die res van die vleis het dan van Oom Piet se plaas in Kuruman af gekom.

My Pa se broer, Oom Boet-hulle, het ook van Heidelberg af gekom. Die mans het dan sommer buite in die tente geslaap, en die vrouens en die kinders in die huis. Die ou opwen-grammofoon het ook die heeldag gedraai en almal het aanmekaar gedans. Ten minste was daar twee keer op „n dag ook „n kerkdiens gehou.

In daardie ou huis is „n niggie van my se seuntjie dood en my Oupa het ook self die begrafnis gehou. Hy het vir die seuntjie „n klein wit kissie gemaak en Ouma het „n voering van wit satyn en watte in die kissie gesit.

My broer Gullie (jonger as Corrie) is ook in daardie huis gebore. Ek onthou nog hoe my Oupa ons tydens die geboorte so „n entjie van die huis af onder „n boom laat speel het, en net so af en toe vir ons kos gebring het.

Terwyl ons daar sit wou my suster Anna natuurlik droë vrugte hê en het toe vir my niggie Rhoda opgesteek om die vrugte te gaan haal. Rhoda wou egter nie gaan nie en het vir Anna gesê om vir my te stuur omdat sy geweet het dat my Oupa nie vir my *nee* sou sê nie.

Ek het huistoe gehardloop maar, toe ek in die huis kom, hoor ek die gepraat in die gang. Ek gaan kyk toe, maar het nie ver gekom nie. Tant Chrissie, my Oom Boet se baie vet vrou, het my gegryp, toe gly sy en val bo-op my. My Oupa het my toe weer na die bome toe geneem. „n Hele ruk later het hy ons toe kom vertel dat die „reus Goliat" aangekom het. My boetie Gullie het 13 lb (5,9 kg) geweeg by geboorte.

My Oupa het later besluit om die plot te verkoop en na Graighall- toe in Johannesburg te trek sodat elkeen in hul eie huis kon bly. In Buckinghamlaan het toe nie minder as ses Gouws-huisgesinne gewoon nie.

Aan die bokant het oom Awie-hulle gebly en dan het ek en my Oupa en my Ouma gebly, maar nie langs mekaar nie. Langs ons was „n kerk en dan so drie huise verder af het my Pa en Ma gebly. Aan die onderkant van die straat het Oom Gert, Oom Henna en Oom Hans-hulle gebly.

Dit was daar dat ek vir die eerste keer my Oupa Scheepers ontmoet het. Wat ek spesifiek van hom kan onthou is dat hy altyd „n baie netjiese ou man was. Hy het gereeld „n das of „n krawat gedra en sy stewels het ook altyd geblink. As hy jou geroep het en jy kom te stadig nader, dan het hy jou altyd met sy hak kierie om jou enkels nader getrek.

Figuur 12. My Oupa Scheepers se vérkyker wat dateer uit die Anglo-Boere Oorlog.

Hy het op Keiserville in Lichtenburg gebly en ons het darem altyd daar gaan kuier. In sy

slaapkamer het hy „n wit ysterkatel gehad met „n jonkmanskas, „n wastafel en „n waskom met „n beker op. In sy sitkamer was daar riempies- gemakstoele met „n bankie en een baie lekker ou verslete gemakstoel. Dan was daar ook „n tafel met ses stoele en bo-op die tafel „n pragtige lamp. Teen die een muur was sy orrel wat hy altyd self gespeel het.

Aan een van die mure was daar „n skildery wat hy self geskilder het en ook „n groot portret van hom en Ouma Scheepers. Ek onthou nog wat my so baie gepla het was haar krale wat so skeef om haar nek gehang het. In sy kombuis was alles wit. Dit was seker die ou swartman wat hom altyd gehelp het wat die verfwerk gedoen het. Hy het ook „n „Trappie" (perdekar) gehad waarmee hy altyd dorp toe gery het.

Figuur 13. My Ouma Gouws (links) en my Oumagrootjie Dorothea Venter (regs); omtrent 1884.

Agter van links na regs: **Johanna, Scheepers; Lemmer-seun; Tant Annie**
Middel van links na regs: **Tant Mart Scheepers gebore Lemmer met oudste dogter Annatjie op haar skoot; Cornelius Rudolf Scheepers; Anna Elizabeth Cornelia Scheepers gebore Weyer; Lemmer-seun**
Voor van links na regs: **Frederick Christiaan Scheepers; Elizabeth Scheepers; Cornelia Philipina Scheepers gebore Weyer**

In Craighall was dit so lekker omdat ons „n eie huisie gehad het. Die groentetuin het toe ook al klaar begin vorm aanneem en my Ouma se blomtuin was pragtig.

Eendag het ek en my Oupa by die hek gestaan toe „n swartman met „n fiets oor sy skouer daar verbyloop.

Oupa wou toe weet wat die fiets makeer en hy sê toe vir my Oupa dat hy „n pap wiel het. My Oupa sê toe vir hom om die fiets in te bring sodat hy vir hom die wiel gou kon reg maak. *"Nee, Oubaas. Ek is te haastig om by die huis te kom"*, was sy antwoord.

Met „n gesukkel het my Oupa hom so vêr gekry om die fiets in te bring sodat hy dit kon reg maak. „n Rukkie later is die ou swartman daar weg met „n heel fiets en twee snye vars gebakte brood met my Ouma se konfyt op wat sy altyd self gekook het.

Agter ons het die legendariese ou Oom Rees gebly, „n baie goeie ou vriend van my Oupa. Ons hoor toe dat sy vrou siek is en besluit toe om „n bietjie te gaan kuier. Toe ons by die kombuisdeur instap, sien my Oupa dat daar „n gat in die plankvloer is. Oom Rees vertel toe dat hy nog nie kans gehad het om die vloer reg te maak nie.

Op pad kamer-toe vra my Oupa vir hom wat sy vrou nou eintlik makeer. *"Jong Pieter, sy het met haar been in die gat in die kombuis getrap"*, het hy geantwoord. My Oupa het net daar omgedraai en „n hamer en spykers gaan haal om die gat toe te maak. Ons was almal baie lief vir Oom Rees. Hy het dan ook altyd met sy ossewa en sy kruithoring (dié om sy nek) Johannesburg toe gery.

Wat ek nog van daardie tyd kan onthou was die roomys-karretjie wat in die somer altyd verby gery het. Dit was „n kleinerige ossewa met

motorbande op die wiele. „n Wit perd het dan ook gewoonlik die wa getrek. Bo-oor was „n rooi-en-wit strepies-dak wat van linne met tossels reg rondom gemaak was.

Die ou man het dan ook „n wit jas met so „n skewe hoed met rooi strepe op gehad en die hele wa agter-om het kassies gehad met sulke uittrek- laaitjies. In die middel van die wa was dan die droë ys wat die roomys koud moes hou.

Daar was baie kleure „suckers", maar ek het toe besluit dat die melk „suckers" die lekkerste was. Die ou man het sy klok aan sy voet vasgemaak en dan het hy met „n storieboek in die hand kort-kort die klok gelui. Die „suckers" het „n pennie elk gekos.

In Graighall is ek toe vir die eerste keer skool- toe, en het elke dag gehuil. My onderwyseres was ou Miss Miller en ek kon nie „n woord verstaan het wat sy gepraat het nie. Sy het altyd iemand gestuur om vir Anna te gaan roep om my te kom paai. Baie liefdevol het Anna my dan altyd om die skouers gevat en gesê dat ons daar buite onder die boom moes gaan sit.

"Moet nou nie huil nie want ons gaan nou-nou huis toe", was haar woorde, maar sodra ons onder die boom gekom het, het sy gesê: *"San, as jy nie nou stil bly nie dan klap ek jou bek toe."* Ek het maar dan eerder terug in die klas gegaan as om met „n bebloede bek te sit.

Daardie eerste jaar het ek en Anna ook in die skoolkonsert gespeel. Ons het sulke wye rokkies aangehad sonder skoene met net „n silwer versiering onder om die been en in ons hare het ons dan ook die silwer versiering met blommetjies gedra. Ons het gewoonlik dan gedans met linte.

Ek het heelvóór gestaan en Anna, wie die langste was, het heelagter gestaan. Dit was ook al waar ek gestaan het want ons het skaars begin toe sien ek my Pa opstaan en met haas na my toe kom, my om die lyf van die verhoog af gryp en vir Anna skreeu om te kom. My tone het so hier en daar grond gevat en van skaamte het my Ma ook toe maar vinnig uitgekom.

Ek het al die pad huis-toe gehuil want ek wou dans en eers later het ons toe gehoor wat daar gebeur het. Meneer Steenkamp, Anna se onderwyser, het langs Ouma gesit, en terwyl hulle gesels het vra hy vir Ouma of sy ook „n dogter op die verhoog het. Sy sê toe *ja* en dat ek heelvóór staan, met Anna heelagter*. "O,"* sê hy toe. *"Ek het nie geweet Anna het so „n jong ma nie; sy is in my klas."* So is my heel eerste skoolkonsert deur jaloesie onderbreek.

In ons agterplaas het ons „n ou watertenk gehad waar Anna en Rhoda altyd vir ou Barry Venter, wat langs ons gebly het, gewag het. Hy het altyd vir hulle sigarette gebring om te rook, en omdat ek en Boet Gouws (my neef, Oom Awie se seun) altyd gaan verklik het was ons nie daarin toegelaat nie.

Die tenk het „n bietjie op „n skuinste gelê en natuurlik na nog „n *"Voetsek julle!"* het Boet die stene wat onder die tenk gepak was sodat die tenk nie moet afrol nie, gaan wegvat. Die volgende oomblik het die tenk net begin rol en moes ons vinnig gaan wegkruip. Gelukkig het hulle toe net tot teen die draad gerol. Rhoda kon vir „n hele ruk nie eet nie omdat die sigarette haar lelik gebrand het.

Daardie tyd het ek ook gereeld hoofpyn gekry en Oupa het my hare afgesny omdat die dokter vir hom gesê het dat dit te lank en te dik was. Wat
„n ramp was dit nie vir my nie! Ek wou toe glad nie skool-toe gaan nie, maar na „n paar klappe van my Ma het ek maar gegaan ... net om te hoor dat daar die volgende Vrydag skoolfotos van ons geneem sou word. Ek het toe vir „n lang tyd my hare maar kort gedra, en die hoofpyne het toe darem minder geword.

Figuur 14. In Craighall Laerskool in Standerd 1 (omtrent 1937).

Ek het altyd saam met my Oupa na ou Meneer Green se winkel in Craighall gestap om vir my Ouma goed te gaan koop. Dan het my Oupa my altyd vertel waar al die kaboutertjies en feëtjies gewoon het, gewoonlik onder plat, groen mos of gras.

Die volgende keer wat ons weer winkel-toe gestap het, het my Oupa van die Kersfees-liggies wat van sulke outydse glas gemaak was, van die kaboutertjies geneem en dit so onder die gras weg gesteek sonder dat ek dit gesien het. Toe ons oppad terug was het hy dit kastig voor my uitgehaal omdat ek hom nooit wou glo nie.

Eendag het my Pa ons met die kar by die skool kom haal. Op pad het ons toe gehoor dat my Oupa baie siek was. Ek wou dit nie glo nie want die oggend was hy dan so gesond. By die huis het ek kamer-toe gehardloop en begin huil toe ek my Oupa in die bed sien lê. Ouma wou

my kom uitjaag maar my Oupa het haar gekeer. In „n baie gebroke stem het hy vir my gesê dat hy miskien nou sal weggaan en dat ek baie mooi na my Ouma moes kyk en dat ek gereeld my tande moes skoon hou.

Die dokter het gekom om hom hospitaal toe te neem maar hy wou nie gaan nie. Die volgende dag het my Pa ons weer by die skool kom haal, en toe het ek gehoor dat my Oupa dood is. Dit was die 10de Julie 1937. Ek het kamer-toe gehardloop en op die bed geklim, maar die keer het hy my nie geantwoord nie.

Tant Ann het toe maar vir my kom sê dat ek hom nou maar moes groet omdat die mense hom later sou kom haal. Ek het vooroor gebuig en my Oupa op sy grys ou baard gesoen.

Oupa het my toe kom wegruk en gesê dat „n mens nie „n lyk soen nie, maar ek het net gehuil en gesê dat dit nie „n lyk is nie, dit is dan my Oupa. Tant Ann het toe vir my vertel dat wanneer
„n mens nie meer asemhaal nie jy „n lyk is. Later het hulle hom kom haal en in „n lang mandjie gelê/ Hy is toe weggeneem in „n lykswa. Daardie jare het ons die lykswa „Die Black Meraai" genoem. Ek sou my Oupa nooit weer sien nie en hy is eers twee weke later op Lichtenburg begrawe ... uit een van die kerke wat hy self gebou het. Dit was „n baie groot begrafnis omdat my Oupa baie bekend was daar.

Oom Boet se vrou, Tant Chrissie, is ookt toe net die dag na my Oupa dood. Sy was besig om beskuit uit te droog om saam te neem vir die begrafnis toe sy onder die stoof ingly en baie lelik verbrand. Later is sy in die hospitaal dood. Ons het vir Tant Chrissie nog voor my Oupa begrawe.

My Ouma het toe die huis verkoop en by Oom Boet gaan bly om na Oom Boet se seuns, Piet en Willie, te kyk. Oupa wou nie hê ek moes saam met my Ouma gaan nie, maar ek het baie daar gaan kuier. Ek het baie dae na daardie drie ou kamertjies verlang. Die slaapkamer met sy swart ou ysterkatel en die spieëlkas wat ook al beter dae geken het, met sy „Phullnana-poeier" en
„Nivea-room" op. Daar was ook „n haarborsel wat Saterdae geskrop moes word.

In die sitkamer was die mooi bankie met die ronde lening en vier gemak stoele. Daar was ook die lang eetkamer-tafel met „n fluweel tafeldoek daaroor en „n lamp in die middel van die tafel met die ses stoele. Die glaskas wat my Oupa self gemaak het was dan gebruik om die predikants- breekgoed in te bêre, en natuurlik was daar dan nog die horde vergeelde portrette van omtrent drie geslagte terug.

Die kombuis het maar baie min goed in gehad, met die ou klein Dover-stofie in die hoek. Ek het baiekeer, wanneer ons Sondagskool-toe gegaan het, eers gaan kyk of ons ou huisie nog gestaan het. „n Paar maande na my Oupa se dood het my Pa toe vir hom „n grafsteen gemaak.

Hy het die vorm van plank gemaak en toe die sand, klip en die sement gemeng en in die kas gegooi. Daarna het hy die gekleurde klippies in gegooi en gemeng. Later het hy toe die groen poeier in gegooi en goed gemeng. Na „n week het hy toe die kas om die steen af gebreek. Oom Boet en Oom Awie het toe vir die wit steen met sy naam op betaal.

Dit was die einde van 1937 en daardie steen staan vandag nog daar. Ek weet omdat ek die grafsteen al twee keer gaan verf het aangesien Oupa het my voor sy dood gevra het om dit vir hom te gaan doen.

Figuur 15. My Oupa Gouws se grafsteen (Lichtenburg).

So skuins agter my Oupa Gouws lê my Oupa en Ouma Scheepers ook begrawe, en naby hulle is ook die graf van Generaal Koos De La Rey.

Figuur 16. My Oupa en Ouma Scheepers se graf (Lichtenburg).

Dit is dan ook daar in Graighall waar my broer Corrie die gevreesde siekte, witseerkeel, gekry het. Hy is dadelik na die Koorshospitaal geneem. Almal wat in aanraking met hom was, was dadelik ingespuit en die huise was dan ook onder kwarentyn geplaas. Ons moes ook al die matrasse verbrand en het vir twee weke in tente in die agterplaas gebly, omdat ons huis „gefumigate" moes word. Corrie was vir twee maande in die hospitaal en vir die eerste drie weke kon Ouma-hulle hom net deur „n glasvenster sien.

Na twee maande het hy huis-toe gekom met „n rooi treintjie wat my Pa gou langs die pad vir hom gekoop het. Sy hart was beskadig en dit het hom dan ook sy dood op „n baie jong ouderdom gekos.

Een middag het ek toe weer met „n hoofpyn huistoe gegaan en op die bed gaan lê. Anna het

my toe kom roep om te gaan eet, maar ek het net vir haar gesê dat ek nie honger is nie. Sy het toe seker weer meer stories gaan aanlas as wat nodig was en my Ma storm toe die kamer binne en sê: *"Plooi, ek sê jy moet nou dadelik kom eet omdat ek die skottelgoed wil was en het nie heeldag tyd om vir jou te wag nie. En hou sommer ook op met huil want dit is nie my skuld dat die ou hel gevrek het nie."*

Ek het altyd gedink dat my Ma mooier was as al my tannies, maar daardie dag was sy vir my baie lelik gewees. Op Anna se twaalfde verjaardag het Oupa vir haar „n fiets gekoop, en sy was baie bly omdat sy ook nou die toertjies kon probeer wat „n niggie van ons gedoen het. Een middag toe ons van die skool af kom besluit sy om sommer dadelik met die toertjies te begin. Sy beduie toe mooi vir my wat ek alles moet doen maar ek wou toe glad nie doen wat sy gesê het nie omdat ek nog nie goedgenoeg geleer fietsry het nie.

Sy het toe die twee tasse oor die handvatsels van die fiets voor gehang en net vir my gesê om op te klim en te trap. Anna het toe agter op die fiets probeer opstaan, maar het vooroor geval en die handvatsel van die fiets probeer gryp. Ek verloor toe my balans en ry kant. Ek beland toe binne-in „n sloot. Anna het gesien ons gaan in die sloot beland, en het vroegtydig afgespring en op „n klip geval, terwyl ek verder af in die sloot geval het met die fiets bo-op my. Van die skoolkinders het my toe kom help om haar by die huis te kry.

Ek was orals nerf-af en stukkend. Sy het toe later vir Ouma vertel dat ek so graag ook die fiets wou trap en toe sê sy maar *ja*. Sy is met pille in die bed gesit, maar later daardie aand het ek vir Oupa gaan roep. Hy het gou die dokter laat kom en sy is dadelik hospitaal toe geneem met „n gebreekte heup en gebreekte ysbene. Sy was baie ernstig siek. Gelukkig het ons maats gesien wat daar gebeur het, en het toe vir Oupa die waarheid vertel.

Ek weet net dat Anna baie lank in die hospitaal was en dat sy later vir „n lang ruk met „n kierie geloop het. Sy het ook skoene gedra waarvan die een hak omtrent 2 duim (5,08 cm) hoër was as die ander een. Daarna het ek altyd gereeld gehoor dat dit my skuld was.

Wat nie eens die dokter kon verstaan nie was dat daar later, aan albei haar bene net bokant haar enkels gate ingeval het. Daarna het sy vir lank op Dr. Williams se pille geleef.

Figuur 17. Op my jonger suster, Fielie, se 2de verjaardag (Die Luyts, ons Gouwsies en die Coetzee-dogters). Hier staan ek derde van regs heelagter, omtrent 1937).

Eenkeer het my Pa-hulle besluit om vir my Ouma se broer in Sterkfontein naby Krugersdorp te gaan kuier. Vir ons kinders was dit „n groot geleentheid omdat ons nie altyd op „n plaas gekom het nie. Ou Tant Sielie, sy ou vrou, was so
„n bietjie „áf" gewees, het my Ouma altyd gesê. Sy het nie baie gepraat nie, en het net altyd op haar ou bankie gesit en die kussing heeltyd reguit getrek.

My Pa het toe vir Oom Pieter gevra of ons nie sy twee ossewaens kon leen nie omdat ons ook graag die geleentheid van die geskeidkundige hoeksteen-legging van die Voortrekker-Monument in Pretoria (1938) wou bywoon. *"Maar Gullie, die waens*

in stukkend!", het Oom Pieter gesê. *"Nee Oom Pieter, ek en Awie sal vir die volgende paar naweke die waens kom regmaak",* het my Pa geantwoord.

Ons kinders kon nie wag vir die waens om reggemaak te word nie, en die tyd het vreeslik stadig om gegaan. Ouma het vir die waens twee nuwe tente ook gemaak en Oom Pieter het solank osse gaan kies om die waens te trek.

Toe my Pa vir Oom Pieter vra omtrent osse het hy gesê dat die osse al lankal reg was vir die groot trek. Oom Pieter vra toe: *"Gullie ou seun, ek het nou die waens vir julle geleen en ook die osse. Dink jy dat daar darem „n ou plekkie vir my en ou Sielie ook op die waens sal wees?"*

My Ma het toe sommer vir ou Tant Sielie ook „n Voortrekkerrok en -kappie gemaak. Vir die geleetheid het my Ouma ook van Heidelberg af gekom om saam te gaan. Sy het haar ou vere kombers saam gebring. Die vere kombers se naam was ou „Swart Jan", „n naam wat ek as „n klein dogtertjie vir die kombers gegee het.

Vir ons klomp kinders was dit baie lekker om op die waens te ry. Oom Awie, my Pa se broer, was „n goeie perderuiter, en het te perd langs die waens gery, terwyl ons kinders beurte gemaak het om voor op die bankie te sit.

Daar was waens wat tot „n honderd jaar oud was en daardie nasate wat daardie dag daar was

het seker baie trots gevoel. Ek was te klein om regtig die simboliese betekenis van daardie dag te verstaan wat daar aangegaan het maar latere naslaanwerk in die biblioteek het my toe alles vertel.

Daardie dag het lede van die Voortrekker- beweging met die brandende fakkels die eerste hoeksteen gaan lê. Die Transvaalse Vierkleur (ons vlag van destyds) was ook gehys en die woorde van Dokter Kestell se gebed het onder die wye hemel weerklink. Dokter J.D. du Toit het toe die woord geneem en die Eufees-koor het ook gesing.

In die hoeksteen het hulle ook die dagboek van Jan van Riebeeck, „n afskrif van die traktaat tussen Piet Retief en Dingaan, „n vergulde afskrif van die gelofte van 9 Desember 1838 en ten laaste „n afdruk van „Die Stem van Suid Afrika" saam met die Klopper-Bybel gesit. Toe, in „n gewyde stilte, het „n Mevrou K.F. Ackerman, Mevrou
J. C. Muller en Mevrou J.C. Preller, afstammelinge onderskeidelik van Hendrik Potgieter, Andries Pretorius en Piet Retief, die hoeksteen gelê.

Dokter J.D. Kestell se ma was my Oupagrootjie Weyer se oudste suster. Haar naam was Dorothea Louisa Weyer, en sy was gebore in die jaar 1820. Sy was die dogter van „n Duitse vader en „n Hollandse moeder. My Ouma Scheepers se nooiensvan was Weyer. Dorothea het minstens twee broers gehad, miskien nog meer. Die een broer was F.W.C. Weyer. My broertjie Frikkie was juis na hom vernoem. Hulle jongste broer se naam

was Carel Weyer wat in 1848 deur ou Erasmus Smit gedoop was. Hy was met Susanna Maritz getroud, die suster van Gert Maritz. Susanna was dan ook Carel Weyer se peetma.

Figuur 18. Die ossewatrek na die hoeksteenlegging van die Voortrekker Monument (1938).

All S. Africa Has Trek Fever

RELIGIOUS PASSION IN "CRUSADE OF AFRIKANERDOM"

Women, in Emotion, Wipe Grease from Axles On Their Handkerchiefs

BY HARRY KLEIN

WAGON WHEELS ARE TURNING THE DESTINY OF A NATION. THAT IS THE DOMINATING THOUGHT ENGENDERED BY EVENTS OF THE VOORTREKKER CENTENARY OX WAGON TREK NOW ON THE ROAD TO PRETORIA AND BLOOD RIVER.

THE COMMEMORATIVE TREK IS SWEEPING THE SENTIMENTS OF AFRIKANERS IN AN UNPRECEDENTED WAVE OF RELIGIOUS AND NATIONAL EMOTIONALISM.

The character of the trek has openly changed from merely being a symbolic pageant into a crusade of united Afrikanerdom.

As the wagons roll north "Op die Pad van Suid Afrika" (on the Road of South Africa), everywhere Afrikaners are finding a new pride in their name and traditions and are proudly marching forward with deep religious ideals to new unknown heights of nationhood.

At trek celebrations and functions the great crowds that gather to do homage to the Voortrekkers dramatically exhibit religious passion in greeting the trekkers.

This deep emotional wave engendered by the trek has to be seen to be appreciated. Crowds greater than those which assembled to great visiting royalty gather at every point along the trek route, and as the wagons roll by many of those cheering thousands can be seen wiping tears from their eyes.

Bearded old men and their bonnetted womenfolk hobble to roadside halts, and with hands trembling and feeble from age, touch the wagons, as if the dust-covered vehicles were sacred idols. Grease from the axles is surreptitiously smeared on handkerchiefs to be cherished evermore as a memento of an unforgettable pilgrimage.

On Sundays, churches are filled to overflowing by devout worshippers, and on many an occasion the passionate exhortations of the ministers create an aura of absolute fanaticism that can be sensed by the cool observer.

Figuur 19 (BO). 'n Koerantberig kondig die geleentheid van die hoeksteenlegging van die Voortrekker Monument aan (1938).

Figuur 20 (BO). Die hoeksteen word gelê by die Voortrekker Monument (1938).

Een Sondag het ons en Oom Awie-hulle gaan piekniek hou by Hartbeespoortdam. Op pad terug het ons halfpad gestop om vrugte te koop, toe my broer Corrie my sustertjie Fielie se vingers in die kar se deur vasslaan. Ouma het haar gegryp en met „n handoek die vinger vas gehou. Oupa het dadelik na die dokter in Rosebank gery waar hy gewoon het. Die vinger is toe vasgewerk, maar skeef.

Ons het altyd by ons skoolmaats, wat op „n plot gewoon het, gaan speel. Hulle het nog die ou familie-begraafplaas op die plot gehad en dan het ons altyd huis-huis op die grafstene gaan speel. Natuurlik het Anna, Rhoda en Sarie soos gewoonlik altyd die blinkste grafstene uitgesoek; ek het altyd weer die een onder die ou groot boom gekies omdat dit in die koelte was.

Gereeld het ons dan ook by die rivier gaan speel en aan die wilgertakke geswaai. Toe Barry

Venter se suster getrou het, was almal in die buurt uitgenooi. Hulle was ryk en was die eienaars van die groot vulstasie en die winkels in die omgewing.

Ouma het vir my en Anna ook nuwe rokkies vir die geleentheid gemaak. Die Venters het op „n hoek gebly in „n huis met baie mooi uistaan- vensters („bay-windows"). Ek kan onthou dat ons rokkies van „Georgette" materiaal gemaak was en dat die romp ses kantringe onder-om gehad het. My Ma het in elke ring „n bossie rosies uitgewerk.

Alet se bruidstafel was in een van die venster- baaie gedek en alles het goed gegaan totdat sy die koek gesny het , en daar ewe skielik „n horde klein poppies van die dak af op die vloer val. Anna en Rhoda het vinnig grond-toe geduik en met lang arms van die poppies bymekaar geskraap. Ek en Charlotte was te stadig, en het net so hier en daar een gekry. Die volgende dag het Tannie Venter vir ons twee ook nog van die poppies gebring.

In daardie huis is my jonger sussie Fielie gebore. My broertjie Gullie was toe maar net ook een jaar en drie maande oud. Fielie het dan ook gereeld stuipe gekry en een aand, terwyl my Pa weer na „n vergadering toe was, het sy weer „n aanval gekry. Na „n gesukkel het my Ma haar gelukkig weer aan die slaap gekry. My Ma moes seker baie moeg gewees, en het vir Anna gevra of die Here haar sal vergewe as sy vir Fielie nou op die sementvloer sou laat val. Anna het so geskrik en

sommer die kind by my Ma gegryp. Fielie het ook summier weer agteroor getrek, maar van skrik het Anna haar „n paar klappe op haar boude gegee. Sy toe daarna nooit weer stuipe gekry nie.

Ek was klein toe die radio ge-arriveer het, en gelukkig het ons toe ook al elektrisiteit gehad. Daar in Craighall was my Ma nog pynlik netjies gewees. In haar kombuis het sy „n swart Dover- stoof gehad wat gereeld blinkgevryf moes word. Haar kombuis-stoele was spierwit geverf, met so „n groot, wit „kitchen-dresser" wat aan die eenkant van die kombuis gestaan het.

Haar koppies het dan ook gereeld met die oop kant na jou linkerhand toe gehang. Sy het altyd gesê dat dit „gebreklik" lyk as die koppies na die anderkant toe hang. Ek hang vandag ook nog my koppies so. Eenkant op die „kitchen-dresser" het sy „n skinkbord met „n „Five Roses" tee-stel gehad. Die koppies was vyfhoekig met mooi klein rooi rosies op.

Ons kinders het dit nooit gewaag om op haar bed te sit nie omdat sy altyd „n wit „Honeycomb" deken daaroor gehad het met die kussings wat so skuins teen die bed gestaan het, en met haar self- uitgeborduurde „shams" oor die kussings.

In die groot ou sitkamer het my Pa altyd sy boeke op die ou „mantlepiece" van die kaggel uitgestal; daar het Ouma ook „n sitkamerstel en „n eetkamerstel gehad wat my oorlede Oupa nog self vir hulle gemaak het. Haar blomtuin was ook iets

om te aanskou. Oupa het altyd die groot leë verfblikke vir haar huistoe gebring, en dan het sy blomme in hulle geplant nadat sy hulle geverf het. Ek het met die blikke skool-skool gespeel en elkeen van hulle name gegee. Die lelikste plante het ek gewoonlik na Anna en Rhoda vernoem.

Ons het ook gereeld dieretuin-toe gegaan en dan op die olifante en die ponies gery, terwyl daar dan onder die groot afdak „n filharmoniese orkes gespeel het. Op die olifante het daar gewoonlik „n man met „n kort spies gesit.

Gereeld het ons gehelp om in die winter die gras te brand tydens die jaarlikse voorbrande in die ongewing. Ons het dan elkeen „n nat sak gekry om die vlamme mee dood te slaan, maar net die kort vlammetjies. Die groot mense het gewoonlik tussen ons gestaan en ons het altyd baie koud gekry wanneer die vure uiteindelik geblus was. Ons moes dan dadelik gaan bad en bewaar jou siel as my Ma dan eerste die warmwater ingegegooi het; dan het ons gewoonlik gouer uitgeklim as wat ons ingeklim het.

Ons het elke jaar op 5 November ook altyd „Guy Fawkes" gespeel waartydens ons dan gewoonlik van my Ma se ou rokke en skoene aangetrek het. Sy het ons dan ook altyd vir die geleentheid „gepaint- en-gepoeier" (grimering aangesit). Daardie jare was die „Guy Fawkes" vieringe selfs pret vir die grootmense gewees. Jy kon maar by enige huis gaan aanklop het dan het hulle jou „n pakkie koekies, pennies of selfs „n ou melk-doilie gegee.

Ek onthou dat my Pa se tweede oudste broer, Oom Johannes, ook baie gedrink het, en dan was daar gewoonlik moeilikheid tussen hom en sy vrou. Eendag het een van sy kinders vir my Pa kom roep om asseblief tog te kom help ... hulle Pa was besig om hulle Ma met die kar die straat af te jaag. My Pa en Oom Awie het toe dadelik soontoe gery om te gaan ingryp in die petalje.

Oom Awie het op die kar se sy-trap gespring en die sleutel uitgetrek. *"Hemel Johannes, wat dink jy doen jy? Wil jy jou vrou doodry?!"* het hy geskreeu, maar nog voordat hy kon antwoord, toe kom Tant Soes teruggehardloop en sê: *"Kyk Awie, los ons uit ... dit is nou my en Johannes se fight."* Oom Awie wou hom doodlag, en het toe vir Oom Johannes gesê om haar dan in daardie geval maar te gaan doodry.

My Ma en Tant Ann het haar die naam gegee van ou „Hot Dog‟ omdat sy bloedrooi hare gehad het. Sy was ook verskriklik verstrooid en ongeorganiseerd. So erg was dit dat, toe haar tweeling die nag gebore is, kon die vroedvrou vireers net die een baba kry. Naderhand het sy die ander een gelukkig in „n gat in die matras gekry toe sy hulle die volgende oggend wou bad.

Met daardie twee het my Pa net so gesukkel om hulle nugter op my Oupa se begrafnis te hou, en op pad terug het almal weer in „n stoet huis toe gery. Toe my Pa agterkom dat Oom Johannes nie die kar reg bestuur nie, het hy en Oom Awie

hom dadelik gestop en vir hom (Oom Johannes) en sy vrou in die Coligne-dam gaan gooi.

My Pa het toe Oom Johannes se kar (met die kinders in) huistoe bestuur. Hulle het eers drie dae later by die huis aangekom. Oom Johannes het net gelag oor die storie maar Tant Soes was vir
„n lang tyd vir hulle vies gewees.

Figuur 21. Ek (links), my Ouma Gouws (middel) en my Ma (regs). Omtrent 1959.

Met die koms van die Tweede Wêreld Oorlog in September 1939 was ek toe nege jaar oud. Werk het weer skaars begin word en dit het my Pa en Oom Awie forseer om ook die „Rooi Eed" te teken en vir die Britte te help veg teen Hitler se Nazi- regering.

Oom Awie was toe van die eerstes wat Noord- Afrika toe gegaan het en my Pa is vireers Pretoria toe gestuur. Hy kon darem naweke huistoe kom. Tant Ann is toe terug Groot Marico toe en het haar drie groot kinders na die koshuis op Zwartruggens geneem.

SPECIAL EDITION

Sunday Times

SPECIAL EDITION

A PAPER FOR THE PEOPLE

WAR DECLARED

Sunday Times Opinion

The Mad Dog of Europe

GERMANY IGNORES ULTIMATUM

"I am Certain that Right Will Prevail"— Chamberlain

Air Raid Sirens Over London

Chamberlain in House of Commons

Japanese Ambassador Leaves Rome

Heroic Stand by Polish Garrison

ALLIES WILL NOT BOMB OPEN TOWNS

Figuur 22. (BO): So is WWII in 1939 in die 'Sunday Times' aangekondig. Let op die verwysing na Hitler as 'Die Besete Hond van Europa'.



Figuur 23. (BO): Voorbeelde van geskenke wat soldate in die Noorde ontvang het.



Figuur 24. Hierdie epolette moes op die skouers gedra word as bewys dat die 'Rooi Eed' geteken is.

Ons het toe Braamfontein-toe getrek om nader aan Johannesburg se Park-stasie te wees; ons het toe „n ou groot huis reg voor die Braamfontein- skool gekry. Ek was toe in standerd 4 en Anna was in standerd 5. Dit was glo haar seer been

wat gemaak het dat sy so agtergeraak het in die skool. Daardie eerste paar dae in die skool was vir my „n nagmerrie. Die kinders in my klas wou toe weet of my Pa in die „Army" is en ek het *ja* gesê.

Daar het ek toe vir die eerste keer gehoor dat my Pa „n „landsverraaier" was. Van die Ossewa Brandwag het ek ook te wete gekom. Ek het eensaam en alleen gevoel, maar gelukkig was ek in Juffrou Leibbrandt, suster van die berugte Robey Leibbrandt, se klas en sy het gesien dat ek baie skaam was. Sy was baie gaaf en het my baie gehelp. Intussen het sy ook gou vir Anna leer ken.



June was also to be remembered in South Africa for another reason. On 10 June the former South African Olympic light-heavyweight boxer Robey Leibbrandt secretly landed on the coast of South West Africa. Operation Weissdorn, the German-inspired plot to assassinate Smuts and other South African leaders, had begun. A world apart from Leibbrandt, Wing Commander A G 'Sailor' Malan, DSO, DFC and bar, serving with the Royal Air Force, became its highest-scoring air ace with a bag of thirty-five German aircraft.

Figuur 25. Die berig wat verwys het na die geheime landing van Robey Leibbrandt aan die Weskus van Suid-Afrika met die doel om Genl. Jan Smuts en ander leiers te kom vermoor. Let ook op na die verwysing na die prestasies van die vegvliëenier, A.G. ('Sailor') Malan.

Eendag het Juffrou Leibbrandt vir my gesê dat ek nie moet toelaat dat Anna my so misbruik nie. Ek sê toe vir haar dat my suster ouer as ek is. *"Dit maak nie saak nie,"* sê Juffrou Leibbrandt toe. *"Al is sy ouer hoef sy jou nie so rond te jaag nie. In die vervolg staan jy maar net jou man dan sal jy sien dat sy haar sal doodskrik. Die beste*

manier is om eerste aan te val." Dit was woorde daardie wat ek vir altyd sou onthou.



LEIBBRANDT ARRESTED

Robey Leibbrandt was arrested by the police at Wierda Bridge, about seven and a half miles out of Pretoria, on the main Johannesburg-Pretoria road, just before 10 o'clock last night.
Leibbrandt was accompanied by a man and a woman who have not yet been identified and are being detained by the police.
Leibbrandt, although armed, put up no resistance.
Leibbrandt's capture was part of a carefully prepared police plan which was carried out without a flaw last night. Leibbrandt was apparently taken by surprise and had no opportunity of drawing his revolver before the police party pounced on him at the bridge.
The identity of the man and the woman found in his company will be ascertained today.
Leibbrandt and his companions were brought to Pretoria, where Leibbrandt was watched by special guards last night.

Figuur 26. Koeranberig oor Robey Leibbrandt se arrestasie op die Wierda Brug naby Valhalla op die ou Johannesburg-Pretoria pad.

In Jorrisonstraat (Braamfontein) het ons toe langs die ou legendariese ou Miss Saunders, wie musiek-lesse gegee het, gebly. My Pa het toe vir my en Anna gevra of ons ook klavierlesse wou neem. Ek het toe *ja* gesê, maar Anna het nie belanggestel nie. Twee maande later het my Pa toe vir my „n klavier gekoop, en toe stel Anna sommer ook skielik weer belang.

Ons het vir twee jaar aangehou en het toe al ook „duets" in die skoolkonsert gespeel. Ons was ook Miss Saunders se laaste twee leerlinge van die dag omdat ons bure was. Een aand wou ek nie op die ou klavier gaan oefen nie omdat dit my beurt

was om op die nuwe een te oefen. Anna wen toe weer soos gewoonlik en maak my toe bang vir die ander kamer sodat sy op die nuwe klavier kon oefen.

Ou Miss Saunders het altyd in die klein kamertjie, wat uit die ou klavier se kamer gegaan het, geslaap; dan het daar so kort-kort „n swart kat uitgekom en teen my been kom skuur. Ek het toe geweier om daar te speel, en toe kom ou Miss Saunders in en klap my mos deur my gesig. Ek het toe huis toe gegaan en vir my Pa vertel. Hy was woedend en het haar op „n baie mooi manier gaan vertel dat dit nou die einde van die lesse is. *"Ek laat niemand toe om my dogters deur die gesig te klap nie."* Dit was toe ook die einde van my musiek-loopbaan.

Die einde van daardie jaar slaag ek toe Standerd 4 en Anna slaag toe Standerd 5. Meneer Williams het my ook in die begin „n bietjie stief behandel omdat hy geweet het dat ek en Anna susters was, maar later het dit darem beter gegaan.

Die einde van die daardie jaar slaag ek toe Standerd 5 en sy druip toe Standerd 6. Wat „n ramp was dit nie vir my gewees nie! Ons was nou in dieselfde klas omdat daar net een Standerd 6 klas was. Ons onderwyser, Meneer Havenga – dit is hy wat ook die bekende „Havenga Koor" gestig het – het haar toe heelvoor in die klas laat sit. Sy het my altyd laat skaamkry met haar

ongestrykte hemp en met ons hondjie se hare wat haar hele springjurk versier het.

LEIBBRANDT SENTENCED TO DEATH FOR HIGH TREASON

Five Years' Gaol for Le Roux and Olwagen

SIDNEY ROBEY LEIBBRANDT was sentenced to death in Pretoria yesterday for high treason by a special criminal court consisting of Mr. Justice Schreiner, Mr. Justice Ramsbottom and Mr. Justice De Beer.

Two of his fellow accused, Dr. Lodewikus Jacobus le Roux and Frans Joseph Olwagen, were each sentenced to five years' imprisonment for high treason. The other four accused, Hendrik van Cittert, Frans Maartens, Johan van der Walt, Adriaan Johannes Stadler and Ernst Hendrik Annandale, were acquitted.

Before sentence was passed, Leibbrandt, in an atmosphere charged with dramatic intensity, addressed the court in Afrikaans and said that he rejected the idea of mercy and demanded that right be done.

He saluted the three judges with his right arm raised and called out "Die Vierkleur hoog" (The Vierkleur high).

When Mr. Justice Schreiner passed the sentence of death, Leibbrandt flushed slightly, gritted his teeth and then smiled.

Leibbrandt's Address

Leibbrandt's counsel, Mr. J. F. Ludorf, did not address the court when the time came to pass sentence, but Leibbrandt himself did so. Speaking in a harsh voice, which he sometimes raised until it became a shout, he declared that he alone bore the responsibility for what he had done and was doing.

Turning to the rear of the court, Leibbrandt then began. "Kameraade and kameradinne," but Mr. Justice Schreiner interrupted him and said that he could not address the public. If he did not address his remarks to the bench, he would be removed and the trial would proceed in his absence.

"We are not guilty of high treason, unless it is a crime to love your people," continued Leibbrandt. "Democracy remains the pestilential young brother of Bolshevism and its ally, Judaism . . ."

Mr. Justice Schreiner interrupted: "This is not an address to the court. The court does not wish to interfere with your rights, but you must not use the occasion for a propagandist speech."

Read from Notes

Leibbrandt, who was reading from notes, went on to express his pride in his Afrikaner blood and said that his most cherished possession was his past. For nearly

Figuur 27. (BO): Robey Leibbrandt word ter dood veroordeel.

19 months he had implored the German authorities to allow him to return to his land and people.

"I knew," he said, "that it would probably cost me my life to return but that did not deter me, for I love my fellow Afrikaners. I came here not to win cheap leadership, but to implant the idea of Adolf Hitler in the hearts of all Afrikaners."

Raising his voice, Leibbrandt exclaimed, "Our hope and future do not lie in democratic cross-making but in deeds and sacrifices – in him who was sent here by the Almighty to save the suffering peoples of this planet, in Adolf Hitler. Communism can never destroy National Socialism. (Here Leibbrandt banged his fist on the dock). The sword of Adolf Hitler must triumph in this great struggle.

"To hell with mercy. I demand that right be done. Long live Afrikanerdom. Long live national socialist South Africa. God be with me, comrades."

Nazi Salute

Turning to the public, who crammed the court and sat in utter silence, Leibbrandt gave the Nazi salute and shouted "Die Vierkleur hoog."

Mr. Justice Schreiner then passed sentence of death on Leibbrandt.

Passing sentence on Le Roux and Olwagen: Mr. Justice Schreiner pointed out that their crime had not been as serious as that of Leibbrandt. Nevertheless, high treason was a grave offence, and the lightest sentence the court could pass on each would be five years' imprisonment.

At this point Stadler, who had been acquitted, asked leave to address the court, but this was refused.

The court then adjourned for a few minutes and women crowded round the accused, weeping and congratulating them. Leibbrandt embraced his sister and then went down into the cells, smiling and saying, "Die Vierkleur hoog."

The court rose at 6.30 p.m. Mr. Justice Schreiner had delivered a 50,000-word judgment, reading mostly from notes, in about six-and-a-half hours. For hour after hour he read on, delivering one of the longest criminal judgments in South African legal history.

Figuur 28. Verdere beriggewing oor die doodsvonnis oor Robey Leibbrandt op 11 Maart 1943.

Meneer Havenga het ook gereeld eenkeer per week „n praatjie by die SAUK se Uitsaaistasie in die stad gaan lewer. Ons kinders het dan altyd na die

praatjie geluister en moes hom altyd daarna vertel waaroor dit alles gegaan het. Hy het seker gemeen dat die klas hulle sal gedra as hy „n radio het.

Die klaskaptein was ene Louis Rautenbach, en hy het gewoonlik, in die afwesigheid van die onderwyser, toesig oor die klas gehou. Hy het egter nie vêr met Anna gekom nie, want Meneer was skaars weg of sy stap net doodeenvoudig by die klas uit en daag die klomp seuns, wat ook agter haar uit is, uit om te kyk wie die meeste lemoenskille op die skool se dak kan gooi. Toe meneer Havenga terugkom, was hy net baie kwaad en het ook sommer geweet wie verantwoordelik was. Haar kommentaar was: *"Meneer, ek het die seuns gewaarsku maar hulle wou nie luister nie."* Die seuns het pak gekry en vir haar het hy uitskryfwerk gegee. Sy het wel die volgende dag die uitskryfwerk terug skool-toe geneem, maar daar was gewoonlik net tien reëls geskryf en verder net „n klomp „dittos".

Ons Hoofseun, Louis, het ook self die kaas vir die klas gaan sny en dit sommer self uitgedeel ook. Ek het altyd *nee dankie* vir die kaas gesê, totdat hy my mos eendag vra of ek dan nie kaas eet nie. Voordat ek kon antwoord, antwoord Anna: *"Ja Louis, sy eet ook kaas, maar sy eet nie kaas wat gestempel is nie so was asseblief volgende keer jou hande wanneer jy aan die kaas vat."* Daarna het ek steeds nie kaas geneem nie, al was sy hande nou gewas.

In daardie huis het my Ouma Gouws ook op „n keer kom kuier. Met haar terugkeer van Tant Joelie af het sy mos van die Trem (busse wat in die strate op yster treinspore geloop het, nes „n trein) afgeval. Sy was ses weke in die Algemene Hospitaal, en toe sy ontslaan is, het ek haar altyd gehelp om met behulp van „n kombuisstoel van vóór af te leer loop.

Terwyl my Ouma nog siek daar gelê het, het daar een oggend vroeg drie bandiete, wat besig was om te ontsnap uit die plaaslike tronk, deur ons huis gehardloop. Een van hulle is toe in ons kombuis geskiet en het later aan sy wonde beswyk.
„n Ander een is in ons agterplaas gewond. Dan was daar nog een in die nagstraatjie geskiet.

My Ma het altyd haar dubbel glasdeure oopgelos vir vars lug. Die munisipaliteit het in Milner Park, regoor die Braamfonteinse kerkhof, „n groot swembad gebou, dan het hulle gewoonlik van die minder gevaarlike bandiete vir sulke werk gebruik. Hulle het gewoonlik elke oggend in rye in Jorrison Straat afgeloop met die bewaarders aan weerskante. Daarna was almal baie bang vir daardie huis, en daarom het my Pa besluit om, om veiligheidsonthalwe, na Biccard Straat, steeds in Braamfontein, te trek.

Met die halfjaarlikse eksamen was ons almal baie stil besig met „n vraestel; almal behalwe Anna, wat besig was om „n liefdesbriefie vir ou „Fatti Claassens" te skryf. Sy gooi toe die briefie op my bank om vir hom aan te gee, omdat hy reg vóór

my gesit het. Toe Meneer Havenga sien dat ek sonder om eers op te kyk die briefie vir hom gooi, roep hy my vorentoe en beveel vir Fatti om die briefie te bring. Meneer sê toe dat ek dadelik my vraestel na hom toe moet bring om opgeskeur te word. Ek het vorentoe gegaan, baie skaam en kwaad. Gewoonlik was dit *Susanna* as hy in my teleurgesteld was, maar *Santjie* wanneer ek sy kas vir hom moes regpak. Ek het baie van Meneer Havenga gehou. Hy het ook vir ons sangklasse aangebied.

Gelukkig, net toe hy my vraestel neem met die doel om dit op te skeur, kom Anna vinnig vorentoe en erken dat sy die brief geskryf het ... nogal met my naam onderaan. Tot vandag toe weet ek nie wat sy geskryf het nie, maar dit was seker iets baie lelik, want Meneer Havenga het sommer so rooi in die gesig geword. Ek het gaan klaarskryf en toe vir Meneer Havenga gaan vra of ek maar huistoe kon gaan. Ek het al die pad huistoe gehuil, met Anna agterna.

By die huis wou my Ma weet hoekom ons dan so vroeg was, toe Anna weereens tussen-in begin praat. *"Ma,"* het sy gesê. *"Ek het maar net „n grappie met haar gemaak."* Daardie aand toe my Pa by die huis kom, het ek vir hom gevra om my asseblief na „n ander skool toe te stuur. Hy het haar toe gevra hoekom, maar sy het maar weer net gesê dat dit „n „grappie" was.

"Anna, ek noem dit nie „n grap om in die eksamen klas „n vuil smerige brief met Santjie se

naam onder aan te skryf nie. Vroeg Maandag neem ek jou self skool toe." My Pa het die daaropvolgende Maandag vir die skoolhoof, Meneer Coetzee, gaan sien en gevra om vir Anna tog maar na die Cottesloe-skool te laat oorplaas. *"Wel Meneer Gouws, Meneer Havenga het my van die voorval vertel en vir Susanna se ontwil sal ek haar maar laat gaan, maar sê my, hoe oud is Anna?"* was die hoof se vraag. My Pa het geantwoord dat sy die einde van daardie jaar al sestien sou word.

"Wel, Meneer Gouws," het die hoof gesê. "Ek dink jy moet haar die einde van die jaar liewer uit die skool haal, want jy weet, „n mens kan „n perd tot by die water bring, maar jy kan hom nie maak suip nie."

Figuur 29. Van Links: Ek (10), Fielie (3) en Anna (13) omtrent 1940.

Ons het ook baie gaan dans omdat die Eendragt-Saal, wat naby die Spes Bona Laerskool was, ook baie naby ons huis was. „n vriendin van my Ma het twee seuns gehad en ons het altyd saam met hulle gegaan.

Een aand, toe Anna se dansmaat, Koos van Vuuren, daar kom om haar te kom haal, was sy nie tuis nie, en hy vra toe vir my Pa of ek maar saam met hom kan gaan. Die aand toe ek by die huis kom, was ek toe nou „n „kêrel-steler" en het eers die volgende oggend uitgevind wat my straf was. Sy het al my boetie Corrie se sywurms in my skryftafel se laai omgekeer.

Nig Rhoda het toe weer „n ruk by ons kom bly en toe was daar mos nou twee „Annas". Een Saterdag middag was hulle weer besig om hulself reg te maak. Hulle sou die Sondag weer iewers heen gaan en het bloedrooi naellak gebruik om aan hulle naels, wat omtrent „n half duim voor die vinger uitgesteek het, aan te sit. Hulle het geweier om skottelgoed te was omdat die water hul naels sou „smash", en my Pa het toe maar niks gesê nie. Daardie nag het hy „n skêr geneem en party van die naels happe in gaan sny. Hulle was baie kwaad maar Oupa het hulle toe mooi laat verstaan dat hy hulle naels „gesmash" het sodat hulle in die vervolg ook met die skottelgoed kon help.

Eenkeer het Mevrou de Lange vir Anna gevra om tog asseblief vir haar te help om vir vier klein katjies herberg te soek. Sy sou haar dan „n Pond gee sodra sy die katjies sou kom haal. Anna het toe gesê dat sy van mense weet wat die katjies sal neem. By die huis het sy toe al vier die klein katjies in „n emmer water versuip. Daardie aand het my boetie Gullie toe vir my Pa vertel wat sy met die katte gedoen het. Hy roep haar toe om uit te vind of dit die waarheid is.

"Ja Dad, „n pond is „n pond!" sê sy toe.

“Maar magtig Antjie, as jy dit nou moes doen hoekom dan voor Gullie, en kom dan sommer nader sodat ek kan voel of jy regtig „n mens is!” het my Pa geantwoord.

Tant Mart, my Ma se een suster, het ook gereeld by ons kom kuier. Een oggend was Anna al vroeg aangetrek om dorp toe te gaan. Tant Mart vra toe vir haar waar sy dan so vroeg al heengaan. Anna sê toe vir haar dat sy haar vriend daardie middag om eenuur voor die Rissikstraat Poskantoor moes ontmoet. My Ma hulle het maar net begin lag omdat Anna toé al met die handsak op die skoot sit.

Ons het ook altyd met „n bal op die sypaadjies gespeel. Een middag het ons toe weer besluit om te gaan bal gooi. Lena, „n skoolmaat van my, gooi toe eerste maar ek vang toe die bal mis en die bal rol toe straat-af. Ek weet dat ek agter die bal aangehardloop het maar dit was al wat ek kon onthou. Ek het eers twee dae later in die hospitaal wakker geword. Ek kon toe al huis toe gaan maar toe besluit my Ma en die dokter om sommer maar my mangels ook uit te haal. Toe bly ek nog vier dae langer in die hospitaal.

My Pa se een neef, Oom Toek van Wyk, was „n stoeier gewees en ek en my Pa was seker twee van sy grootste ondersteuners. Een van my skoolmaats het later met die bekende stoeier, Willie Liebenberg, getrou. Daardie dae was daar ook nog Johannes van der Walt en Manie Maritz wie bekende stoeiers was.

Die 23ste Februarie 1942 was „n baie treurige dag toe die polisie Johannes van die Walt in die rug geskiet

het. Almal het getreur. Hy was „n groot sportheld en „n Afrikaner patriot wie se politieke denke deur die simboliese Ossewa-trek van 1938 geïnspireer was. Hy het daardeur gou in konfrontasie met die regering gekom en was ook met die Ossewa-trek van 1938 gevra om een van die leiers van die perde-kommando te wees. Op die einde het daardie eens forse liggaam maar „n karige 40 pond (minder as 20 kg) by sy afsterwe geweeg. Hy is in die Wesparkse begraafplaas in Johannesburg begrawe en op sy graf is net die woorde aangebring: *„Hy het geval as slagoffer op die pad van Suid-Afrika."*

Aan die einde van 1942 het ons toe die tyding gekry dat Oom Awie iewers in die Noorde *„Missing in Action"* was. Dieselfde tyd het my Ouma-hulle ook „n telegram gekry. Dit was „n harde slag vir my Pa gewees. Daardie dag het ek my Pa vir die eerste keer gesien huil. Op Queenstown het hulle toe „n roudiens gehou en die Leër het ook al Oom Awie se besittings vir my Ouma gestuur. Ons het almal gerou en niemand het meer van hom gepraat nie.

Figuur 30. My Pa se broer, Awie, in die Weermag, gedurende WWII. Hy was by 'n geleentheid as 'Vermis-In-Aksie' aangegee, maar het uiteindelik veilig na Suid-Afrika teruggekeer nadat hy uit die puin van Tobruk gered is.

Een aand word daar toe hard aan die voordeur geklop. Ouma, wie die voordeur gaan oopmaak het, wou flou word toe sy Oom Awie by die voordeur sien inkom. Sy het seker gedink dat dit sy gees was. Oom Awie het haar gegroet met die woorde: *"Ou Fiel, het julle nou gedink dat julle so gou van my ontslae kan raak?"* Van blydskap het ons almal gehuil. *"Awie, hoe het dit gebeur dat daar so „n groot fout gemaak was? Jy weet ons ou Moeder het oud geword vandat sy van jou dood gehoor het?"*

Oom Awie vertel toe dat hy in Tobruk, onder „n gebou wat gebombardeer was, toegeval was, en dat hy eers na drie dae dit kon regkry om sy

hand deur „n opening te kry en toe so hard as moontlik te skree. Mense het hom glo gehoor en so is hy toe onder die puinhoop uitgehaal. Hy het drie maande in die hospitaal deurgebring om van sy onderonsie met die Duitsers te herstel. My Pa het toe dadelik vir Oom Boet gaan bel. Oom Awie het „n rukkie by ons gekuier en is toe later Queenstown toe waar hy by my Ouma-hulle gaan woon het.

In daardie tyd het daar, om tien-uur elke aand, „n dan ook „n fluit geblaas, en dan mag daar gladnie swartmense in die dorp gewees het nie. Terloops, ons was banger vir die twee groepe bendes („gangs") in die buurt as vir die swartmense. Een groep was die „Amtenburger Gang" en die ander een was die „Albert Jackson Gang". Die twee groepe het altyd baklei en dan het die polisie maar kom help.

Een middag, terwyl Oom Awie nog by ons gekuier het, het hy my boetie Corrie gevra om vir hom sigarette by die kafee te gaan koop. „n Rukkie later het hy sonder die sigarette terug gekom en vir Oom Awie gesê dat sekere mans, wat besig was om by die slotmasjien in die kafee te speel, die sigarette-geld by hom gevat het. Oom Awie en my Pa, twee geharde broers en WWII oorlog-veterane, het toe na die kafee toe geloop en die skuldiges daar aangetref.

My Pa vra hulle toe wie van hulle die baas daar was en Albert Jackson, die leier van die Albert Jackson bende, het opgestaan, sommer lekker astrant en sarkasties. Oom Awie vra toe vir hom waar die

geld was wat hy netnou van die klein seuntjie gevat het. Albert Jackson antwoord toe vir Oom Awie dat dit hy was en dat hy die geld sommer gaan hou ook. Ek was nie saam gewees nie, maar Corrie het my vertel wat toe verder gebeur het.

Oom Awie het hom glo onderstebo gekeer terwyl my Pa „n ander een vasgehou het. Daar was vier van hulle en een het stadig nadergekom met „n mes in sy hand. Oom Awie het glo vir hom gesê: *"Moet nie eers probeer nie ou boetie, ek kom nou van die Noorde af en jy moet dalk bietjie gaan kyk wat ek alles daar aangevang het."* Jackson het toe die geld aan Corrie teruggegee. Baie jare daarna het Albert Jackson se eie vrou iemand gehuur om hom by die New Canada stasie te gaan doodskiet.

Terwyl Oom Awie daar gekuier het, het sy baadjie eendag van „n brandende sigaret aan die brand geraak waarop die settee (waar hy geslaap het) ook aan die brand geraak het. Ek het gelukkig wakker geword en my Pa gaan roep en Oupa het geskreeu dat ons nie die deure moes oopmaak nie sodat die skielike suurstof nie die smeulende kole moes laat vlamvat nie.

Rhoda, sy dogter, het ook by ons gebly. Voor sy vertrek het hy vir ons vier vrouens gesê dat die eerste brief wat hy van een van ons kry, sodra hy teruggaan Noorde toe, hy vir daardie persoon „n Italiaanse handsak sou stuur. „n Dag nadat Oom Awie weg is, het ek my brief al geskryf en inderhaas die volgende dag gaan pos.

Ek is nie seker wanneer die ander toe hulle briewe geskryf het nie. Drie maande daarna het my handsak toe ge-arriveer. Dit was „n Italiaanse „slingbag" van „n ligte vesel-kleur wat uitgewerk was met Egiptiese figure op. Dit was „n baie mooi handsak en ek het toe dadelik besluit om dit maar vir my Ma te gee aangesien die handsak vir my te groot was. Rhoda was natuurlik baie kwaad gewees en het begin huil. Anna se houding was: *"Wie wil dan nou ook so „n lelike ou handsak hê?"*

Ek het opgestaan en die handsak vir my Ma gaan gee. My Ma: *"Rhoda, ek glo nie dat regtig jy baie oor die handsak treur nie, maar, dink ek, eerder omdat jy vies is omdat San julle twee voorgespring het. Van nou af moet jy dan maar gereeld vir jou Pa skryf, miskien stuur hy dan eendag ook vir jou „n handsak!"*

Anna het ook gereeld op dieselfde sitkamer-bank, waarop Oom Awie geslaap het, gaan lê en rook. Eendag het sy opgespring en kamer toe gehardloop, al skreeuende vir Ouma dat sy die figuur van „n „vrou" daar gesien loop het. In dieselfde tyd het ek geskrik en geskreeu en ook na my Ma se kamer toe gehardloop tot ons almal pens-en-pootjie by haar op die bed was. Maar my Ma het ons gerusgestel en vertel dat niks snaaks sou gebeur nie.

TOBRUK FALLS TO AXIS ASSAULT

DEFENCES PIERCED BY VIOLENT ATTACK

NUMBER OF SOUTH AFRICANS IN GARRISON

LARGER PART OF FORCE INTACT

THE CAPTURE OF TOBRUK by Axis Forces was announced in German and Italian communiques yesterday. They claimed the capture of more than 25,000 prisoners.

To-day's Middle East communique says there is no further news from Tobruk, "which must be presumed to have fallen."

From enemy accounts it appears that the fortress was stormed on Saturday by an overwhelming armoured force which broke through the defences from the east and south-east. With divisional headquarters and the town occupied, the garrison surrendered.

Field Marshal Smuts, Commander-in-Chief of the South African Forces, in a statement issued to-day, says "a substantial number of the South African Forces in Egypt" has been captured by the enemy in Tobruk.

There remains, however, "the larger part of the total South African Forces sent to Egypt," and these, he says, with reinforcements which the union will now provide, will continue to take part in the defence of Egypt.

Although commentators admit that the loss of Tobruk is a heavy blow, it is pointed out that powerful forces still bar the way to Suez, and the Eighth Army, in strong positions on the frontier, is prepared for Rommel's next blow.

Figuur 31. (B0): Nog 'n nuusbrokkie oor die val van Tobruk waar Oom Awie later vermis geraak word het, maar weer gered moes geword het.

Figuur 32. Agter van Links na Regs: Oom Awie Gouws (wie die handsak uit die Noorde vir my gestuur het); Oom Boet Gouws wie vir my die tikmasjien gekoop het); my Ouma Gouws en my Pa (heel regs). Voor: Willem Gouws, Oom Boet Gouws se seun (Omtrent 1938).

Met die groot ontploffing in 1943 by die Munt in Pretoria het my Pa se een broer, Oom Boet, ook daar gewoon. Hy was „n sipier in die plaaslike tronk. Tant San, sy vrou, was gelukkig ten tye van die voorval in die hospitaal en sy twee seuns nog op kosskool. My Ouma en Oom Boet het baie seergekry. Van die huis se balke het op my Ouma se kop geval en hul was „n hele ruk in die hospitaal. Oom Boet se motor was ook baie verniel en Oupa het toe later sy motor vir hom reggemaak.

Ek was al getroud toe my Ouma Gouws in 1948 by my kom kuier het en my vertel het van die seer plekkie

op haar kop wat gladnie gesond wou word nie. Ek het gekyk en „n bietjie gekrap en toe trek ek nog „n stukkie splinter, voortspruitend uit die Munt-ontploffing, uit haar kop uit.

Een keer het my Ma vir my „n nuwe volkspelerok gemaak. Daardie aand sou daar „n groot fees by die skool wees. Lede en groepe van die Voortrekkers was dan ook genooi. My skoolmaat se Pa was die Kaptein van die polisie in Hillbrow, en het gereeld vir my kom haal vir die volkspele.

Ek was eendag ook net gereed vir die gala toe Anna by die voordeur inkom en sê: *"En toe San, is jy al klaar aangetrek vir die gala? Snaaks, ek sou nou nooit sulke materiaal gekies het nie, en moet nie jou kappie vergeet nie. Hoe laat vanaand gaan jou wa jou weer terug bring?"*

Ek het haar geïgnoreer kamer-toe geloop om verder klaar te maak. Anna het die gawe gehad om my geesdrif binne vyf minute te verpletter. Ons skool het self die materiaal van die rokke gekies en ek het later maar haar gewoonte om my te beledig geleer duld. Sy en Rhoda het altwee aknee-probleme gehad, en ek was baie gelukkig om nie daarmee te hoef gesukkel het nie.

Ek was in Standerd 7 toe „n spoorweg-lorrie een Saterdag-oggend voor ons deur stilhou. Hulle laai toe „n groterige pakkie vir ene „Mej. S.C. Gouws" af. (Dit was nou ek). Groot was my verbasing toe ek die karton oop maak en „n

tikmasjien sien wat my Oom Boet vir my gestuur het. Op die pakkie was „n briefie waarop geskryf gestaan het: *"Ons is lief vir jou en hoop dat die tikmasjien sal help sodat jy nou meer by die huis kan oefen."* Anna het soos gewoonlik weer iets te sê gehad, en met „n, *"Ek wonder maar net wat almal in jou sien!"* is sy toe by die deur uit.

Saterdae was gewoonlik my strykdag en dan het my Pa gewoonlik langs die tafel gesit en koerant lees. Die strykysters wat ons gebruik het, het „n los handvatsel gehad waarmee ons die warm yster van die stoof af moes optel. Ek weet nie wat gebeur het nie, maar terwyl ek die yster na die tafel toe bring gly die knip los en die yster tref my Pa op sy groottoon. Die koerant het hy dadelik neergegooi en op die een been badkamer- toe gespring. Hy het daarna nooit weer langs die tafel gesit wanneer ek gestryk het nie.

Wat my baie ge-irriteer het, was die klapperhaar-matrasse waarop ons geslaap het. Hulle was altyd knopperig en bulterig, en dan was dit „n gesukkel om jou lê te kry. Gereeld elke twee jaar is daar nuwe slope gemaak, en dan was dit ons kinders se werk om die klapperhaar uit te pluis en in baddens water te was, maar natuurlik nie op „n winderige dag nie.

Eenkeer terwyl ek weer besig was met my huiswerk het my suster Anna weer op die bed gelê en sing. Hierdie was die oorspronklike woorde van die lied:

"My vader was „n dronklap, en

my moeder het gesterf;

En ek so alleen en eensaam,

moet alleen oor die aarde rondswerf."

Maar sy het die lied nie so gesing nie. Haar plaasvervangde weergawe was:

My vader was „n bliksem, en

my moeder het gevrek;

En ek so alleen en eensaam,

moet nou bedel by elke hek.

My Pa, wat in die kombuis besig was, het toe vir haar geskeeu: *"Antjie, sing die lied reg of bly stil!"* Natuurlik het sy maar net aangehou. Toe my Pa met „n plak die kamer instorm het sy gou geskrik en, nadat hy haar „n oorveeg gegee het, gesê: *"Ag sorry Dad, ek sal nooit weer Dad se skeerspieëltjie breek nie."* My Pa: *"Vader Antjie, het jy dit ook nog vandag gedoen?"*

Buite het hy my Ma gevra waar hulle vir Anna gekry het, waarop sy gevra hoekom hy dan wou weet. My Pa: *"Omdat ek haar nou graag wil gaan teruggee!"*

Ek en Anna se slaapkamer was in twee dele verdeel. Sy het dan ook eerste haar deel van die twee kante gekies. Ek het toe die venster en die muur met die deur in gekry, „n goeie voordfeel.

Maar ek het ook geweet dat dit was omdat sy te lui was om die venster te was.

Een middag, toe ek van die skool af kom, het Anna haar twee mure met „n lap, wat in donker blousel-water geweek was, mee allerhande patrone op die muur gedruk. Dit het baie lelik gelyk en was hopeloos te donker gewees. Ek het maar niks gesê nie omdat sy graag „n verandering („a change") wou maak, maar daardie aand, toe Oupa by die huis kom, was hy baie kwaad en het haar twee dae kans gegee om dit te verwyder.

Skaars „n week later het Anna weer haar twee mure met fotos van akteurs beplak. Hierdie keer het hy haar net „n dag kans gegee om dit te verwyder.

Eenkeer het daar „n rolprent by die bioskoop gespeel wat ons altwee graag wou sien. Dit was
„n Vrydagaand en gewoonlik het my Pa eers nege- uur in die aand by die huis gekom. Daardie aand het hy egter vroeër by die huis aangekom. Ons het skaars in die bioskoop gaan sit toe daar afgekondig word dat Anna en Santjie Gouws na die voordeur moes kom en dat hulle vader vir hulle daar wag. Ek het opgestaan en voordeur-toe geloop ... gelukkig was dit donker in die bioskoop gewees.

Anna het egter aan die sykant van die bioskoop by die uitgang (by die „Exit") uitgehardloop en natuurlik was sy toe voor ons by die huis gewees. Voor sy nog kon praat het my Pa haar stilgemaak

en was dit toe mos alles „Pa se skuld" (omdat hy te vroeg van die werk af gekom het).

Toe my boetie Gullie so nege jaar oud was, wou hy ook graag „n fiets hê, maar my Pa wou gladnie vir hom een koop nie, omdat hy gemeen het dat strate te besig was en dat die karre hom sou raakry. Corrie was toe omtrent so veertien jaar oud en het toe besluit om vir sy boetie Gullie „n houtfiets te maak. My neef, Boet Gouws, Oom Awie se seun (nie dieselfde persoon as my Oom Boet Gouws nie), was toe sestien jaar oud en het hom gehelp daarmee.

Die fiets se handvatsels was ook van hout maar die fiets het „n gewone fiets-sitplek gehad met wiel-laers („ball bearings") in die wiele. Toe kom die proefrit, sommer daar in die nagstraatjie. Gullie het opgeklim en so „n paar trappe gegee, maar toe ry hy summier in die muur was. Hy is net lig beseer, maar gesien hoe die hout-voorwiel van die fiets die nagstraatjie afrol. Nadat my Pa met hulle geraas het was dit toe ook die einde van die lawwe fiets-makery.

Een Saterdag-oggend het Corrie en Boet Gouws weer kastig in die motorhuis (die „garage") gaan werskaf maar wat hulle daar aangevang het, het nie een van ons geweet nie. Ek het op die agterste, toegemaakte stoep gestaan en skottelgoed was toe ons die slag hoor. Ek het vinnig by die venster uitgekyk en net gesien hoe ou Soes Mathee se „garage-dak" die hoogte in skiet. Toe ons by die „garage" kom, staan Corrie en Boet Gouws verdwaas daar, bleek geskrik, hare geskroei en sonder ooghare.

Ou Soes het net baie geraas en al my Pa se goed moes dadelik verwyder word. Hy moes toe ook al die onkoste van die skade dra. Daardie aand het my Pa haar gaan sien en toe is daar gereël dat hy self alles sou regmaak en „n nuwe sinkdak opsit.

Een middag was ons ook almal by die huis toe daar hard aan die voordeur geklop word. My Pa het die deur gaan oopmaak en gesien dat dit Gullie se skoolmaatjie se Pa was. Hy was baie kwaad en het vir my Pa beduie dat Gullie sy druiwe-priëël gebreek het. My Pa roep toe vir Gullie en vra toe met „n kwaai stem of die aantyging wáár was. Gullie het erken dat hy dit gebreek het en dat die man se eie seun ook gehelp het om die prieël te breek.

"Gullie," sê my Pa toe. *"As jy weer druiwe steel en jy bring nie vir ons ook nie, dan sal ek jou self „n goeie loesing gee!"* My Pa het toe vir die man gesê om alles net so te los, en dat hy dan sy prieël vir hom sou kom regmaak. Nadat dit reggemaak is, het die man ook later kom *dankie* sê met „n groot skottel druiwe.

Oom Gert en Tant Magriet het my ook gereeld met vakansietye kom haal. Hulle het net seuns in die huis gehad. Hulle oudste dogter was al getroud en die jongste was nog nie gebore nie. Die dag toe Tant Magriet begrawe is, het Oom Gert gewag tot ons kom sodat ek hom kon help aantrek. Gelukkig het Piet Stassen saamgegaan wie toe sy broek kon help aantrek en sy das help aansit. Daarna het ons vertrek na Tant Magriet se begrafnis.

My Pa was daardie tyd nog steeds in die Weermag in Pretoria en ons het so stadigaan begin voorberei dat hy binnekort ook opgeroep sou word vir diens in die Noorde. Partykeer het ek dan maar gebid dat die oorlog tog moes ophou voordat my Pa Noorde toe moes gaan. Om darem ses jaar van jou lewe aan oorlog af te staan was regtig nie lekker nie. Gelukkig was dit vir ons wat agtergebly het „n relatiewe veilige oorlog en baie ver verwyder van die vernaamste oorlog-gebeure af.

My nuutste boetie, Martin, was omtrent 5 maande oud toe my Pa opgeroep word om Noorde toe te gaan. Gelukkig het my Pa naweke alles wat in die huis stukkend was vroegtydig reggemaak, mure nuut oorgeverf en die hele huis vol nuwe tapyt gelê. Hy het versterkings voor die vensters gesit en my Ma het nuwe, dikker gordyne gehang. My Pa het ook rolle blinders aan die binnekant van die vensters ge-installeer.

My Pa het „n paar dae vakansie tot sy beskikking gehad en ons almal het gehelp om alles reg te kry. Hy het byvoorbeeld die kleintjies toegelaat om die horde knope aan sy jas en uniform blink te maak. Ons het ook vir oulaas „n dag in die dieretuin gaan deurbring.

Die aand voor sy vertrek het hy ons bymekaar geroep om pligte uit te deel. Ouma moes „nuggets" kole koop, sodat vir klein Gullie makliker sou wees om te skep. Sy moes ook sorg dat sy by „McPhail" kort mynhoutjies koop, sodat dit vir klein Corrie makliker sou wees om te kap. Ek was

aangestel om die kleintjies met hulle huiswerk te help, en ook met die huishoudelike take te help. Anna het die opdrag gekry om vir haar „n ou „joppie‟ te soek en ook vir my Ma met die versorging van klein Martin help. Anna moes ook elke aand vir ons „n stukkie uit die Bybel lees. Daarvoor moet ek haar darem ook krediet gee, want vir solank as wat my Pa in die Noorde was, het sy dit getrou elke aand gedoen. Sy het Martin feitlik grootgemaak ook.

Die dag met my Pa se vertrek na die Noorde het ons almal saam hom na die stasie-toe geneem. Daar was dit „n gewemel van mense en huilende vrouens. My Pa het eers sy bagasie alleen in die trein gaan bêre, aangesien hy nie wou hê dat ons saam moes gaan nie. Hy was blykbaar bang dat ons dalk doodgetrap sou word. Ons het daarna ook vir oulaas elk „n „Pie & Gravy‟ in die stasie-kafee gaan eet. My Pa het nou wel grappies probeer maak, maar niemand wou lag nie. Ons het klaar geëet en voordeur toe gegaan terwyl Anna „n huurmotor gaan bestel het.

My Pa het my Ma eerste gegroet en eers daarna vir ons kinders. Ons het toe stilgestaan en hom agterna gekyk. By die stasie se peron-trappe het hy sy pet afgehaal en vir ons gewaai. So was dit hoe ek hom wou onthou ingeval hy dalk nie weer sou terugkom nie.

Een Saterdag-middag was ons kinders besig om met die kaarte „rummy‟ te speel terwyl ons hondjie daar naby ons op my Pa se gereedskapkis gelê en dut het. Die nuwe tapyt wat my Ma vir die

kombuis gekies het was sulke swart-en- wit blokkies wat baie mooi by die witgeverfde tafel, kaste en stoele gepas het. Die „tafel-kliekie" (tafel- kleedjie) was ook van kleiner wit- en- swart blokkies gewees. My Ma maak mos toe die fout om met „n swart-en-wit blommetjies-rok by die deur ingeloop te kom, „n toneeltjie wat seker te erg was vir die hond. Die hond het net „n sagte blaffie gegee en toe flou van die kis af geval

Anna het ook gedurig fotos van ons geneem, aangesien iemand vir haar een van daardie „Black Box" kameras geskenk gegee het. Wat egter van al daardie horde fotos geword het weet ek ongelukkig nie.

Nog iets wat ek nie kon verdra het nie was daardie lelike vliëe-hangers wat met „n duimspyker aan die dak vasgesteek geword het. Hoekom my Ma altyd gewag het dat die vliëe eers so gekoek aan die ding gesit het voor sy dit vervang het, weet ek nie.

Die kleintjies se stokperdjie was om blinkpapier bymekaar te maak. Hulle het dit dan in groot balle gerol en dit by die poskantoor gaan inhandig. Een keer het hulle een so groot gerol dat hulle dit nie optel nie. Op die ou ent moes ek hulle toe help om die bal in die straat af te rol, tot groot vermaak van die bure.

Ons het ook gereeld met „n flits deur die „San Zusi" tonnel gaan loop. Dit was „n stormwatersloot wat die water na die rivier toe gelei het. Vandag

besef ek hoe gevaarlik dit was en natuurlik het my Ma nie altyd geweet waar ons speel nie.

In die somer het ons net die gasstoof gebruik en, wanneer daar dan nie geld vir gas vir die gasstoof was nie, het my Ma maar die ou paraffien „primus-stofie" nader getrek. Bewaar jou siel as daar dan nie „n „pricker" naby was nie. Daardie jare was die „Firefly" vuurhoutjies ook nog te koop. Ouma het ook paraffien-vet aangemaak om die skurfte te keer en sodra jy dan kole moes gaan skep, moes jy dan van heeltemal van vooraf gebad het.

Daar was ook baie gesegdes wat ons tot vervelens toe moes hoor, soos byvoorbeeld:

*„Moenie lê en eet nie want dan kry jy horings", of „Wanneer die vadoek val kom daar kuiermense". Ander was: "Was agter jou ore en kou toemond***.'**

In die winter was daar gereeld rooi flennie onderhemde vir ons gemaak wat ons onder ons klere aangetrek het. Wanneer jy die fout gemaak het om te hoes was jy tot op jou kroontjie met „Vicks" besmeer. Verder was dit gort vir loopmaag en bokmis vir masels.

My Ma het ook „n ou grammofoon gehad wat sy gewoonlik uitgehaal het wanneer sy alleen wou wees. Ons kinders het dit haar „stil-stil tyd" genoem. Haar plate-versameling was ook beperk. Dit het bestaan uit die blinde Strydom- broers, Frans en Sannie Briel, en dan heel laaste het Oom Chris Blignault ook „n beurt gekry.

Ons het darem nog „banana splits" gekry; „chocolates" en „Peppermint Crisp" was „n tiekie (3^{d}). Ons was ook baie lief vir die „Chicklets-kougom", maar dit was baie skaars. Vir vleis moes ons dikwels vir twee ure in „n ry gestaan. „Bullybeef" was natuurlik baie volop en die blikke was so groot dat ons omtrent vier etes gehad het daaruit. Ons kinders het naderhand die onsmaaklike geel mieliepap bo die „Bullybeef" verkies.

Musiek was in daardie jare van baie belang. Plate soos *„Pack Up Your Troubles In Your Old Kit Bag"*; *„Roses Are Blooming In Picardy"*; *„There"s A Boy Up North"*, *„We"ll Meet Again"*, *„The White Cliffs Of Dover"*; *„Lily Marlene"* en „Chattanooga Choo-choo" ens.

Die ou Gaiety-bioskoop het amper nooit meer „comics" (animasie-prente) gewys nie. Dit het plek gemaak vir die Britse nuusprogram, „African Mirror". Ons het vroëer graag die Charleston geleer dans, maar nadat my Pa Noorde toe vertrek het, het ons dansery ook doodgeloop.

Sekere bure van ons, nl. die Van Vuurens, het toe weggetrek, en buitendien was daar in elk geval „n skaarste aan mans. Dit was dit dus gladnie snaaks om by geleentheid twee vrouens te sien dans nie. Daar was ook baie egskeidings gewees. „n Skool- vriendin wie se Pa ook Noorde toe was, was baie geskok toe sy een middag van die skool af kom en sien dat hulle buurman, Oom Jannie, by haar Ma ingetrek het. Oom Jannie se vrou het weer by haar ouers gaan bly.

My Ma het baie na my Pa verlang en al maerder begin word; dus het ek al meer begin besef hoe nodig ons vir Anna gehad het. Neem in aanmerking dat die soekligte en sirenes „n nagmerrie-ervaring vir kinders soos Gullie en Fielie was. Vir die donker huis was die baba Martin ook baie bang en dan het ons gewoonlik net een kers gebrand. Anna het die kinders bang gemaak deur hulle te vertel van die bomme wat sou val wanneer hulle nie vir haar winkel toe wou gaan nie. Gullie het kort-kort aan my of my Ma se rokke kom vashou; hy was toe maar sewe jaar oud en Fielie ses jaar.

Anna het toe ook geen poging aangewend om werk te soek nie, maar ek was maar tog te dankbaar daarvoor omdat my Ma nie bedags so alleen sou wees nie. Eendag het ek gehoor hoe Anna vir my Ma vertel van „n nuwe „Pond Shop" (pandjieswinkel) wat om die hoek oopgemaak het, en het ek my lam geskrik omdat Anna alewig besig was om geld te soek vir sigarette.

Daardie aand het ek vir Corrie gevra om tog maar te kyk wat aangaan wanneer ek nie by die huis is nie. Anna het ook nie baie lank gewag om met haar streke te begin nie. Een middag het Corrie weer my tas vir my kom dra en sê toe vir my dat ons Pa se splinternuwe groen kruiwa nie meer onder die afdak staan nie. Ek het toe vir hom gevra om maar eers stil te bly sodat ek kon dink wat om te doen.

Terwyl ek geëet het, het ek gesit en dink hoe om haar daaroor te vra, en onthou toe Juffrou

Leibrandt se raad om eerste aan te val. Ek het dadelik kamer toe geloop en haar gevra waar die (pandjieswinkel) „strokie" was.

"Watter strokie soek jy nou weer?" het sy gevra.

"Anna, ek soek die strokie van die pawnshop waar jy vanoggend dad se groen kruiwa gaan pawn het."

My Ma het toe kom hoor waarom ek so lawaai opskop en ek vertel haar toe van die groen kruiwa wat sy vanoggend gaan verpand („pawn") het.

My Ma: *"Anna, het jy dit regtig gedoen, en as jy geld nodig gehad het kon jy mos net gevra het?"*

Ek: *"Nee Ma, al wat Anna skelm koop is sigarette en sy sal nie dit vir ma vra nie."*

"Anna, rook jy tog nie?" het Ouma gevra. Maar nog steeds het Anna nie geroer nie.

"Weet Ma nou regtig nie dat Anna rook nie, want sy rook al van Buckingham Laan se dae af?" het ek gesê.

My Ma: *"Kyk San, moet nie met my cheeky (astrant) wees nie, want hiervan sal jou Pa hoor."* (Sodra Anna altyd iets skelm gedoen het dan het my Ma gewoonlik gesê *Moenie dat jou Pa hiervan hoor nie)*.

Ek: *"Ma, sê vir haar om vir my die strokie te gee, want ek het baie huiswerk om te doen en wil eers die kruiwa gaan haal."*

Sy het die strokie toe maar uitgehaal en ek en Corrie het toe die kruiwa gaan haal. Corrie het die kruiwa self gestoot en wou nie dat ek hom help nie omdat ek nog my skoolklere aan gehad het. My verklikkery het toe niks gehelp nie, want „n paar dae later toe ek van die skool af kom, toe sit my Ma en my suster Anna weer en „Ludo" speel, maar met een groot verskil: Daar was toe „n asbakkie aan albei kante van die tafel.

Ons kinders het ook altyd in die bomskuilings („air raid shelters") gaan speel en dit baie geniet. Dit was gebou op „n groot leë stuk grond langs die ou Johannesburg „Fort". Die dae was baie lank sonder my Pa en so eenmaal in twee maande het daar darem „n brief gekom.

Een Saterdag-oggend het ons weer die werk ingedeel. My Ma sou die wasgoed was terwyl die twee seuns die agterplaas sou skoonmaak. Anna se werk was om al die afstofwerk te doen en dan vir inkopies winkels toe te gaan. Ek moes al die skottelgoed was en ook die kombuisvloer skrop.

Dit was omtrent twaalfuur toe almal klaar was en ek toe hoor dat Anna se been weer te seer was om winkels toe te gaan. Ek was baie moeg en het vinnig kamer-toe geloop. Sy het toe gou opgespring en buite-toe gehardloop, en toe sy nog dink om oor die muur te spring, toe gryp ek haar

en sleep haar toe oor die growwe teer wat op die sypaadjie was. Ou Mevrou Rose, wie langs ons gewoon het, het toe die lawaai gehoor, want Anna het omtrent soos „n maervark geskree. Mevrou Rose gryp my toe aan my arm en sê: *"Susan, please, I know Anna deserves this beating, but my dear, let"s leave the killing for the war."*

Anna se been was rou as gevolg van die voorval en toe sou my Pa mos weer soos gewoonlik daarvan hoor. Ek het toe maar my knieë en gesig gaan was, en my hare gou gaan kam. Daardie jare het al die winkels op „n Saterdag teen eenuur al toegemaak en gewoonlik eers weer Maandag-oggend oop gemaak. Ek en Corrie het toe gou winkels-toe geloop om die kruideniersware te gaan koop. Met
„n glimlag sê Corrie toe vir my: *"San, jy weet, vandag het jy darem haar ou been mooi seer gemaak!"*

Ek: *"Corrie, asseblief ... vergeet liewer daarvan. Ek voel glad nie trots op myself nie. Sy is so lui en dit maak my vies as Ma haar stories altyd glo."*

Ek het ook „n gewoonte daarvan gemaak om smiddae vir Corrie te vra of hulle huiswerk gedoen was. Een middag vertel Corrie vir my DAT hulle nie huiswerk gehad nie omdat hulle nie skool-toe was nie. Toe ek vir my Ma vra hoekom hulle nie in die skool was nie toe sê sy dat sy te siek was om die wasgoed te was.

"Wel," sê ek toe. *"Het Ma-hulle vandag toe die wasgoed gewas sodat die kinders darem vir môre en Vrydag skoon klere het?"*

Maar, daar was net so „n koue stilte gewees. Ek het toe maar badkamer-toe geloop om die wasgoed in die bad te gaan was en my Ma het toe ook kom help. Terwyl ek en my Ma die klere stryk vra ek haar toe om tog toe te sien dat Anna die wasgoed was. Maar daardie aand het ek my weer aan die slaap gehuil en moes ek weer vir my Ouma Gouws skryf om my te kom help. Ek kon my suster Anna nie meer hanteer nie.

„n Buurvrou van ons het vir my en Anna geleer om sykouse se lere op te tel. Daardie jare was die goeie sykouse 19/6 en die goedkoper „Lyle- kouse‟ was 3/6 „n paar. Ons het mooi reggekom en het darem naweke „n bietjie sakgeld gehad. Twee weke later het my Ouma toe gekom en was my probleme darem toe „n bietjie minder.

Een oggend het my Ouma vir Anna gevra of sy haar nie kon help om „slingbags‟ te maak nie. Sy sou die geld voorskiet en dan kon Anna die snywerk doen en Ouma die masjienwerk doen. Ons kon dan die handsakkies verkoop en die geld dan tussen ons vier verdeel. Ek en my Ouma het die huiswerkies gedoen sodat hulle die handsakke kon maak. Daardie jare was die handsakkies baie in die mode.

Die eerste keer toe ons met die handsakkies geld begin verdien het, het ek die drie kleintjies

bietjie bioskoop toe geneem. Hulle het dit baie geniet omdat hulle nooit iewers heengegaan het nie. Toe my Ouma sien dat ek al my geld op die kinders spandeer het, sy maar altyd vir my „n bietjie van hare ook gegee.

Ek en Corrie het ook altyd vir Oupa Marais in sy kafee („Marais se Kafee") op die hoek naby ons huis gaan help wanneer sy bediende nie opgedaag het nie. Hy wou ons altyd betaal, maar ons wou nie geld gehad het nie. Hy het ons altyd die enigste twee „trotse Gouwsies" genoem. Ons het nooit honger gely nie, maar gedurende die oorlogjare (1939 – 1945) was die kos skaars en moes ons gereeld in rye gaan staan vir kommoditeite soos suiker en vleis.

Ons mag byvoorbeeld gladnie die bruin broodmeel gesif het nie. Gewoonlik het ons dan maar die suiker vir die kleintjies gebêre en in plaas van suiker konfyt in ons koffie gegooi. Ons kon daardie koffie vir „n hele uur lank geroer het maar, wanneer jy dit klaar gedrink het, het die klonte konfyt nog steeds onder in die koppie gelê. So het ek, Corrie en Anna ook weer eendag in „n ry gaan staan vir suiker. Elkeen van ons het „n pakkie gekry en met die terugkeer, omtrent so twee blokke van ons huis af, het Anna my teruggestamp en gesê: *"Kom ons kyk wie is eerste by die huis."*

Toe sy om die hoek van die gebou hardloop wat voor ons huis gebou was, kom daar drie koeie om die hoek gehardloop en „n swart seun

wat besig was om hulle aan te jaag. Corrie en ek het toe doodstil gaan staan en met haar gespringery tussen die koeie deur laat val sy toe daardie kosbare pakkie suiker; en met „n geskree hardloop sy toe in die huis in. As ons natuurlik nie in die straat was nie, sou Corrie sekerlik op sy rug gelê en lag het.

By die voordeur het ek en Corrie eers gewag om te hoor watter leuens sy die keer weer vertel. Toe my Ma haar vra of sy dan nie suiker gekry het nie, toe sê sy *ja* maar dat die koeie haar gejaag het wat veroorsaak het dat sy die pakkie suiker laat val.

"Antjie, moenie lieg nie. Koeie jaag jou nie helder oordag op „n teerpad in Ameshof Straat nie!" het my Ma gesê. *"Jy sal beter moet doen as dit. Ek soek die pakkie suiker!"*

Ons het toe ingegaan en vir my Ma gesê dat Anna hierdie keer die waarheid gepraat het. Corrie het toe op „n stoel gaan sit en wou hom doodlag. *"Ma moes haar gesien spring het met daardie kastige seer been van haar!"* het hy gesê, waarop Anna na hom toe geloop het en hom „n harde klap deur die gesig gegee het.

"Wel Antjie, spring jy nou maar weer na „n ander kafee toe en gaan haal „n ander pakkie suiker!" was my Ma se woorde.

Vroegtydig sê ek toe dat ek nog huiswerk het om te doen en Corrie sê toe: *"Net omdat jy my*

geklap het sal ek nie loop nie!" My Ma sê toe vir Anna om maar spring-spring gou „n ander pakkie suiker te gaan haal en sy het toe maar gegaan.

Een middag, net toe ek van die skool af kom, sien ek vir Anna by die kafee met „n man en vrou staan en gesels. Ek wou eers maak of ek hulle nie sien nie, maar toe gebeur daar iets wat my geskok het. My maats wat dit ook gesien het, het maar vir my onthalwe stil gebly en gou anderkant toe gekyk. Vir my Ma het Anna vertel dat sy „n bietjie by Bettie Pretorius gaan gesels het. Later, toe sy by die huis kom, val sy my toe sommer aan en beskuldig my dat ek seker nou vir my Ma vertel het.

"Ja Anna, ek het gesien wat gebeur het, maar jy weet seker dat jy met vuur speel né, maar kom ek en jy kom tot „n ooreenkoms. Ek sal nie vir Ma vertel nie, maar dan moet jy haar vertel dat jy in Craighall gejok het omtrent daardie ongeluk en dat dit nie my skuld was nie. Vra haar dan sommer hoekom sy nie vir my ook daardie dag gevra het of ek ook baie seergekry het nie omdat ek ook in die sloot was met die fiets bo-op my."

Anna: *"San, en sê nou ek wil haar nie die waarheid vertel nie, sal jy dan weer gaan verklik?"*

"Nee Anna, ek sal haar nooit so „n smerige storie gaan vertel nie", was my woorde.

Lank daarna, in Vleistraat (Carletonville), het Anna toe eendag vir my Ma die hele storie vertel terwyl

ek gaan teemaak het. Toe ek met die tee inkom vra my Ma toe of dit die waarheid is wat Anna haar vertel het, en ek het bevestigend geantwoord.

My Ma het net gesê: *"Nou ja, dan is dit ook maar tot daarna toe"*, en badkamer-toe geloop.

"So San, is jy nou bly omdat ek haar die waarheid vertel het?" het Anna gevra.

"Nee Anna, jy kon nou maar stilgebly het, want al wat jy nou gedoen het was om Ma verleë te maak. Buitendien is jy nou dertig jaar te laat", was my antwoord.

Op „n dag, twee jaar nadat my Pa Noorde toe is, het die langverwagte telegram gekom: My Pa kom huistoe! Weer het ons „spring-cleaning" gedoen sodat alles skoon kon wees vir die groot dag. Oupa se groen kruiwa het toe ook darem nog onder die afdak gestaan. Op die 3de Oktober, op Corrie se verjaarsdag, was ons toe met blink gesigte en nuwe klere op pad na die parade-gronde toe. Vir die eerste keer in twee jaar het my Ma weer gelag en by die parade-gronde het ons heelonder gaan sit sodat my Pa ons makliker kon sien.



Figuur 33. Uittreksel uit van een van my Pa se briewe gedurende WWII aan my Ouma Gouws. Sy ontslag is gedateer 20 November 1945.

Daardie dag was daar „n horde mense, trane en ellende ... en dan het van die soldate soms tevergeefs vir hul vrouens gewag. My Ma was in trane toe my Pa nader kom. Hy het vir haar eerste gegroet en toe vir ons. Hy was self ook verbaas om ons te sien. Almal twee jaar ouer, Martin wat al loop en praat en my Ma wat 20 lb (omtrent 9 kg) ligter was. Klein Martin was baie bang en het aanhoudend geskree; eers nadat my Pa sy uniform uitgetrek het, het hy gekalmeer.

My Pa het ook vir ons kinders „n hele sak vol „Chicklets-kougom" saamgebring en omtrent vir „n maand lank nog elke dag Pretoria-toe gery totdat hy ten einde laaste sy ontslag gekry het.

Figuur 34. My Pa en Ma, Gullus en Cornelia Gouws (gebore Scheepers), op my broer Gullie se bruilof, omtrent 1963.

My Pa het toe op Palmietfontein begin werk omdat die Jan Smuts Lughawe (vandag die O.R. Tambo Lughawe) toe nog nie bestaan het nie. Die Leër het hom baie goed behandel. Met sy ontslag uit die Leër het hulle hom „n kis vol gereedskap gegee en twee Harley Davidson motorfietse; een het tot „n syspan („sidecar") aangehad. Hulle het ook vir hom kontant gegee om vir hom nuwe klere mee te koop.

Een aand het ek en my Pa enmy Ma besluit om bioskoop toe te gaan. Anna en „n neef van ons, Flip Scheepers, het by die huis gebly om na die kleintjies te kyk. Hulle het „Rummy" gesit en speel en nie notisie geneem dat klein Martin die gasstoof so „n entjie oopgedraai het nie. Hulle was almal vas aan die slaap toe ons later by die huis gekom het.

Ons het dadelik plangemaak en „n dokter laat kom; hulle is inderhaas opgeneem in die Johannesburgse Algemene Hospitaal vir behandeling.

Kort voor die Standerd 8 eindeksamen het daar twee amptenare verbonde aan die regering („goewerment") ons skool besoek om tiksters te werf vir die groot verkiesing van 1948. Ek en drie van my klasmaats het ook die aansoekvorms gaan invul en sou net die werk kon kry indien ons die eindeksamen geslaag het. Ons het toe al drie geslaag, en het toe ons Standerd 8 sertifikate by die skool gaan haal. Daardie dae het hulle alreeds die uitslae ook in die koerant gepubliseer.

Tydens die skoolvakansie het ons na die sensuskantore toe gegaan om die sertifikate te gaan ingee en, na sowat twee ure, het ons al drie werk gehad. Daardie aand het ek toe vir my Pa van die werk vertel en was bang omdat hy altyd gesê het dat ek my matriek moes maak. Hy was verbaas omdat ek so gou „n werk kon kry, maar het my duidelik laat verstaan dat ek steeds nog „n keuse gehad het. Ek het nogtans besluit om liewer te begin werk.

Omdat ek maar net vyftien en „n halfjaar was het my Pa toe vir my „n klere-rekening oopgemaak wat ek dan maandeliks afbetaal het. Ek het in die tydperk wat ek gewerk het vir Oupa die huis se huur van tien „Ghienies" per maand, d.i. omtrent 10 x
£1 en 10s = £15 betaal. Die Britte se monotere stelsel is sedertdien gedesimaliseer.

Toe ek begin werk het, het ek vir my niggie Rhoda werk in die Yskorkantore gekry. Tom Müller, my aanstaande Skoonma Stassen se neef, was daardie jare die hoof daar en was later ook die Besturende Hoof. Sy het net „n maand gewerk toe huur sy „n woonstel in Doornfontein.

Anna het toe werk gekry in Doornfontein in „n kamfabriek en besluit toe dat ek en sy ook in „n woonstel moet gaan bly. Mevrou Bosch, bo in die straat, het volgens haar glo mooi woonstelle verhuur, en ons het haar toe gaan sien met die oog op die huur van „n woonstel. Anna besluit toe dat ons verseker die woonstel gaan neem en dat alles om die helfde betaal moet word ... die meubels wat ons moes koop, die maandelikse huishuur asook die krag (elektrisiteit) en die kruideniersware.

Voordat ons egter kon intrek het sy al weer klaargemaak („opgefinish") en volgens haar het ek genoeg geld verdien om solank alles te betaal totdat sy weer „n werk sou kry. Ek het dadelik na Mevrou Bosch toe geloop en vir haar gaan sê dat ons nie meer die woonstel gaan huur nie aangesien Anna haar werk gelos het. Sy was baie gaaf en sê toe vir my om my nie te bekommer nie aangesien dat sy al „n ander huurder gekry het.

„n Maand later kry Anna toe weer werk as plekaanwyser („usherette") by die Empire Teater in Johannesburg. Dit was die mees gesogte teater in Johannesburg en hulle het „n ernstige tekort aan meisies gehad; ek het gevolglik besluit om ook daar te gaan werk. Ons uniforms was „n langbroek en

langmoubloes met „n bypassende onderbaadjie. Dit het ook vir my „n ekstra inkomste beteken.

Ek het net drie dae gewerk en gladnie van die werk gehou nie. My Pa het my toe verbied om weer daar te gaan werk. Ek was beslis nie lus vir Betsie de la Porte se geskreeu in die opvoering van *Madam Butterfly* nie. Vandag besef ek eers hoe bevoorreg ek was om my kinderjare in so „n interessante historiese en stormagtige tydperk te kon deurbring soos om die geskiedkundige 1938-Ossewatrek te kon meemaak, asook om manne soos Robey Leibbrandt en Johannes van der Walt te kon ken. Dit was name en gebeurtenisse wat vandag nog in ons geskiedenisboeke vir ons nageslag bewaar word. Dan was daar ook nog die oorlog wat so baie huishoudings en gesinne omgekrap het, en wat van my te gou „n grootmens gemaak het.

DEEL 2 (Die Stassen Era, Vanaf 1947 – 2014 met die publikasie van hierdie rekord).

My man Piet en suster Anna met klein Piet en ons susterjie Nettie in die arms, ongeveer 1947/48.

Dit was die jaar 1946 en ek het net begin werk. Die oorlog was verby en die soldate wat die oorlog oorleef het was almal weer terug in Suid-Afrika. My Pa, wie ook alreeds „n geruime tydjie terug was, het toe ook weer begin werk.

Gereeld het ek en (suster) Anna nog uitgegaan om te gaan dans. Koos en Andries van Vuuren was ons dansmaats. Hulle Moeder was „n vriendin van my Ma. Koos het al gewerk maar Andries was nog „n student op Potchefstroom.

Eendag het een van die meisies saam met wie ek gewerk het my na „n partytjie genooi. Sy het langs „n boksklub in Brixton (Johannesburg) gewoon. By die saal het my vriendin Janie my aan die bestuurder van die boksklub voorgestel, „n kort, gesette man met die naam van *Johan Stassen*. Ek wou my doodlag vir die snaakse „van".

Ek en Piet in Durban op vakansie, ongeveer 1950

„n Maand later kry ons „n uitnodiging na die bruilof van my Tant Mart se seun Flip Scheepers, wie met „n geskeide dame, ene Mev. Botha, sou gaan trou. Die onthaal sou by Tant Mart se huis wees. My suster Anna wou nie saamgaan nie, en nog minder wou ek. My beswaar was dat my dansskoene nie meer geskik was nie, maar my Pa het toe belowe om die skoene silwer te „verf" sodat ek tóg kon gaan. Die eintlike rede waarom ek nie wou saamgaan nie was omdat ek nie van Tant Mart se dogter gehou het nie.

Met die aand van die troue het ek nietemin toe „n pienk rok aangetrek met „n pienk lint in my hare, tesame met die (geverfde) silwer skoene. Ek het ook „n storieboek saamgeneem. My neef, Piet Gouws, het „n groot kar gehad en het ons by die bruilof gaan aflaai.

Tant Mart se man, Eli, se broer was „n prokureur op Krugersdorp, en was ook by die bruilof. Hy was vergesel deur Tant Bet en natuurlik was al haar vriende van Randgate (by Randfontein) ook daar. Tant Mart se sitkamer was groot met glasdeure wat op „n patio uitgegaan het met die mooiste plante en stoele daar. Onder die afdak het die orkes gesit.

My toekomstige man, Piet Stassen, se Pa (ook soos Piet met die voorletters *P.J. Stassen*) was een van die orkeslede. Hy het die konsertina gespeel en kon ook mooi klavier speel. Later het ek toe ontdek dat hy mooi kon sing ook en dat hy in sy jonger dae „n tronkbewaarder by die gevangenis op Potchefstroom was. Dit was juis op Potchefstroom waar hy sy vrou ontmoet het. Sy was „n bewaarderés en elf jaar jonger as hy.

Op „n dag het „n vriend van my toekomstige man, Piet, my kom vra of geïnteresseerd sou wees om met hom (die vriend) te dans, en ek het toe met hom gedans, maar sy onwelriekende asem het my ontmoedig om later weer met hom te dans. Ons het later in die eetkamer gaan sit waar die oorvloed van eetgoed en drank uitgestal was.

Tant Mart se man, Eli, se broer was die „kroegman". Ek was nie lus om te eet nie en het langs die warm

stoof gaan sit. Ek net begin lees toe die agterdeur oopgaan en my toekomstige man, Piet, ingeloop kom.

"Goeienaand", sê hy toe. *"Ek is Piet Stassen."* Ek het beleefd teruggegroet en verduidelik dat Flip Scheepers my neef is. Toe hy vra of ek belangstel sou stel om te gaan dans, het ek geantwoord dat ek dit sou verkies om verder te lees. *"Nou goed",* sê hy toe. *"Dan kyk ek maar hoe jy lees."* Min het hy geweet dat ek nog steeds vir sy „van" (Stassen) wou lag.

Piet Stassen het byna nes Johan Stassen, die bestuurder van die boksklub, gelyk. Toe die man met wie ek vroëer gedans het my weer wou kom vra om te dans, het Piet vir hom gesê*: "Wyn, jy kan mos sien sy wil nie dans nie."* Hy antwoord toe: *"Man, ou Stassie, ek wou maar net hoor of sy met my wil dans!"* Gelukkig het Tant Mart ingeloop gekom en en vir ou „Rooiwyn" uit die kombuis uitgejaag. Sy het ook vir Piet gesê: *"En jy gaan haar ook nie verpes nie!"* Piet antwoord: *"Nee, Tant Mart, ek sal nie ... al wat ek sal doen is om vir haar te kyk."*

Ek vra toe vir Tant Mart of ek nie maar liewer op haar bed kan gaan lê nie. Ek het eers later weer uit die slaapkamer uitgekom toe ons huistoe gery het. Min het ek geweet dat daardie funksie net die onthaal was en dat die bruidspaar eintlik eers die daaropvolgende Maandag in die Johannesburgse Magistraatskantoor sou trou.

Daardie Maandagaand het ek oortyd gewerk en het eers agtuur daardie aand by die huis gekom. Piet Stassen het my toe by die tremstop ingewag. Toe ek

hom vra waarom hulle nog nie huistoe is nie, het hy geantwoord dat hy nie die „drywer" is nie. Twee van my ou skoolmaats met hulle dansmaats was ook al daar toe ek by die huis aankom.

Ek was seker dat ons gaste huistoe sou gaan, maar die grootmense besluit toe om eers „n paar drankies by die hotel te gaan drink. My suster Anna-hulle het toe gery om nog „n paar meisies te gaan haal terwyl ons ses na die jonger kinders gekyk het, waar ons gesit en gesels het toe my broer Corrie die voordeur toesluit.

Ek het dadelik gaan klop maar Corrie het nie die kans gehad om die deur te kom oopmaak nie aangesien my Pa-hulle alweer besig was om by die huis te arriveer. My maats het almal gery en daardie aand het ek vir die eerste keer „n loesing met my Pa se Leër-gordel gekry. Ek het nie eers gehuil nie en het net gekeer vir my gesig.

Die volgende dag het ek weer gaan werk, maar kon skaars sit. Gelukkig het Tant Mart-hulle ook gery en my Ma het my gehelp om my af te spons en my wonde te verpleeg. Daardie loesing sou ek nooit kon vergeet nie. Twee weke later het Piet weer kom kuier. Hy het toe só baie kom kuier sodat ek later vir hom moes gaan wegkruip; dit klink nou miskien snaaks maar eintlik wou ek niks met hom te doen gehad het nie.

Een aand was my suster Anna besig om haar hare in krulle te draai toe sy my vertel dat sy vier plekke by „n restaurant bespreek het en dat Piet die vierde persoon was. Natuurlik was ek toe baie vies. By die restaurant sien sy toe kastig ene Thys Lawrence, een

van ons vriende, se broer raak en besluit toe dat Thys sekerlik graag sy broer sal wil sien wat hy so lanklaas gesien het. In die skemer-donkerte kon ek sien hoe die arme Thys bloos, wie toe sê dat ons solank moes eet en nie vir hom, sy broer en Anna moes wag nie.

Ek maak toe verskoning en stap na die kleedkamer. Toe ek terugkom by die tafel het Piet alreeds vir my ook „n gereg bestel maar toe ek die vreeslike bord kos voor my sien het ek vinnig opgestaan en uit die restaurant geloop. Hy het toe agter my aangehardloop en gevra of ek dan nie wou eet nie. Toe sê ek vir hom: *"Lyk ek miskien vir jou soos „n kannibaal?"* Hy het toe maar teruggegaan en die twee etes gaan betaal.

Thys Lawrence was geneig om ook altyd saam te „jok". My suster Anna was gewoonlik „n pes maar daardie aand was sy nog erger. Ek het vir Piet gevra om te loop en dat hy nooit weer moes terugkom nie. *"Sien jou later!"* het hy gegroet. *"Moenie moeite doen nie!",* het ek teruggekap. *"Totsiens ... sien jou weer."* Toe het hy ten einde laaste geloop.

Twee weke later het hy een Vrydag-oggend kom kuier. Anna het gaan oopmaak en begin koffie maak. Sy het toe weer kamertoe gekom met „n geskenk in die hand en vir my gegee om oop te maak. Ek wou nie die geskenk oopmaak nie, en toe vertel sy my: *"Piet het vir Pa gevra of hy met jou mag trou!"*

My Pa het my toe kombuistoe geroep om my ook van die (onverwagse) huwelik-aansoek te vertel. My antwoord aan my Pa was dat ek nie van plan was om met Piet te trou nie aangesien hy my dan nog nie eers

vir my persoonlik gevra het nie. Piet het toe op sy kniëe voor my gegaan en gevra dat ek asseblief met hom sal trou. Ek antwoord toe sommer summier: *"Ja!"* Toe hy vra wanneer, antwoord ek, *"Eendag!"* Daarna het hy gegroet om te vertrek.

In die geskenkpakkie was toe „n splinternuwe polshorlosie, seker omdat hy geweet het dat my Pa my horlosie tydens daardie pynlike loesing stukkend geslaan het. Piet het steeds gereeld kom kuier maar ons is eers baie later (in 1947) getroud. Ons bruilof-seremónie, wat plaasgevind het in die Johannesburgse Magistraatskantoor, was nie juis groot nie. Ek is in „n ligblou satyn-pakkie getroud, met „n bypassende blou hoedjie wat my Ma vir my gemaak het. My Pa het „n saal gehuur en Piet het gesorg vir „n mooi, groterige troukoek met twee klein koeke langsaan.

„n Goeie vriendin van my Ma, Mev. Hart, wat langs ons in Craighall gewoon het en in die Rissikstraat-poskantoor gewerk het, was ook daar. „n Besondere voorreg het haar man later te beurt geval toe hy gevra is om die motor te bestuur waarin Koningin Elizabeth sou reis tydens hulle besoek aan Suid-Afrika in 1948. Dit was dan ook sy wat vir my gesê het om maar altyd stil te bly wanneer Piet begin het om „skoor te soek", aangesien dit beter gewerk het as om altyd terug te argumenteer.

Ons het daardie aand eers om 10 uur by die „huis" gekom, sekerlik een die oudste huise in Randgate, maar darem was alles mooi skoon. Daar was „n elegante ou sitkamerstel en „n groot ronde tafel in die een hoek. My man, Piet, se Pa het ook opgemerk: "Dit

is ons ou Brug-tafel en ek gaan jou sommer gou leer Brug speel, wat hy toe ook gedoen het. Daar was ook „n pragtige ou opdientafel (sideboard") wat my Skoonpa toe ook later aan my geskenk het. Op die „sideboard" het sulke gipsreplikas van borsbeelde van sommige Boere-generaals uit die Anglo-Boere Oorlog, o.a. dié van Genl. Koos de la Rey, asook een van Pres. Paul Kruger, gestaan.

Die kombuis het nie „n opwasbak gehad nie, maar in plaas daarvan net „n tafel met „n groot skottel op. Daar was ook nie „n badkamer in die huis nie. Die toilet, nog die ou emmer- en nagkar-stelsel, was buitekant, so twaalf meter vér van die agterdeur af onder „n druiwepriëel deur. Ek het toe besef dat ek dit gou sou moes gewoond raak, so ook die groen druiwe- wurms met hulle ronde swart ogies en die miskruiers wat altyd so twee-twee by die agterdeur ingestap gekom het. Daar het jong Piet Botha, my man Piet se susterskind, my geleer hoe om miskruiers „in te span".

Voor die agterdeur was daar ook „n groot ou appelkoosboom waaronder „n blou-geverfde kas bedek met sifdraad en (steen) kole daar rondom. Dit was die „yskas", en ons moes dit driemaal per dag natspuit sodat die vleis nie moes bederf nie. Die ou spoorwegstoof in die kombuis was amper „n halwe muurlengte lank met „n waterbak („boiler") aan die een kant, wat ons as waswater vir ons gesigte gebruik het wanneer ons in die oggende opgestaan het.

Die boer-kombuistafel met sy agt stoele was mooi ... net jammer my Skoonma het dit met grys verf gaan staan en verf. Nietemin was dit „n lekker, gesellige ou

boere-kombuis, met „n groot kombuiskas met baie rakke aan die een kant van die kombuis wat ook grys geverf was. Ek moet ruiterlik erken, alles was mooi skoon en netjies.

Agter aan die eenkant van die erf was die wasgoeddraad wat met „n mikstok opgehou moes word sodat die wasgoed gouer droog kon word. „n Ou tuinjong het die tuin aan die voorkant van die huis pragtig in stand gehou. My Skoonpa het ook „n kolliehond gehad wat elke oggend tot by die hek saam met my man Piet geloop het, waar Piet hom dan op die kop gevryf het en gevra het: *“Pas my vrou mooi op!”*

Ons het op daardie stadium nog nie „n ryding gehad nie, toe Piet mos een oggend besluit om vir my „n huis op die plotte te gaan wys. Aanvanklik wou hy nie, want dit sou vir my te vér wees om te loop maar met drie teen een het hy geen verweer gehad nie ... ons het toe besluit maar te begin aanstap na die plotte toe. Skoonpa het „n waterkan saamgeneem en Skoonma het die sak met padkos gedra.

Toe ons by die plot arriveer, kon ek nie my oë glo nie. Ons het by die voordeur ingegaan; die huis het leeggstaan. Daar was „n groot sitkamer en aan die onderkant van die huis was „n baie klein slaapkamer, asook die hoofslaapkamer. Verder was daar ook „n sinkkamer wat Skoonpa met (o.a.) „n spoorwegstaaf gebou het. Daar was ook „n klein tafeltjie met twee stoele. „n Kas was langs die stoof ingeskuif.

Piet, my man, het eerste in die klein kamertjie geslaap, maar toe sy suster Max en haar seun, Piet

Botha, op „n dag arriveer het hulle daar ingetrek. Vir Piet is daar toe „n bed in die „voorhuis" (die sitkamer) ingedra.

Daar was ook „n put op die plot, nie die pomp-tipe nie, maar die tipe wat mens met die emmer moes draai. Voordat ons aanstaltes gemaak het huistoe, het ons toe eers gou onder die boom gesit en eet. By die huis aangekom, was ek toe baie dankbaar vir daardie ou kraan in die kombuis. Skoonma was ook baie kwaad.

Een aand, ongeveer 10-uur, was daar „n groot lawaai in die kombuis. Piet het gaan kyk ... dit was een van Skoonma se broer Karel se seuns wat van die huis af weggeloop het en intussen daar aangekom het. Dit was hy wat dringend aan die deur begin hamer het. Hulle het op Luipaardsvlei geboer en sy Ma was toe alreeds oorlede. Hulle het gereeld elke week in die dorpies ingevaar om groente te verkoop. Sy treurmare was dat sy Pa hulle daardie maand nie sou kon betaal nie omdat hy sy nuwe vriendin en haar twee kinders op vakansie wou neem.

My Skoonma, beter bekend as *Pop* of, vir die jonger geslag, *Tant Pop*, het vir hom kos gegee en ook vir hom „n bed in die buitekamer agter in die erf gaan gereed kry. Sy sê toe vir hom: *"Môre as jou Pa jou kom soek kom jy nie in die huis in voordat ek jou roep nie."*

Die volgend oggend was Piet al werktoe toe ek weer „n groot geraas hoor. In die kombuis het my Skoonma my voorgestel aan die seun se Pa wat toe intussen, soos verwag, ge-arriveer het. Sy sê toe: *"Sit,*

ek gooi gou vir ons koffie in." Die man vra toe waar sy seun is, maar Skoonma antwoord dat sy hom nog nooit met „n oog gesien het nie. Sy het skaars klaar gepraat toe die hond by die agterdeur ingeloop kom, waarop sy toe opgestaan het en óm die tafel na die agterdeur toe geloop het. Sy het haar vingers by Karel se kraag ingedruk en dit „n goeie draai gegee. Toe hy naderhand begin wurg, het Skoonma my gevra om sy seun daarbuite te gaan roep.

Karel sê toe: *"Pop, eintlik het jy mooi niks met my kinders uit te waai nie!"* Sy antwoord: *"Ja, ek het! En nou sê ek vir jou dat die kinders betaal word. Hulle werk heeldag lank in die huis of ploeg en swoeg tot laat in die aand sonder om te kla, en dan lê jy hier in die dorp rond! Dan kom hulle nog dorptoe ook om die groente te verkoop ... so waag dit net om hulle nie te betaal nie. Te duiwel met die vakansie. Dit is nie daardie kraainek wat „n vakansie nodig het nie, maar eerder jy en jou kinders. Slaan net aan een van jou kinders dan sal ek sorg dat hulle ander Ouma ook daarvan hoor!"*

Al wat Karel toe gesê het was, *"Kom seun, vat die hond ... ja,ou Pop, ek het gehoor."* Hulle het „n plaas langs my Ma se suster Tant Miem gehad. Skoonma het my toe om verskoning gevra en gesê dat sy hoop ek het nie te erg geskrik nie. *"Nee, alles reg so, Ma"* het ek geantwoord.

Ons het toe na die buitekamer-toe gestap om te kyk of die hond nie daar gemors het nie, en dis mos toe ek die mooi koolstoof in een van die buitekamers sien staan, so wit stofie met drie plate wat met blomme

versier was. Alhoewel ek op daardie stadium nog gewerk het, was dit moeilik om dit vol te hou met die gevolg dat ek toe uiteindelik bedank het.

Nietemin, ek het die die bus werktoe elke oggend om ses-uur in Uniestraat (Randgate) gehaal tot by die Randfontein-stasie, dan die trein na Johannesburg tot op Park-stasie. Daarna het ek nog drie blokke geloop tot op die hoek van Loveday- en Marshall-strate. In die aand, na werk, was dit dieselfde roetine (maar net andersom, natuurlik).

Na aandete het Piet gewoonlik vir my die groot sinkbad met emmers warmwater uit die kombuis volgemaak sodat ek kon bad. Skoonma-hulle was gewoond aan dié manier van bad, maar Piet het gewoonlik sommer by die myn klaar gestort. Ons het toe na die buitekamer toe getrek omdat ons ook nader aan die (buite) toilet wou wees. Piet het „n volvloertapyt in die buitekamer-kompleks gelê en ook vir ons „n mooi, wit kombuisstel gekoop. In die kombuis-gedeelte het ek ook mooi geruite kombuisgordyne gehang. In vergelyking met die groot huis het my blyplek soos „n pophuis gelyk.

Een dag het Skoonma vir my „n hoender gebring om „skoon" te maak en gaar te maak. Teen die tyd wat ek klaar was, was daar maar baie min van die hoender oor. Daarna moes ek die vuur aanpak. Ek het regtig probeer maar die ou stofie het my heeltemal uit die kombuis uit gerook en het ek toe maar my trane buite gaan afdroog. Skoonma het my toe kom wys hoe om vuur te maak, wat ek naderhand so goed gedoen het dat Piet elke jaar vir ons nuwe stoofplate gekoop het.

Een oggend het die jong seuntjie, Piet Botha, Piet se susterskind, wat by sy Ouma (my Skoonma) ingewoon het, se Pa vir hom kom kuier. Hy het destyds saam met my eie Pa by die Palmietfontein Lughawe gewerk aangesien die Jan Smuts Lughawe (nou die O.R. Tambo Lughawe) toe nog in aanbou was. Wat hulle alles gesels het, weet ek nie, aangesien ek vir hulle gaan koffie maak het. Hy was „n aantreklike man het nog sy Lugmag-uniform aangehad.

Toe Skoonma van die winkel af kom, wou hy haar groet, maar sy het vir hom gesê dat dit nie meer vir hom nodig was om haar (formeel) te groet nie aangesien sy nie meer sy skoonma was nie. Jong Piet het toe saam met sy Pa na die busstop toe geloop, en toe hulle groet, het Piet Botha (Snr.) vir sy seuntjie „n halfkroon (2^{s} 6^{d}) gegee ... dit was, dink ek, die laaste keer wat die seun sy Pa gesien het.

Op 31 Oktober 1947 is my oudste kind, Piet Jnr. om 10-uur die oggend tuis aan huis in Randfontein gebore. Hy het 4 lb 12 oz. geweeg. My man, Piet, sy ouer broer Hans en een van Skoonma se loseerders het saam in die sitkamer op die nuus gesit en wag.

Klein Piet was omtrent „n maand oud toe ons bediende eendag nie opdaag nie. Ek was besig om die baba te bad en Skoonma om die skottelgoed te was. Later het ek die wasgoed uitgedra, maar Skoonma het vir my gevra om dit net te „week", en dat sy dit later sal was. Ek het nie na haar geluister nie en het toe die doeke begin was, uitgespoel en begin om dit op te hang. Laaste wat ek onthou was die hek wat

gekraak het en toe ek vir Skoonma vra om koffie-water vir die kuiermense by die hek op te sit.

Toe ek weer bykom staan ons huisdokter en Koekie Stoltz, „n vriendin van die familie wat altyd haar fiets by Skoonma se huis gelos het omdat sy daarmee van die plotte af moes inry tot op Randgate, vanwaar sy die Greyhound-bus moes haal na die Randfontein-stasie en vandaar die trein moes neem tot op Krugersdorp (waar sy „n onderwyseres was), voor my bed.

Ou Dokter Kahn, ons huisdokter, het toe gevra of ek goed eet, maar Skoonma het geantwoord: *"Nee, sy eet maar eintlik eet sy nie alles nie."* Die dokter antwoord toe: *"Nou kyk, ou Pop, as ek nou loop moet jy vir haar twee saggekookte eiers saam met van daardie brood (gerooster) wat jy so graag bak, en kyk sommer dat dat sy alles eet."* Ek was baie naar ... stel jou voor „n sny brood 15 cm x 15 cm wat op „n groot spoorwegstoofplaat gerooster is.

Met die mes het ek toe die korsies afgesny sodat die snye brood so effens kleiner moes lyk. Meneer van Rensburg, die loseerder, wou toe in die twee kamers agter in die erf intrek en Skoonma vra my toe of ek nie die groter kamer wou hê nie, aangesien daar intussen nou „n stootwaentjie en „n babakot bygekom het.

Daaroor was ek bly maar toe ek gou winkel toe wou loop het sy my gekeer. Sy het verduidelik dat ons eers die twee kamers gereed moes kry waarop ek toe maar ingestem het. Die huishulp, ou Danster, het ons daarmee gehelp. Ons is daarna toe wel winkels toe.

Terug by die huis het Skoonma die voordeur bietjie oopgelos en ek het gou die baba, Piet Jnr., gaan neerlê. Skielik het ons „n geweldige slag gehoor en „n klomp stene sien val in die hoek waar die kot vroëer gestaan het. Die agterkant van „n bus was binne in die slaapkamer met „n gedeelte van die dak en bakstene wat val. Die busdrywer stap toe daar in en was toe baie jammer oor die voorval. *"Jammer Tannie, maar ek het my beste probeer ... ek was te stadig om dit te keer!"* Daardie dag het Skoonma beslis klein Piet se lewe gered.

Flip Scheepers het ons toe later genooi om by hulle op Mufiliro te kom kuier. Ek was nie eintlik lus om met so klein baba op die trein te sukkel nie, maar my man Piet het daarop aangedring dat ons moes gaan, waarop ek toe ingestem het om saam te gaan. Skoonma het vreeslik gehuil maar ek het haar verseker dat ons die onbepaald daar sou vertoef nie. Tant Sina, my swaer Roelf Jansen se suster, het op Chingola, op die grens van wat vandag Noord-Zambië is, gewoon, en ek het besluit om ook „n rukkie daar te gaan deurbring.

Ons was eers na my eie ouers toe in Johannesburg waar ons „n rukkie vertoef het, en waar my Pa ook sommer vir klein Piet „n biesie-wiegie aangeskaf het. My Ma het vir die wiegie „n muskiet-net gemaak, en ook „n bakkie en teelepeltjie daarin geplaas, saam met „n boks ontbytkos, d.i. „Post-Toasties". My Pa het ook vir ons „n „yster-loper" vir die trein se kompartement se deur gemaak sodat ons die deur bo alle twyfel ordentlik kon sluit.

Piet het met een van die wagte op die trein gereël om na ons te kyk en warm melk in die nag te maak vir klein Piet se bottel, een vir 10 uur nm., en die volgende om 4 vm. Die wag was stiptelik met versoek en het gereeld die bottels met warm melk gebring.

Toe ons in Bulawayo (Suid-Rhodesië, nou Zimbabwe) afklim het Piet die wag „n groot fooitjie gegee, daarna het ons na „n hotel vertrek om te bad en ons klere en die babadoeke te laat was. Ons het eers om 3 uur nm. die trein na Ndola gehaal.

Ons het toe oor die Victoria-Valle gery en ook by Livingstone verby, waar my Pa destyds gaan bou het. Ons het nog „n keer oorgeklim op „n ander trein en met die „melktrein" verder gery tot op die stasie waar Hennie en Sina intussen vir ons gewag het. Op die melktrein het die „Post Toasties" baie handig te pas gekom ... my Pa het seker die plek goedgeken en geweet wat op ons sou wag.

Gelukkig het ek ook twee boeke saamgebring om die lang pad mee aan te durf. Een van die boeke was „n Kaapse verhaal wat Piet eerste wou lees, daar ons besluit het om beurte te maak ... terwyl die een lees, pas die ander die baba op. Dit het maar bars gegaan vir ons om tot „n aanvaarbare ooreenkoms te kon kom maar dit het toe later darem beter gegaan. Piet het toe (vanselfsprekend) eerste gelees.

Chingola was „n baie mooi plek. Daar het mense in groot uitgeholde miershope gebly. Dit het „n deur in gehad en bo-oor die miershoop het hulle die mooiste blomme geplant. Sina-hulle het „n baie mooi, koel huis

gehad en hulle het die myn se meubels gebruik. Sina het drie swart bediendes gehad ... al drie mans. Een was „n kok, een het die huis skoongehou en die derde het in die tuin gewerk. Die tuinier het gereeld die erdwurms om die huis se se dak afgehaal. Die tuin het pragtig gelyk. Ons het gereeld oor die grens na Noord-Rhodesië (nou Zambië) gegaan om sigarette vir my man en die ander huismense te koop (Ek het nooit gerook nie).

In Zambië kon die naaldwerkersters vir mens „n rok in „n japtrap, terwyl jy jou ander inkopies gaan doen, maak. Al wat jy moes doen is om hulle jou mates te gee, die rokmateriaal te kies en „n uur later was jou rok klaar.

Een keer het Hennie ons bioskoop toe geneem, en dit was „n mooi fliek wat gewys het. Ek wou aanvanklik nie gaan nie, maar Piet het daarop aangedring dat ons moes gaan, aangesien hy graag die film wou sien. Hy belowe toe om, as klein Piet huil, hy buite met die baba sou gaan sit. Ek onthou een toneeltjie waar „n man in die hangkas tussen die meisie se klere staan met sy een oog oop. Piet het toe nooit met die huilende baba buitentoe gegaan nie, en Hennie moes toe maar buite met die kind gaan sit.

Na die 1948-verkiesing het ons die trein gehaal terug na Suid-Afrika vir die tweede baba se geboorte. Ek was baie siek op die trein terug huistoe. My Pa het op Park Stasie (Johannesburg) vir ons gewag. Ek het vir almal geskenke saamgebring en was baie bly om weer terug te wees.

Om 8 nm. daardie aand was ek toe in die Queen Victoria Hospitaal opgeneem waar ons tweede baba op 23 Oktober 1948, om 3 vm. die volgende oggend gebore is. Ek het hom vir „n rukkie vasgehou. Later in die dag het ek by die dokter gehoor dat my baba baie swak was en dat hy nie lank sou lewe nie. Ek wou dit nie glo nie omdat hy so hard probeer het.

Daardie middag het drie dokters my kom sien. Hulle wou hoor of ek bereid sou wees om die baba se oorskot vir navorsing te skenk. Ek was egter baie kwaad en het beledig gevoel. Ek het toe vir Piet gevra om my Pa se predikant te gaan roep.

Die volgende oggend vroeg het die predikant, vergesél van „n ouderling, gekom en my met „n rolstoel na die kinderkamer toe gestoot. Daar is hy deur die predikant toe Gullus Cornelius Stassen gedoop. Gedurende die nag is hy dood. My man en Skoonma het hom die volgende dag in die Wespark begraafplaas in Johannesburg laat begrawe (Indien hy gelewe het, sou hy vandag ongeveer vyf-en-sestig jaar oud gewees het). Drie dae later is ek toe huistoe.

Piet het dadelik op Randfontein werk gekry. Skaars vier maande later is hy weer Rhodesië toe, maar hierdie keer het hy by sy suster Max gaan bly. Terwyl hy weg was, het ek een naweek by my Ma in Johannesburg gaan kuier. Ek het die Vrydag na Johannesburg vertrek en sou met die 3 nm. trein op Sondag weer terugkom huistoe, waar Skoonma my weer op Randfontein-stasie sou inwag.

Om 10 vm. die Sondag-oggend het ek eers gou weer gaan bel om seker te maak of Skoonma op die stasie sou wees. Sy laat weet toe dat sy nie meer daar sal kon wees soos afgespreek nie, en dat ek eerder met die 10 vm. trein Maandag-oggend moes deurkom. Ek het dit toe so ook vir my Ma verduidelik. My suster Anna was ook daar, en sy het gelag en toe gevra of die „ouvrou" (dis nou my Skoonma) al weer „geeste" sien.

Daardie middag, om 3 nm., toe ons op die trein sou wees soos die oorspronklike plan was, word Roodepoort toe deur „n tornado getref met die 3 nm. trein wat ook toe mos ontspoor. Baie mense was dood en vermis; sommige mense is selfs deur die wind weggewaai. Ek kon toe eers drie dae later teruggaan huistoe.

By die huis het „n lekker dik brief van Piet af vir ons gewag. Hy het gevra dat ek asssebliefvir hom ses koppies en „n kosblik moes saambring wanneer ek sou deurkom, maar Skoonma was woedend. *"My kind, jy gaan tog sekerlik nie soontoe nie?"* Ek antwoord toe: *"Toemaar, Mammie, ek sal nie gaan nie, en al wat ek weet is dat daardie Piet Stassen baie lank vir sy kospakkie gaan wag!"* Drie weke later was hy terug by die huis. Skoonma het toe later die ou huis in Bailey Straat verkoop en toe het ons Langerman Straat toe getrek.

My man se suster, Max, en haar man Flip, het toe ook teruggekom van Rhodesië af en het toe ook by Skoonma-hulle ingetrek. Op daardie stadium het ons nog net die een kind (klein Piet) gehad, maar hulle het

toe al drie kinders gehad. Ons klomp het gereeld in die koeikamp gaan krieket speel, wat ook bygewoon was deur „n laerskool-onderwyser en „n klompie hoërskool-kinders. Die spelery het gewoonlik „n hele ruk aangehou, en my man was duidelik baie lief vir krieket. Ander kere het ons weer by Skoonma se neef op die plotte gaan jukskei speel.

Sy ma, ou Tant Truie hulle, het ook daar gebly en gereeld Randgate toe gekom vir besigheid. Sy het dan sommer met „n „trappie‟ (perdekar) gery. Oom van Jaarsveld, haar tweede man, was my eie Oupa Gouws se neef, en ons eerste ryding wat ons toe gekoop het was „n klein „Baby Ford‟ wat Piet by „n vriend van hom gekoop het.

Die eerste keer wat ons besluit het om Johannesburg toe te ry het ons dit net tot by die destyds baie bekende Robinson-meer, „n gewilde plesier- en piekniekoord waar mense in verhitte mynwater kon swem, gemaak. „n Ou man het ons toe met die kar gehelp en ook vir ons goeie advies gegee: *“Moet nooit iets by „n vriend koop nie!”* het hy gemaan. Toe verkoop Piet toe maar die Ford aan „n ander vriend.

Skoonma het gereeld by haar vriendinne gaan kuier en haar een broer se dogter het ook in Randgate gewoon, wat toe ook besluit het om na Rhodesië te verhuis. Skoonma het toe haar huis in Sauer Straat in Randgate gekoop, en eers twee maande later daar ingetrek. Agter in die kamers het twee loseerders, Oom Henning en sy seun Willie, wat toe pas by die

Spoorweë begin werk het, gewoon. Skoonpa het elke aand by Oom Henning „n bietjie gaan gesels.

Een aand besluit Piet en sy suster Max mos om vir sy Pa en Oom Henning „n bietjie te laat skrik. Hy trek toe sy suster Max se rok aan, Skoonma se kouse en skoene asook Skoonma se grootrand-hoed. Die handsak en handskoene het ek vir hulle geleen.

Wat Piet alles vir die ou man gesê het weet ek nie, maar Oom Henning het vir Piet gesê: *"Mevrou, jy is te oud vir Willie en boonop kry hy nie baie geld nie, so los hom maar liewer uit."* Daarop het Piet na Skoonpa se stoel toe gemik, maar Skoonpa het opgespring en vinnig huistoe gestap. Toe ek hom vra hoekom hy dan so haastig is, het hy net geantwoord: *"My ou vrou sal my mos verwurg!"*

Later het ons „n groter kar gekoop. Hierdie keer was dit „n 1941 Ford wat die Weermag aan die publiek te koop aangebied het. Skoonpa het teen daardie tyd by die Randfontein Stadsraad gewerk. Eendag het Skoonpa vir Piet gevra om tog „n kind na sy oorlede ou vader te vernoem, indien ek weer „n seunjie sou hê. Dit was toe Skoonma hulle al in Sauer Straat gewoon het.

Op die 13 November 1950, om 1 vm., is daar vir ons toe weer „n seuntjie gebore. My Ma en my sustertjie Nettie, toe ongeveer drie jaar oud en omtrent so oud soos klein Piet, het toe ook daar gekuier. Piet het dadelik na sy Pa toe gery om hom die nuus te gaan meedeel. Om 6 nm. was Skoonpa daar om na die nuwe baba te kyk. Ek het die baba opgetel en in sy Oupa se arms gelê. *"Hier is Pappie se Johan Nicolaas*

Stassen uiteindelik nou." Hy het hom toe so rukkie vasgehou en toe hy loop kon ek sien dat hy huil.

Klein Johan Nicolaas (Hans) was ses maande oud toe ons na Carletonville toe verhuis het. Piet het daar by „n nuwe myn werk gekry en ons het toe ook in „n nuwe mynhuis ingetrek. My broer Corrie, wat omtrent 20 jaar oud was, het vir „n rukkie by ons daar kom loseer. Hy het by die Blyvooruitzicht-myn werk gekry. Na vier maande is hy toe weer terug Johannesburg toe.

Piet het gewoonlik om 5 vm. in die oggend werktoe gegaan en saans so 6 nm. tuisgekom. Een aand het Piet gladnie huistoe gekom nie. Intussen het ons swaer, Flip Scheepers, ook vir hom „n kar aangeskaf en hy het ook intussen vir ons kom kuier. Toe hy wou weet hoe laat Piet dan van die werk af sou kom, het ek geantwoord dat ek nie weet nie en dat hy gisteraand ook nie huistoe gekom het nie.

Hy het toe na die myn toe gery om te gaan ondersoek instel, maar Piet was toe blykbaar alreeds ondergrond. Skoonma het toe daar oorgeslaap en Flip het intussen by die myn gaan wag. Die volgende oggend het Piet en Flip eers daar by die huis aangekom. Twee weke daarna het ek besluit om terug te trek na Skoonma toe. Ek het toe vir „n vriend van die familie, Oom Hefer van Randfontein, wat later my man se ouer broer Hans se swaer sou word, gevra om my trek die volgende dag te kom ry, maar het het toe aangebied om dit dieselfde dag te kom laai, aangesien hy in elk geval Carletonville se kant toe moes kom.

Hy het wonderbaarlik ook aangebied om dit vir my gratis te doen, mits ons dan dieselfde middag sou trek. Op daardie stadium het ons nie baie meubels of breekgoed gehad nie, en ek het sommer gou alles ingepak gekry. Die kot-matras, een stoel en die stootwaentjie het ek ook uitgehou, en ook solank kos begin kook. Daardie aand om 7 nm., toe Piet van die werk af kom, hoor hy vir die eerste keer dat ons trek al in Randgate is. Skoonma het toe alreeds ook ons beddens opgemaak gehad. Skoonpa was baie bly want hy het die kinders baie gemis. Hy het toe ook later vir klein Hans geleer loop.

Die volgende dag het Piet uitgespring om te gaan werk soek. Teen 1 nm. daardie middag het hy nie minder nie as drie potensiële werkgewers gehad. Die eerste was as verkoopman by „n bekende assuransie-maatskappy, die tweede as smous van gordyn- en rokmateriale by „Elandsvlei Stores Pty Ltd", „n bekende besigheid op die dorp in Randgate wat deur „n welgestelde Indiër, Mnr. A.I. Laher, beter bekend in die sakegemeenskap en by ons as „Long-One", besit was. Hy het ook „n string besighede in Wheatlands, Roodepoort en waarskynlik ook elders gehad. Die derde was as verkoopman van motorkarre by die „Voortrekker Garage", waarvan „n vriend van hom, Paul Fouché, die eienaar was. So het hy toe tussen hierdie drie werkgewers darem „n goeie inkomste verdien.

Skoonpa se enigste broer, vir wie hy dertig jaar vantevore laas gesien het, het as „n bosbouer in Natal gewoon. Piet het toe voorgestel dat ons bietjie Durban na my suster Anna toe ry om daar te gaan kuier, en dan op pad soontoe sommer vir Skoonpa by sy broer

in Natal af te laai. Hy het toe vir beide Skoonpa en Skoonma sakgeld gegee, maar Skoonma het toe besluit om by die huis te bly. My eie Pa het ook saamgery om vir Piet te help bestuur.

In Natal, op Tweedie, het die twee broers, Piet Snr. en Karel Stassen, mekaar vir die eerste keer in dertig jaar weer gesien, gesoengroet en lekker saam gehuil. Daarna het ons by suster Anna gaan kuier. Ons was toe na „n paar dae weer by die huis en Skoonma en Skoonpa het die kinders, d.w.s. vir Pietie en Hansie, baie geniet. Skoonpa het gereeld na die kinders gekyk wanneer ons dorp-toe of bioskoop-toe gegaan het.

Skoonpa se aftrede-partytjie by die Randfonteinse munisipaliteit was gehou op 21 Desember 1951. Hy het vroeg die oggend eers sy salaris gaan haal en dit vir Skoonma gebring. Pietie was die laaste persoon met wie hy gepraat het, en dit was om hom te betig omdat hy die buurvrou se stokrose teen die heining tussen die twee erwe met die tuinslang natgespuit het (Pietie het ook toe reeds al „n vroëer onderonsie met sy Oupa suksesvol oorleef nadat hy dié se waterpas gebreek het om die „albastertjie‟ uit die glasie te haal). Sy woorde aan die kind was: *“Ek dink jy moet maar liewer nou die kraan toedraai.”* Dit was baie warm en hy, Pietie en Skoonma het elke dag die tuin natgespuit.

Ons was besig om agter die huis in die koelte op die gras te sit toe die bure se dogter vir ons kom meedeel dat daar „n groot ongeluk op die brug was en dat Skoonma moes saamry om te gaan kyk of dit nie dalk „Oom Stassen‟ wat betrokke was nie. Dit was toe Piet se Pa (Pietie en Hansie se Oupa) wie gesterf het

in „n ongeluk. Daardie aand het my man Piet eers om 9 nm. by die huis gekom. Ek sou hom natuurlik graag vroëer al wou gebel het, maar ek het nie geweet waar om hom in die hande te kry nie. Piet se ouer broer Hans en sy suster Louie het toe ook al intussen daar by ons aangedoen.

Ek het my Pa in Johannesburg gebel om hom die nuus mee te deel en my Ma het my later vertel dat, by die aanhoor daarvan, hy sy pypsteel middeldeur gebyt het. Toe Piet om 9 nm. daardie aand by die huis kom, wou hy weet wat met die kinders aangaan. Toe ek vir hom sê dat Pappie dood is, het hy net geantwoord: *"Dank die Here dit is nie my kinders nie."* Piet se Pa was 72 jaar oud toe hy oorlede is; hy sou op 19 Januarie, op my sustertjie Nettie se verjaardag, 73 jaar oud geword het.

Die volgende oggend vroeg was my ouers van Johannesburg af al by ons om ons te kom bystaan. Dit was „n groot begrafnis en ons het ook „n bus gehuur vir die mense wat nie eie vervoer gehad het nie. Ek twyfel of Randgate al ooit vantevore so groot begrafnis (gehou in die „stadsaal") beleef het. Dit was net hoede en kieries waar jy kyk. Ek het ook ses maande lank saam met Skoonma gerou.

Na Skoonpa se dood het Skoonma besluit om weer „n klompie loseerders in te neem. Skoonma se een broer se drie kinders het ook daar ingewoon ... hulle was busdrywers. Later het daar ook „n getroude paartjie ingetrek. Hulle was omtrent drie weke daar toe die stoompot mos eendag ontplof. Die volgende dag het hulle vertrek. Daarna het die twee Du Plooy broers

daar kom woon. Hulle het in die derde slaapkamer geslaap. Hans en Gert (neefs van my man) het in die eetkamer geslaap. Toe Piet Muller arriveer, het Skoonma vir hom in die spens tuisgemaak deur een van die spensrakke (die onderste een) te verwyder. Vir my was dit egter die laaste strooi ... daar was eenvoudig net te veel mans, en ek besluit toe om te trek. Ek het toe met Skoonma daaroor gepraat en gelukkig het sy verstaan.

Nou, in die somer het ons nog gereeld in die koelte buite op „n kombers gesit. Een middag wou Skoonma nie buite sit nie en sy was vreeslik woelig. Piet se neef Gert het verjaar en sy het besluit om vir hom „n klein partytjie te gee. Ek het haar daarmee gehelp en my ook voorgeneem om die tafel later te dek. Skoonma het egter gevra dat ek vir Henna Viljoen moes gaan kuier aangesien sy by haar ma by die winkels gehoor het dat sy glo baie siek is. Ek en die kinders is toe fort om vir Henna te gaan kuier. Sy was toe nie siek nie maar was besig om in te pak omdat sy besig was om plaas-toe te verhuis.

Toe ek haar vra wie haar huis gaan huur, vind ek dat sy nog nie „n huurder gehad het nie en ek het toe dadelik aangebied om die huis te huur. Sy het ingestem en ek het dadelik vir haar die elektrisiteit- en waterrekening se geld gegee sodat sy dit kon aanlos en nie laat „afsny" nie.

Toe ek by die huis aankom, hoor ek toe wat alles intussen daar gebeur het. Ons bure se blou-aap het van sy halsband losgeruk, oor die muur gespring , „n rukkie op ons kombers gaan sit, en toe weer oor die

ander bure se muur aan die anderkant gespring, waar hy die bure se seun toe toegetakel en gebyt het. Hulle het die seun dadelik hospitaal toe geneem en ook gevra dat die aap van kant gemaak moes word. Die Polisie het later die aap kom skiet. Weereens het Skoonma, net soos tydens die bus-insident, gesorg dat my kinders niks oorgekom het nie.

My Pa het in daardie jare „n plot op Koksoord gehad, en toe dit tyd was vir sy broer Boet om af te tree, het hy die plot aan Boet verkoop. My Pa het toe die huisplanne geteken en met behulp van broer Gert vir Boet sy huis op daardie plot gebou. Hulle het die buitegeboue eerste klaargemaak sodat hulle daar kon intrek. „n Maand voor die tyd het hy en my Ouma alreeds gekom en vir die eerste week by ons aan huis, wat ek by Henna gehuur het, gewoon. My Ouma het toe vir „n maand gebly.

My eie Ouma, wat gedurende die Boere-Oorlog die Britte se konsentrasiekampe oorleef het, het ook net by vier plekke gekuier, nl. by my eie ouers, by Tant Joelie, Sannie le Grange en by my. Op daardie stadium het my man Piet se suster Max op Botha- plotte in Randgate gewoon. My Pa was lief daarvoor om te kom groet wanneer hy in Randgate gekom het, en selfs nog voordat ek Henning Straat toe getrek het, het hy gewoonlik kom inloer om te kyk of Skoonma nie „n lekkende kraan of iets gehad het wat hy moes regmaak nie.

By my Skoonma eendag was ek en sy toe al in die kombuis besig om koffie te maak toe my jonger broer Corrie op ‟n dag daar aankom. Op daardie oomblik

stap een van die loseerders mos toe net in sy onderbroek die kombuis binne en vra vir koffie. My Pa sê toe: *"Mannetjie, gaan trek vir jou ordentlik aan en dan kom vra jy weer vir koffie!"*

Toe die loseerder wou weet wie die „vent" nou eintlik was (verwysend na my Pa) wou my Skoonma nog verduidelik, maar my Pa het opgestaan, hom aan die onderbroek en nek gegryp en in Skoonma se kamer ingeskiet. Die klerekas se laai het opgestaan en ons het gehoor hoe die laai se plankies breek. My Pa: *"As jy dan nie respek het vir my dogter nie, wys dan ten minste respek vir die ouer dame!"*

Toe hulle vertrek, het my Pa toe vir Skoonma om verskoning gevra vir die ongerief en belowe om die laai saam te neem, dit te herstel en weer teen daardie eerskomende Vrydag terug te besorg. Later wou daardie loseerder weer weet nou wie die „vent" is en Skoonma het toe vir hom gesê dat hy my Pa is. Hy het toe by die dokter gehoor dat sy neus gebreek was maar het toe nooit sover gekom om my Pa te dagvaar soos hy gedreig het nie. Hy was daarna ook altyd netjies aangetrek wanneer hy in die kombuis gekom het.

My Pa het toe Skoonma se laai vir haar reggemaak, en, as „n ekstra bonus, ook vir haar „n geheime laai in die kas ingebou. Die dag toe ons na my nuwe huurhuis toe moes trek, het Pietie geneul om saam met die karweier, wat die meubels sou vervoer, se perdekar te ry, en ek het hom toe maar laat begaan. Ons het van die karweier gebruik gemaak omdat ons karige klompie meubels nie op daardie stadium „n

volwaardige transport-vragmotor geregverdig het nie. Later het ons darem weer nuwe meubels bygekoop.

Op 10 Januarie 1953 om sesuur die aand is ons derde kind, Corrie, in die nuwe huurhuis gebore. My broer Gullie, wat intussen by die Smelter (goud) op Millsite in Randfontein werk gekry het, het ook by ons kom inwoon, vanwaar hy daagliks met sy blou Harley Davidson motorfiets (een van die twee wat my Pa na afloop van die oorlog by die Weermag geskenk gekry het) werktoe gery het.

Uit die aard van Gullie se werk moes hy skofte werk. Nadat ons twee jaar daar gewoon het, het Henna Viljoen die huis verkoop en moes ons na die huis net langsaan trek. Daar het ons „n rukkie gewoon waar Victor, die effens-kranksinnige jongman wat die seun van die Joodse winkelier op die hoek was, die publiek gereeld met sy manewales getreiter. Sy ou vader is jare later deur inbrekers in sy bed (net langs die winkel) vermoor, en nadat Victor die skok van „n messteek deur dieselfde inbrekers oorleef het, het hy soort van genormaliseer en blykbaar later suksesvol as „n apteker in Hillbrow gaan praktiseer.

Ons het toe „n antieke klein sinkhuisie in Lazar Laan in Randgate gekoop, reg oorkant die groot bloekomplantasie aan die suidekant van die dorp. Een van Skoonma se broer se seuns, wat by haar geloseer het, het altyd haar langspeelplate baie hard gespeel. Ons het toe besluit om die plaat te krap, maar Skoonma het nog beter gedoen ... sy het die radio summier gebreek sodat dit gladnie plate kon speel nie.

Skoonma ontvang toe eendag „n brief van die Regering wat intussen uitgevind het dat oorlede Skoonpa tweekeer geld vanaf die munisipaliteit ontvang het saam met sy pensioengeld, m.a.w. hy is „dubbel" uitbetaal. Hulle het daarop aangedring dat sy dadelik al die pensioengeld moes terugbetaal. Alhoewel my Pa aangebied het om haar te help om dit terug te betaal wou sy nie daarvan hoor nie.Sy het al die loseerders kennis gegee en die huis verkoop omdat sy nie met skuld wou sukkel nie. Gelukkig was sy ook toe naby die ouderdom om vir haar eie pensioen te kwalifiseer.

Sy het toe „n „geselskapdame" vir die moeder van „n bekende prokureur Schutte op die dorp geword. Sy het gratis by die mense ingewoon en het ook „n klein salaris van die prokureur ontvang. Toe die ou dame die dag sterf het Skoonma by ons kom inwoon.

Een oggend het Piet se niggie, Liz Porter, daar kom kuier en vir ons vertel dat sy nou al moeg is vir die leë erf in Barend Straat wat haar so baie aan belasting kos. Ons is toe saam prokureur-toe en ek het toe dadelik die dertig pond (£30) wat sy vir die erf gevra het (asook die oordragkoste aan die prokureur) betaal. Dit het byna al ons vakansie se kleregeld opgebruik, maar kon toe darem nog vir elkeen van die kinders nuwe plakkies, „n swemkostuum en „n handdoek koop. Verder het ek en Skoonma maar hier en daar klere gelap en gestop.

Op „n dag het Skoonma saam met my broer Gullie in sy blou motorfiets met die syspan aan Johannesburg-toe gery om vir twee weke by my Ma te

gaan kuier. Toe sy later van my Ma af terugkeer, deel sy ons die nuus mee dat sy met ene „Meneer Botha‟ sou gaan trou. Hy het twee kinders gehad. Piet se ouer broer, Hans, het natuurlik gladnie van die idee gehou nie, maar die Meneer Botha het toe aangedui dat hy die daaropvolgende Saterdag Randgate toe sou kom om met die kinders te kom kennis maak.

Een van Skoonma se broers, Oom Toon Muller, het nie van die Botha‟s gehou nie (sy dogter was met „n Botha getroud). Hoe hy uitgevind het dat Oom Botha die Saterdag sou kom weet ek nie, maar „n halfuur voordat Oom Botha sou arriveer toe stop Oom Toon voor die huis. Nadat ons gegroet het, vra Oom Toon: *“Hemel Pop, is jy mal?”* Die volgende oomblik klop Meneer Botha toe aan die voordeur en net toe ek die voordeur oopmaak, stamp „n kar mos Oom Toon se bakkie voor in die straat. Hy het toe na die toneel van die botsing gegaan en ons het hom daardie dag nie weer gesien nie. Ons is toe almal bruilof toe in Johannesburg, maar my swaer Hans was gladnie gelukkig met die spulletjie nie. Later het ons toe ook ontdek dat Hans rede gehad het om ontevrede te wees.

Ses maande later is ons vierde kind, Cornelia, op 3 Desember 1955 gebore. Intussen het my jonger broer Gullie verlof gekry en is fort Escourt- enDurban-toe om vir my suster Anna daar te gaan kuier. Tuis het ons die sinkhuisie in Lazar Laan, waar Cornelia gebore is, verkoop en Barend Straat toe verhuis. My Skoonma Botha (*nee* Stassen) was „n hele rukkie getroud toe Skoonma weer eendag haar pensioen kom haal. Sy het toe drie dae by ons gekuier sodat ek eers vir haar

„n voorskoot en „n klompie kombuisgordyne kon maak. Gullie het haar daarna weer teruggeneem huistoe in Johannesburg.

Vier dae later het my Ma en my suster Fielie vir Skoonma in die huisie by Meneer Botha gaan kuier. Skoonma lê toe ellendig siek en van Meneer Botha was daar niks te sien nie; hy het net eenvoudig soos „n groot speld verdwyn. Hy het alles wat aan haar behoort het in die huis gelos, en my Ma het my dadelik gebel om my van die situasie te verwittig. My Ma het toe Skoonma se goed ingepak en ek het Oom Hefer gevra om haar trek so gou as moontlik te gaan haal. Ons het belowe om haar so gou as moontlik met die kar te kom haal.

My Ma het toe vir haar kos gemaak en haar gehelp om aangetrek te kom. Skoonma wil toe weet hoe ons vir Meneer Botha sou laat weet, maar ek het my Skoonma geantwoord dat sy hom niks hoef te laat weet nie, en dat die eienaars van die huis hom in elk geval gou sou beetkry. Die volgende dag het Skoonma dokter-toe gegaan. Daar is sy deur die dokter met erge galblaasontsteking gediagnoseer en is aangeraai dat die galblaas so gou moontlik verwyder moes word.

Skoonma is op 31 Oktober (op Pietie se verjaardag) 1956 in die Krugersdorpse Hospitaal geopereer en sy is op 13 November (op Hansie se verjaardag) oorlede nadat komplikasies ingetree het. Weer het ons „n bus vir die begrafnis gehuur. Skoonma se Pa, Oupa Muller, wat toe al 99 jaar en 6 maande oud was, was ook by die begrafnis. Al die Mullers was daar en asook baie ander mense van die dorp. Ek het haar baie

gemis. Agt maande later het ons „n steen op die graf laat sit. My swaer Roelf en Piet se suster Louie het Skoonpa se steen op sy graf laat sit.

Aan die einde van 1957 het ons toe weer Carletonville toe verhuis, toe Pietie so 10 jaar en Cornelia al 2 jaar oud was. Dit het beter uitgewerk so vir Piet wat baie op Carletonville en Blyvooruitzicht met klerasie ens. gesmous het. Van Carletonville af het hy toe gereeld op Donderdae of Vrydae in Randgate by die „Elandsvlei Stores" gaan voorraad haal en was dit dus nie meer vir hom nodig om elke dag van Randgate af Carletonville-toe te ry om te gaan smous nie.

My suster Fielie en haar man Wiets Motes het op daardie tydstip met hulle gesin in Eastdene, Blyvooruitzicht gebly, „n tipiese myngemeenskappie. My man se suster Louie en haar man Roelf Jansen het toe „n Inry-teater op Carletonville besit. Inry-teaters was in die laat jare vyftig en gedurende die sestigs baie gewild, daar TV toe nog nie vir Suid-Afrikaners beskore was nie. Roelf en Louie wou egter vreeslik graag in die Kaap gaan woon. Terwyl hulle die Kaap gefynkam het vir blyplek, het Roelf en Louie se dogter, Ria, intussen alleen agtergebly en my man Piet het toe daagliks vir Ria skooltoe en weer huistoe vervoer.

Daarna, terwyl ons in Kaolin Straat in Carletonville gewoon het, het Piet se ouer broer, Hans, se dogter Kathleen vir „n rukkie by ons ingewoon omdat sy in die omgewing as jong onderwyseressie geproef het. Nadat Kathleen vertrek het, het my Ouma Gouws, wie die Anglo-Boere Oorlog se konsentrasiekamp oorleef het, weer vir „n maand by ons kom kuier. Dit was ook in

Kaolin Straat waar klein Corrie (my derde oudste) sy arm gebreek het. Daar het Hansie (my tweede oudste) ook die nare gewoonte gehad om allerhande snorre en snorbaarde met „n balpuntpen op klein Cornelia, my dogter, se rubber-poppe te teken.

Die buitekamer agter in die erf was Cornelia se „pophuis". Toe Hansie niks anders mee gehad het om te doen nie, steek hy toe sommer ook vir die snaaksheid die buitekamer aan die brand. Dit was gedurende hierdie tyd wat my suster Anna se man, Thys Lawrence, sy groot motorongeluk gehad het. Hulle het, nadat hy uit die hospitaal ontslaan is, vir twee maande lank by ons kom woon. Suster Anna was, soos sy verduidelik het, te bang om alleen saam met hom te wees wanneer hy sou „doodgaan".

Op hierdie stadium het klein Corrie ook vir die eerste keer (saam met Pietie en Hansie) by die Danie Theron Gedenkskool begin skoolgaan. Pietie was in Standerd 4 en Hansie in Standerd 2. Van Kaolin Straat af in Carletonville het ons verhuis na Flint Straat toe, net om die hoekie waar die bioskoop, die „Carleton Cinema" was. Hierdie huis het net twee slaapkamers gehad, en Anna en Thys het nog steeds daar gekuier saam met ons en die vier kinders.

My Ouma Gouws kom toe te sterwe op Koksoord waar sy by haar kinders gewoon het, en ek, Anna en klein Cornelia, toe 4 jaar oud, is saam begrafnis toe. Eendag toe ek en klein Cornelia by die huis was, vra my swaer Thys toe vir my of ek kans sal sien om hulle terug te neem Pietermaritzburg toe. Die rede was dat hulle naby die dokter moes wees en indien hy in

Carletonville sou sterf, Anna dalk probleme sou ondervind met die uitbetaling van sekere versekeringsgelde wat dan aan haar verskuldig sou wees.

Die volgende dag vroeg is ons toe met Thys-hulle Johannesburg toe na my Ma toe. Ons het toe al die kinders daar by my Ma gelos vir haar om na te kyk, en gou padkos gepak vir die ent pad Pietermaritzburg toe. Vir Thys het ons „n aparte kospakkie met hoendervleis gepak.

By die hospitaal in Pietermaritzburg aangekom, het ek gou „n rolstoel gaan haal om Thys mee te laat opneem, en daarna gou vir Piet gaan aflaai by Thys se vriende. Op pad terug hospitaal-toe het ons gou by „n kafee aangedoen om koeldrank, tydskrifte asook sigarette vir Anna te kry. Maar, soos die noodlot dit wou hê, het ons nooit weer vir Thys lewendig gesien nie, en, toe ons by die hospitaal arriveer, was die verpleegpersoneel alreeds besig om hom by die saal uit te stoot vir dood.

Anna het een gil gegee en al die koeldrankbottels op die vloer laat val. Maar ek was dankbaar dat hy heengegaan het, aangesien hy in die laaste tyd erg gely het. Sy gebreekte been wou nie gesond word nie, sy maagsweer was feitlik ongeneeslik en daarbenewens was hy „n chroniese asma-lyer.

Vyf maande later, met die geboorte van ons vyfde kind, het ek, soos ek aan Thys belowe het, ons die seuntjie na Thys („Matthys Johannes") vernoem. Ek het ook aan al Thys se susters die baba gaan wys, nes

ek belowe het. Altwee die susters het by die aanskoue van die baba begin huil. Daarna het ek hulle ook nooit weer gesien nie. My swaer Thys Lawrence is „n rukkie later in Johannesburg by die Wespark Begraafplaas veras.

Nadat Thys Lawrence oorlede is, het ons in 1959 terug verhuis na Smuts Straat in Randgate. Daar is my swaer Hans (Piet se ouer broer) se oudste seun, Johan Raymond (ook bekend onder die familie as „Bunty") toe aan bloedkanker oorlede. Hans se kinders was oral in die kontrei bekend as akademiese uitblinkers, en ook as goeie atlete. Petrus Hendrik, Hans se tweede oudste, het byvoorbeeld as skoolseun in matriek (tydens „n byeenkoms in Pretoria) die myl in 4 min. 32 sek. afgelê, „n besondere prestasie vir die tyd indien mens sy ouderdom in aanmerking sou neem.

Hans se oudste seun, Johan Raymond („Bunty") was „n lenige jongman (in die ou taal so 6"4" [193 cm.] in sy sokkies), „n goeie atleet en „n briljante student aan die Potchefstroomse Universiteit. Ten tye van sy ernsige siekte het hy pas „n M. Sc. graad in die Natuurwetenskappe voltooi. Sy dood teen die eiende van 1959 was vir die hele familie „n geweldige skok. In hierdie periode het ons toe ook „n huis in Sauer Straat (Randgate) gekoop en soontoe verhuis. Piet het toe steeds vir „Elandsvlei Stores (Pty) Ltd" gewerk.

In Sauer Straat is ons vyfde kind, Thys, op 14 Maart 1960 gebore. Dit is toe Piet mos besluit om saam met sy vriend, Naas Schutte, na (Suid) Rhodesië (nou Zimbabwe) te gaan om „n goudmyn daar by „n

welgestelde sakevrou van Johannesburg, ene Mevrou Leslie, oor te neem. Naas het eerste en alleen gegaan, maar in die tweede maand, toe die skoolvakansie aanbreek, het Piet en ek met al die kinders behalwe vir ons oudste, Pietie, ook Noord gereis om by Naas in Rhodesië aan te sluit. Pietie, toe so 12 jaar oud, en Naas Schutte se oudste seun, klein Naas, wat so 15 jaar oud was, het toe saam in Naas- hulle se huis in Randgate agtergebly om na hulself om te sien.

In Rhodesië aangekom, was die huis waarin ons moes woon nie te sleg nie, maar as dit van my moes afhang, sou ek net daar en dan wou omdraai. Die tweede aand het ek vir Piet gevra dat ons die volgende dag by die winkels moes kom sodat ons kruidenierswaare kon gaan koop, aangesien die kombuiskaste feitlik leeg was. Hy belowe toe om ons sommer vroeg die volgende oggend in te neem dorp toe.

Die volgende oggend toe ek opstaan was allles in die huis doodstil en eenkant in die sitkamer lê daar toe „n kaalpens vreemdeling op „n kampbed („stretcher") en slaap. Ek sien toe ook dat hy besig was om vir hom „n uitgestrekte haas gaar te maak. Soiets het ek nog nooit vantevore gesien nie en *wat de duiwel maak ek en die kinders hier*, het ek gedink. Ek en Sophia, Naas se vrou, het toe kos gemaak, die kombuis opgeruim en toe vir die mans begin wag, maar dit was duidelik, het ek vir Sophia genoem, dat hulle nie gou sou terugkeer nie. Dit het sowaar gelyk asof ons toe maar self winkel toe moes ry.

Sophia was nie bereid om Naas se ou „skip" (die ou Buick) te bestuur nie, en buitendien was die Buick se windskerm ook gekraak. Die Jood vra toe waarheen ons op pad was, en toe hy hoor dat ons op pad was winkels-toe (to the „shops"), wou hy weet of hy maar kon saamry. Sophia antwoord toe *Ja* ... wat anders kon sy doen? Ek was nooit voorheen „n baie bang tipe mens nie, maar ek het nog nooit so baie gebid soos op daardie dag nie. Ons is berg-af met „n kar waarvan die remme enige oomblik kon ingee ... dit was hel. Op die agterste sitplek was die klomp kinders nogtans doodstil.

Die dorpie Shabani in die destydse Suid-Rhodesië was mooi skoon en ons het eerste by „Checkers" gaan stilhou. Voor ons toe moes terugry wou die Jood egter eers vir Sophia „n geskenk gaan koop, omdat hy baie van haar gehou het. Vir my het hy egter gesê: *"I don"t like you!"* Sophia sê toe: *"Ek wonder wat hy vir my gaan koop?"* Ek antwoord toe: *"Moet net nie jou hoop te hoog op stel nie!"* Daar was byvoorbeeld geen juwelierswinkel in sig nie. Die Jood kom toe uiteindelik daar aangeloop met „n boks „Post Toasties" vir Sophia.

By die huis het ons al die kruideniersware mooi uitgepak en weer opgeruim waar ons omgekrap het. Na „n hele dag se geskreeu, „n gekap en geraas, het die twee mans, Naas en Piet, eers teen 6 nm. die aand by die huis aangedrentel gekom. By hulle het hulle „n stukkie goud gehad omtrent so groot soos die ou Britse silwer sikspens (6^d), net vóór „Daan Desimaal" se desimale dae van die nuwe (Suid-Afrikaanse) Rand-en-sent. Dit was omtrent so groot soos vandag se vyfsent-stuk.

Die volgende aand het ons by die bure gaan eet. Hulle het op die mooiste plaas wat ek nog ooit gesien het gewoon en dit was ook baie gawe mense. Maar, daardie aand het ek vir Piet gesê dat ek van plan was om daardie eerskomende Vrydag sou huistoe gaan. Piet het vreeslik gekerm maar ek het toe in elk geval my goedjies stadigaan begin pak. Die nuus kom toe ook dat daar van die plaaslike vyandiggesinde swartes op pad was na die myn toe en dat ons so gou moontlik moes padgee terug Transvaal toe. Selfs die eienares van die myn, Mevrou. Leslie, moes haar toe terughaas Transvaal toe. Later het Piet en Naas weer teruggegaan Rhodesië toe, maar Piet het toe maar permanent teruggekom en weer vir „Elandsvlei Stores (Pty) Ltd" gaan werk.

Piet besluit toe dat hy Vrystaat-toe wou verhuis. Thysie was toe 2 jaar oud, en ek begin toe ook weer baie siek word. Ek wou gladnie Vrystaat toe trek nie, maar in die Vrystaat het ons toe in Merriespruit (Virginia) gaan woon, en van die een na die ander straat getrek. Ons laaste adres daar was 13 Forest Laan, Merriespruit. Dit was 1961, en Hansie, nou in Standerd 5, was maar selde in die skool, omdat hy so gereeld vir Thysie moes oppas.

Pietie was in Johannesburg, en moes vir die laaste kwartaal van 1961 by sy my Ma in Auckland Park gaan bly sodat hy saam met my sustertjie, Nettie, na Vorentoe Hoërskool, toevallig ook die skool waar ek skoolgegaan het, kon gaan. Hulle was toe albei in Standerd 7 en gelukkig ook in dieselfde register-klas, by Mnr. M. van der Luytgaarden. Dieselfde „Ou Vlekkie" wat vir my skool gegee het, het toe nog steeds

daar skool gegee. Vorentoe Hoërskool was vroëer bekend as „Rossmore High", en ek verstaan dat die naam nou weer „Rossmore" is. Dit is dieselfde skool waarvan so baie leerlinge „n klompie jare gelede in die Westdene-ramp omgekom het toe die bus in water beland het.

Die rede vir Pietie se agterbly by sy Ouma in Transvaal was dat ons ontdek het dat die verskillendce provinsies se leerplanne drasties vanmekaar verskil het en ons wou nie die kans waag om Pietie in die vreemde leerplan in te forseer met net drie maande oor na die eind-eksamens toe nie.

Die laaste vier maande vóór die geboorte van ons sesde kind, Deon, was ek soms ellendig siek en moes ek dikwels in die hospitaal opgeneem word. Piet het toe vir Sus Anna, wie se man Thys onlangs so onverwags in die hospitaal in Pietermaritzburg oorlede is, gevra om te kom kuier met die doel om die gesin met die huishouding by te staan. Hy ontdek toe dat sy (op daardie stadium) gladnie kon koskook en huishou nie, toe stuur Piet haar weer terug huistoe. Gelukkig breek die skoolvalansies toe aan en het my Ma en die twee kinders, my jonger sustertjie Nettie (14 jaar) en broertjie Frikkie (10 jaar), vir ons kom kuier. Op 24 Junie 1962 is ons sesde kind, Deon („Donnie") gebore.

Ek was vier dae tuis van die hospitaal af toe my Ma en die kinders weer terug is Johannesburg met die trein. Ons twee kinders, klein Corrie en Cornelia, is toe ook saam met hulle fort Johannesburg toe, aangesien dit mos skoolvakansie was. Daarna is ek weer hospitaal toe vir „n operasie en was ek weer vir drie

dae opgeneem. In daardie dleselfde jaar is ons toe ook weer terug Randgate toe, maar Pietie, wat toe 14 jaar oud was, moes toe weer hierdie keer ter wille van die Vrystaatse skool-leerplan agterbly, waar hy by goeie vriende van ons, Tony en Rose Hale, geloseer het vir die laaste kwartaal van 1962, aangesien hy toe eers die Standerd 8 eksamens by die Hoërskool Hentie Cilliers in Virginia moes voltooi.

Tony en Rose Hale was die ouers van vier oulike kinders, nl. twee dogters Laura en Sylvia, en twee seuns, nl. Alan en klein Anthony, die baba. Pietie en Alan het „n kamer gedeel, maar Pietie was so vier jaar ouer as Alan, wat omtrent tien jaar oud was. Alan het later bekend geword as „n lid van die berugte Stander-bende, maar hy is jare later gerehabiliteer, en is vandag nogal „n gewilde motiveringspreker. Die bendeleier, die voormalige polisieman André Stander, is later as voortvlugtige deur die Amerikaanse polisie in Fort Lauderdale (VSA) doodgeskiet.

Terwyl Pietie in 1962 in Virginia by die Hale-gesin agtergebly het om skool daar klaar te maak, het ons in Botha Straat in Randgate gaan woon. Op daardie tydstip het my broer Gullie-hulle ook weer by ons kom woon, aangesien hy besig was om te help met die bou van die nuwe brug op Bank, die plek wat later „n spookdorp sou word. Al wat vandag nog op Bank sigbaar is is die ruïnes van die klein moskee waar die Indiërs verbonde aan die Islam-geloof, wat destyds daar gewoon en besigheid gedoen het, aanbid het. Dit word vertel dat moslems nooit „n moskee wat ontruim word afbreek nie.

My broer Gullie se vrou, Louise, se Oupa is toe oorlede in daardie en sy baas, ene Mnr. Nankin van die firma „Blackwood & Hodge", het „n vliegtuig gestuur om hulle op Robinson, naby Randfontein, te kom oplaai vir die begrafnis. Die twee kinders, Moekie en Gullietjie, was altwee mooi aangetrek en Louise was geklee in deftige swart pakkie met „n wit bloes, bypassende skoene en „n blinkleer, swart handsak.

Ek het haar na die Robinson Lughawe toe geneem. Daar gearriveer, kon Lousie egter nie in die vliegtuig klim nie, aangesien haar romp te styf gepas het. Ons was toe genoodsaak om die loods te vra om so entjie te gaan stap, en ek het toe haar romp tot by haar middellyf opgelig sodat sy in die vliegtuig kon klim. Die loods het lekker vir ons gelag.

Gelukkig het Piet weer suksesvol begin smous en ek het ook weer ons huis in Barend Straat teruggekry. Toe my jongste, Donnie (Deon) twee jaar oud was, toe verhuis ons weer terug Carletonville toe. Ons verkoop toe die huis in Barend Straat aan Flip Hefer, die seun van die Oom Hefer wat altyd so gewillig was ons trekke te ry. Flip Hefer was met Kathleen, Piet se broerskind en die suster van Bunty, wie vroëer gedurende 1959 aan bloedkanker oorlede is, getroud.

In Carletonville het ons „n huis gehuur in Hornstone Straat in „n ouerige deel van die dorp, naby die winkels van die „oudorp", en net so klipgooi van die „Carleton Cinema" af waar die kinders, veral my oudste, Pietie, baie tyd deurgebring het. Hulle het dan gewoonlik by die huis aangekom met stories oor Gary Cooper en Ingrid Bergman in *For Whom The Bell Tolls*; Spencer

Tracy in *The Old Man And The Sea* en Cary Grant en Deborah Kerr in *An Affair To Remember.* Ander bekende films van die tyd *was* Doris Day in *The Pyjama Game* en *Teacher"s Pet; The Man With The Golden Arm* met Frank Sinatra en die „matinee" reeks van die „cowboy" Charles Starrett.

Klein Pietie, toe so 10 jaar oud, het vir maande met sy kamerlig aangeskakel geslaap nadat hy „onwettig" ingeglip het by Christopher Lee se 1958 film, *Dracula,* wat „n 4-12 jaar ouderdomsperk op gehad het. Gedurende die dag het hy gewoonlik uit pure vrees vir die vampier uit Transylvania agteruit by die huis se deure in-en-uit geloop.

Maar, ek was nie baie gelukkig in die Hornstone Straat huis nie. Die Dolomiet-geteisterde dorp was baie bekend vir sy sinkgate en die nuwe huis het vir my glad te skuins gestaan. Nietemin, Piet het toe sy groot algemene handelaarswinkel („Diamond Street Shopping Centre") daar om die hoek oopgemaak. Na twee maande in daardie skewe huis (mens het van die slaapkamers af op die blokkiesvloere afdraende afgeskaats na die badkamer toe).

Piet koop toe „n huis in Andries Straat, Oberholzer, „n buurt in Carletonville. In 1966 is Piet se broer Hans se tweede oudste, Petrus Hendrik, toe nes sy ouboet, ook oorlede aan bloedkanker. Dit was „n vinnige siekbed van ongeveer twee weke. Alice, Hendrik se Ma, het verskriklik getreur, maar deur al die lyding en verdriet het sy nogtans steeds vir my „n ware dame gebly. Jim Reeves, wie self „n paar jaar vantevore in „n vliegtuig-ongeluk (1964) omgekom het, se

melankoliese *Distant Drums* het toe ook nog gereeld op die radio gespeel.

In die tyd het my suster Anna met Johan Zietsman getrou en weer in Durban gaan bly. Piet se suster Louie het met haar gesin Suidkus toe verhuis en in Winkelspruit gaan woon. My susterjie Nettie (Jeanette) was toe al getroud en het saam met haar man, Deon Britz, in „n karavaan op Amanzimtoti gewoon.

Piet koop toe die huis in Vlei Straat, effens nader aan die winkel in die oudorp. In Vlei Straat moes ek weer gaan vir „n operasie. Ek moes vier dae in die hospitaal in Johannesburg bly voordat ek kon huistoe kom. In die tyd het Piet, asook Pietie en sy vriend, Gerrit Visser, een middag vir my in die hospitaal kom kuier, en daarna het hulle drie saam *Fidler On The Roof* (met Chaim Topol) gaan kyk.

Toe ek die dag tuiskom het Piet vir my „n smaaklike middagete gemaak, maar ons verneem toe intussen dat my broer Corrie, wie as klein seuntjie witseerkeel gehad het, skielik hartprobleme begin ontwikkel het. Sy vrou, Meisie, het toe gebel en laat weet dat hy vir „n hartoperasie moes gaan, in Johannesburg. Ek het baie gehuil by die aanhoor van die nuus, en aan die kinders gedink, asook aan my Pa wat self so ellendig siek was. Selfs my Ma moes elke dag „n hartpil onder haar tong sit, en dan nog boonop was my jongste broertjie Frikkie, wat toe by ons kom woon het en na wie ek belowe het om te kyk, ook nog daar om na om te sien.

Die dag toe my broer Corrie geopereer is, het ons na my Ma op Westonaria, waar hulle by Corrie en sy

gesin ingewoon het, gegaan. My Pa het gevra dat ons die hospitaal moet gaan bel vir nuus, maar hulle antwoord was dat Corrie nog in die teater was. My Ma was baie stil, maar my Pa het gefluister, *"Fiel, ons seun is reeds dood!"* Toe my skoonsuster Meisie, Corrie se vrou, die hospitaal weer bel, was Corrie reeds dood. Ons het Meisie na die „Florence Nightingale" hospitaal geneem waar ons vir die nog louwarm liggaam gaan totsiens sê het. Meisie het toe sy klere en die res van sy persoonlike goedjies huistoe gebring. Corrie het „n verstommende groot begrafnis op Westonaria gehad, en vyf maande later is my Pa ook op 28 Januarie 1970 oorlede.

Net voor sy dood in 1970 het my Pa eendag laat weet dat hy my graag wou sien. Ek het alleen die kamer, waar my Pa siek gelê het, binnegegaan, maar vir Piet gevra om maar naby die kamer se deur te vertoef. Daar, in die kamer op sy siekbed, het my Pa my om vergifnis gevra vir die drag slae wat hy my jare gelede gegee het toe ek nog „n jong meisie was. *"Jy weet, Plooi",* het hy gesê. *"Ek kon nooit rus kry oor daardie voorval nie en kon nooit verstaan dat dat ek my model-dogter so kon slaan nie. Vergewe my asseblief tog weer!"*

Ek het geantwoord: *"Dad, ek het regtig lank reeds daarvan vergeet."* Hy vra my toe om asseblief na my broer Frikkie te kyk totdat hy die dag sou huis verlaat om te trou, en dat ek my Ma na my toe moes neem om by ons te kom woon. Hy het my ook laat belowe dat ek met haar geld sou werk. Ek het toe bevestig dat ek haar wel gereeld Bank toe sou neem, maar dat sy liefs self met haar geld moes werk.

Die volgende dag het ek, presies soos my Pa verder verduidelik het, R3000 by die Bank gaan trek. Daarvan het ek R2000 vir Piet gegee om vir Frikkie „n kar (so oulike geel „Volksie") te gaan koop en die res van die geld het ek vir my Ma gegee. My Pa het in sy lewe nooit aan skuldmaak geglo nie, en het deurgaans op „n kontant-basis gelewe. Soos „n tipiese Ouma het my Ma ons kinders natuurlik baie bederf en gereeld vir my seun Corrie (wat na sy oorlede Oom vernoem was) in die hangkas weggesteek wanneer hy stokkiesgedraai het.

My Ma het daarna ook Durban-toe gegaan om bietjie by my suster Anna te gaan kuier. My Pa was toe alreeds op 24 Januarie 1970 in die Robinson Hospitaal op Randfontein oorlede. Op my verjaardag, die 10de Junie, ontvang ek toe ook „n verjaardagkaartjie van my Ma af, maar wat my suster Anna geskryf het. Ek het dit steeds in my besit.

Toe my Ma later tuiskom van Durban af, het my broertjie Frikkie toe alreeds by ons begin inwoon en het self saam met Piet gegaan om vir hom „n Volksie te gaan kies, die mooi geel „Kewertjie". Alhoewel dit winter was en baie koud, wou my Ma graag Krugersdorp toe ry om vir Tant Bet te gaan kuier, en die klomp seuns het haar toe deurgevat met die nuwe Volksie. Hulle het eers laat daardie aand teruggekeer. Piet het haar ernstig betig om met so swak hart so laat in die aand nog op die Rand rond te ry, en die volgende dag was sy baie siek ... kon gladnie eers opstaan nie.

Ek het ons huisdokter gebel wie haar toe in die ou „Paardekraal" (Krugersdorp) hospitaal laat opneem het. Ons het saamgery soontoe maar weer later teruggekom huistoe in Carletonville. Laat daardie nag is ons egter weer hospitaal toe in Krugersdorp, en ek en broertjie Frikkie het eerste ingegaan om my Ma te sien (die saaldeur het oopgestaan). Haar oë was effens oop, en die verpleegster aan diens vra toe wie *Frikkie* is, waarop ek toe antwoord, *"My jongste boetie"*, terwyl ek toe na Frikkie beduie.

Die verpleegster vra toe dat hy vireers die vertrek verlaat omdat sy teenwoordigheid my Ma „pla". Kort daarna is my Ma oorlede. Dit was op 4 Julie 1973, op my (ander) jonger broer Martin, wie in Durban gewoon het, se verjaardag. My jongste twee, Deon en Thys, het ook toe al begin skoolgaan op Carletonville.

Piet het toe alreeds ook „n winkel op Vanderbijlpark oopgemaak gehad, en ná my Ma se dood het ons toe besluit om Vanderbijlpark toe te verhuis. Ons het „n huis in Livingstone Boulevard gekoop, naby die dorp se sakesentrum en ook lekker naby aan die nuwe winkel. Na twee jaar in daardie straat het my bors my begin pla en het toe „n dokter in Vereeniging gaan spreek wat my met asma gediagnoseer het. My huisdokter het my toe na „n spesialis verwys wat my deeglik getoets het en onderneem het om my 91% gesond te maak, wat toe ook gebeur het. Ek was maar skrikkerig oor die hele aangeleentheid maar vandag op die ouderdom van 83 jaar het ek méér las van my arthritis as van my asma.

Ek wou nooit regtig in ons winkels werk nie maar het altyd saam met Piet gery wanneer hy Johannesburg toe moes gaan vir besigheid. Hy het naderhand „n horde takke gehad, bv. Vanderbijlpark (2); Vereeniging; Fochville; Sasolburg; Kroonstad; Welkom; Potchefstroom; Bloemfontein ens. Piet het ook die gewoonte gehad om ons een maal per maand na „n goeie rolprent in Johannesburg toe te neem en ook „n bietjie te gaan uiteet. Laat in die aand het hy dan weer al die pad terugbestuur en nooit eers gekla nie.

In Vanderbijlpark Piet het toe saam met die seuns en met Gerrit, klein Piet se vriend, vir die eerste keer gereeld begin gholf speel ... niks ernstig nie, net gewone, vriendskaplike gholf.

Terwyl ons in Livingstone Boulevard in Vanderbijlpark gewoon het, is een van my broers, Gullie, in sy huis op Witbank vermoor. My kinders moes ons oor die radio laat roep om ons die nuus mee te deel, aangesien ek en Piet saam met Anna en haar man, Johan Zietsman, toe op die pad op toer was in Oos-Transvaal. Ons is toe begrafnis toe, en Tant Joelie Munro het ook saamgegaan.

Ons besluit toe om „n mooi groot huis in Danie Theron Straat (steeds Vanderbijlpark) te koop. In daardie huis het my oudste, Piet, toe net op troue gestaan en my seun Thys was op Universiteit. Die twee seuns, Hans en Corrie, was ook getroud en het van my man se winkels bestuur. Klein Piet het ná hulle troue op Bloemfontein „n winkel van my man daar gaan bestuur.

Intussen het my suster Anna weer vir my kom kuier en saam met my, a.g.v. my asma, in „n hotel op Fochville gaan bly, aangesien die lugbesoedeling in Vanderbijlaprk nie in my guns gewerk het nie. Ek het besluit dat my drie jonger kinders in „n woonstel in Vanderbijlpark moes gaan woon en dat ek „n huis in Fochville sou huur. Piet-hulle het dan elke aand huistoe gekeer. Daar het ek egter in elk geval so baie asma-aanvalle gekry dat ek besluit het om terug te gaan Vanderbijlpark toe.

Ons verkoop toe die huis in Danie Theron Straat en koop „n ander huis in Stuttaford Straat, steeds in Vanderbijlaprk. My dogter en die ander seuns het toe almal teruggetrek huistoe, d.w.s. die huis in Stuttaford Straat. Ons het toe die huis in Stuttaford Straat ook verkoop en vir twee maande lank in my dogter Cornelia se huis in Schumann Straat gaan woon, omdat die huis in Moerdyk Straat, wat nog steeds in aanbou was, toe nog nie gereed was vir ons om in te trek nie. Die huis in Schumann Straat het eers aan my seun Hans behoort, maar hy het het dit vir „n nuwe sitkamerstel verruil met my dogter Cornelia.

In Moerdyk Straat het ons amper twee jaar gewoon, toe weer die huis verkoop vir „n huis in Viola Laan, wat toe amper klaar gebou was. In daardie huis het ons ook twee jaar gebly toe ons „n leë erf in George Grey Straat koop. Op daardie erf het ons „n drieslaapkamer- huis kontant gebou. Dit was kwansuis ons „aftree-huis".

In hierdie huis het my jongste, Deon, ook alreeds begin werk. Ons koop toe „n erf in Irma Stern Straat om vir Johan en Anna „n huis te laat bou, waar hulle

twee nie lank gewoon het toe Anna ook skielik, in die ouderdom van 56 jaar, dood is. Johan Zietsman is weer gertroud en het met sy nuwe vrou in Heilbron gaan woon.

Na Anna se dood het Piet ons „aftree-huis" in George Grey Straat verkoop waarna ons „n huis in Bernard Price Straat gekoop het. Dit het „n swembad gehad. My suster Nettie en haar man het toe alreeds op Vanderbijlpark gewoon waar sy en haar man ook by Yskor werksaam was. Sy was „n data-tikster. Haar seun, Deon, was nog op skool. Sy was baie lief vir huisskoonmaak. Sy het dikwels vir my gehelp om huis skoon te maak, bv. eenkeer toe ons nog in George Grey gewoon het en ons bediende die dag nie opgedaag het nie, het sy die kombuisvloer geskrop terwyl ek besig was in die badkamer. Ek was woedend, maar het dit tog ook waardeer.

In daardie huis het ek selde na ons winkel toe gegaan. Terwyl my dogter Cornelia eendag in die winkel doenig was, het Nettie by haar gaan kuier en vir haar vertel dat een van haar niere a.g.v. kanker verwyder moes word. Twee weke na die operasie het sy vir ons kom vertel dat bloedtoetse getoon het dat dit onwaarskynlik was dat die kanker sou versprei. By die huis het ek egter Hubert O. Swarthout MD Ph.D se boek, *Moderne Mediese Raadgewer* (soos in Afrikaans vertaal deur J.L. Milford F.W. van Horsten, sorgvuldig gaan lees). Hulle kommentaar was: *"Nierkanker is baie moeilik om vroegtydig te diagnoseer vir „n operasie om van enige nut te wees."*

Ek was nie gerus oor die aangeleentheid nie en het haar gereeld gaan besoek. Sy moes ook gereeld hospitaal toe geneem word vir behandeling. Ons besluit toe om my Oupa Gouws se graf in Lichtenburg te gaan verf en ek het sommer vir Nettie en Tant Joelie ook saamgeneem. Hulle was baie opgewonde om in Cornelia se nuwe motor te ry, en Nettie het ook baie goed gevoel en selfs gehelp bestuur. Op Lichtenburg het ons in „n hotel oorgebly en Tant Joelie het ook sommer die geleentheid benut om by twee van haar broers se kinders aan te doen. Nadat ons my Oupa se graf geverf het, het Tant Joelie ook „n mooi ruiker op die graf gesit.

Op my Oupa Scheepers se graf was dit baie netjies en skoon, met „n mooi ketting daar rondom gespan. Ons het ook „n ruiker op sy graf geplaas. Generaal de la Rey se graf was ook daar naby, alhoewel hy baie ouer was as my twee Oupas.

Twee maande later het my seun Deon en skoondogter Retha ons saamgeneem Durban toe met vakansie. Piet het toe net weer „n nuwe kar gekoop. Op pad soontoe was ons byna in „n groot ongeluk. Alhoewel Cornelia vir ons „n eenslaapkamer-woonstel bespreek het, was dit, toe ons daar arriveer, toe darem „n tweeslaapkamer-woonstel. Daar kon ons toe ook op die balkon sit. Ons het baie gaan stap en geëet. Nettie het my tweekeer gevra om bietjie regte ou boerekos te kook.

Langsaan was daar „n gebou wat mense besig was om af te breek. Ons was nog besig om te eet toe ons „n harde slag hoor en sien hoe die klippies op die

balkon opspat. Nettie staan toe op om te gaan kyk, en toe hoor ons die harde slag. Die hele muur waar die beddens in ons een slaapkamer gestaan het was weg. Weer het die Here ons lewens gespaar. Ironies genoeg, het Nettie egter daardie dag gesterf, sou dit haar in die toekoms baie pyn en lyding gespaar het.

Piet het ons toe weer in Durban kom haal, en by die huis aangekom moes Nettie kort-kort teruggeneem word hospitaal toe. Een dag toe „n verpleegster my vra om Nettie te help bad was sy so swak dat sy gladnie in die bad kon kom nie maar het net op die grond inmekaar gesak waar ons toe maar net daar saam gesit en huil het. Sy wou ook graag ons suster Fielie sien en Deon, haar man, het toe gery om vir Fielie te gaan haal. Deon het ook gery om vir Nettie „n klompie benodigdhede by die winkel te gaan koop. Teen hierdie tyd was sy alreeds in so „n toestand dat ons nie eers aan haar hand kon vat nie.

Ek onthou dat haar man Deon eenkeer vir Nettie een oggend by my kom aflaai het maar teen 8-uur die aand was Deon nog nie terug van die werk af nie (hy moes haar alreeds om 4-uur die middag kom haal het). Daardie aand het ek vir haar warm nagklere aangetrek en Piet het ook voorgestel dat ons haar in „n kombers toedraai. Sy het toe so tussen ons gelê. Terwyl Piet vir ons gaan „Milo‟ maak het, het sy aan die slaap geraak. Eers 11-uur daardie aand het Nettie se man, Deon, uiteindelik aan die voordeur geklop.

Piet het toe vir Deon gesê dat ons liewer vir Nettie die volgende dag huistoe sou bring aangesien dit nie wenslik sou wees om Nettie so laat in die aand in die

koue te laat uitgaan om saam met hom huis toe te ry nie.

Op die laaste oggend van haar lewe kon sy nog bietjie praat. Ek het vir my seun Hans gaan bel terwyl Fielie vir haarself gaan sigarette koop het. Voordat Hans egter ge-arriveer het, het my dogter Cornelia vir ons skoon klere gebring, en Nettie kon toe nog my dogter herken. Sy het nog eenkeer in my rigting gekyk en toe Hans by die kamer instap het sy haar laaste asem uitgeblaas.

Op daardie stadium het my seun Deon ook al trouplanne gehad en, Cornelia het pas by die firma „Dorbyl" begin werk. Ons het almal saam in „n huurhuis in Piet Retief Boulevard (Vanderbijlpark) ingetrek. Ons eie huis moes ons spotgoedkoop laat gaan nadat ons besigheid toegemaak het. My seun Hans het daar ook toe saam met ons ingetrek. Ek en Cornelia het toe twee huise in Bonané laat bou. Die huis in Van Schalkwyk Straat 20 het Thys en Elma later gekoop, en ons het die huis in Antjie Krog Straat verkoop om vir Deon, my seun, „n kar te koop sodra hy sou klaarmaak met sy diensplig.

Ons het later ook in Smarag Straat „n huis laat bou waar ons self gaan woon het. Cornelia het „n woonstel naby die biblioteek gekoop waar ons toe saam tien jaar lank gewoon het, en tydens hierdie periode is my suster Fielie en my broertjie Frikkie ook oorlede. Toe koop Cornelia „n groot huis in 27 Jeffrey Farnol Straat, waar sy en ons kleindogter Sanette met haar twee kinders gewoon het.

Sy het toe „n Ouma-woonstel („Granny Flat") aangebou sodat ek en Piet ook daar kon gaan bly. Nadat ons „n jaar in die woonstel gebly het, is my broer Martin, wat in Durban gewoon het, ook oorlede. Ons woon al tien jaar hier, maar my man Piet is op 6 Januarie vanjaar (2013) in die ouderdom van 89 jaar oorlede, so ek is nou alleen in die woonstelletjie. Ek mis ons stryery baie maar moet erken dat ons nooit kwaad gaan slaap het nie! In die 66 jaar wat ons getroud was het hy my altyd met eerbied en respek behandel. My lewe was soos „n storieboek, want ek was nooit verveeld nie omdat ek altyd te besig was om in te pak om te verhuis.

Vanderbijlpark
Desember 2013.